# Verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik: ’n Pastorale studie

**DENISE SWART**
(BA Teologie, BD Teologie)
Studente nr: 13129236

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereiste vir die graad Magister Artium: (Pastoraal) in die Fakulteit Teologie aan die Noordwes - Universiteit

Studieleier: Dr FG Minnie

Potchefstroomkampus
November 2011

## VOORWOORD

Hierdie studie sal nie tot sy reg kom indien die volgende persone en instansies nie genoegsame erkenning kry nie:

- My hemelse Vader vir die genade, talente en geleenthede om hierdie studie te kon aanpak en voltooi.
- My studieleier, Dr FG Minnie. Dankie vir die geduld, ondersteuning en begrip. Ek waardeer u bydrae ten spyte van u besige program.
- My familie, in besonder my man, Kobus Swart , en my ouers. Dankie vir julle bemoediging.
- My persoonlike assisente, Marina Opperman en Erna Le Grange. Opregte dank vir julle ondersteuning, en al die deurlees werk en navorsing op die internet.
- Die respondente wat bereid was om die vraelyste te voltooi. Julle eerlike opinie en tyd het verseker ‘n bydrae tot die M-graad studie gelewer.
- Aan die statistiese dienste van die Noordwes-Universiteit, in besonder Dr Ellis. Dankie vir die raad en hantering van die navorsingsvraelyste.
- Die personeel van Teologiese Biblioteek. U professionele dienste en hulpvaardigheid word waardeer.
- NG Gemeente Klerksdorp Flimieda vir elkeen se ondersteuning.

Denise Swart

November 2011

## OPSOMMING

Die huwelik is 'n instelling wat bedreig word deur toenemende aantal egskeidings. Dit is verder duidelik dat daar nie meer veel respek oor is vir die onontbindbare karakter van die huwelik as instelling van God nie, maar die vestiging van egskeiding as instelling binne die maatskappy, het eerder realiteit geword.

Die troudag is die inlywing tot 'n nuwe tydperk van die lewe. Tydens hierdie tydperk word daar aanpassings gemaak, waarop die pare nie voorbereid is nie, waarin hulle anders moet leer dink en doen. Dit vra dikwels om die werklikheid in die self en die lewensmaat te erken en te konfronteer. Die dae na huweliksbevestiging is onafwendbaar gevul met radikale veranderinge wat die huwelik meebring. Die ontdekking word gemaak dat die huwelik eise stel wat nooit verwag is nie. Daarom dat huwelikspare rigtingwysers nodig het om op koers te bly en die bestemming van 'n gelukkige huwelik suksesvol te bereik.

Met behulp van die nodige pastorale riglyne, is dit moontlik vir die pastorale berader om voornemende huwelikspare te begelei met verhoudingsbou as 'n noodsaaklike komponent ter voorbereiding van die huwelik.

Deuteronomium 24:1-4 asook Efesiërs 5:21-33 is goeie voorbeelde van hoe voornemende pare pastoraal begelei kan word tot huweliksvoorbereiding en die betekenis van die huwelik in die Skrif.

Die pastorale berading aan voornemende huwelikspare geskied deur 'n berader, wat as geroepene van God, sekere Skrifgefundeerde vaardighede gebruik in die beradingsproses. Die pastorale berader skep tydens die beradingsproses 'n vertrouensverhouding volgens die korrekte pastorale grondhouding, hy is bereid om empaties te luister, gebruik die Woord van God as rigsnoer in die pastorale beradingsproses en wil verandering by die voornemende huwelikspaar teweeg bring deur gesprek, Skriflesing en gebed.

’n Theos-gerigte model word voorgestel as riglyn om deur pastorale beraders aangewend te word deur gebruik te maak van elemente soos die bou van ’n verhouding, ontleding van gegewens, onderhoudvoering, geleentheid te skep om God te ontmoet, die voornemende huwelikspaar te onderrig en te ondersteun. Hierdie model is gebou op die sentrale uitgangspunte wat inhou; ‘n pastorale grondlegging, sprititualiteit van die pastorale berader en voornemende huwelikspaar, ’n beradingsgesprek gebaseer op die Skrif, gebruik van gebed in die proses en riglyne gebaseer op kennis van huweliksvoorbereiding aan voornemende huwelikspare.

## SUMMARY

Due to an increase of divorcement the marriage as institute is threatened. There is no more respect left for the dissolving character of the marriage as the holy institute of God, where divorce becomes a reality.

The wedding day is the introduction to a new era of life. During this time adjustments need to be made whilst the couple is not prepared for it. They need to start to think and act differently and acknowledge the reality of the partner in the new situation. After the induction service of the marriage adjustments need to be made. They realize the demands of the marriage that was unexpected. This is the reason why marriage preparation is a necessity.

Marriage preparation makes it possible for the counsellor to guide the couple with relationship building to have a fulfilling relationship.

Deuteronomy 24:1-4 as well as Ephesians 5:21-33 are excellent examples of ways to guide premarital couples to understand the meaning of marriage according to the Bible. Biblical counselling of premarital guidance is carried out by a trained counsellor, a called servant of God, using Scriptural founded pastoral skills in pastoral relationships, he is ready to listen, uses the Word of God as the source of knowledge in the counselling process and strives to bring change by means of prayer. The aim is to lead the premarital couple towards growth in belief in God in order to solve their adjustments through faith.

A councelling model, namely the Theos – guided model, can be used by Biblical counsellors in order to counsel the premarital couple. The phases in the model, are; the building of relationships, interpreting data, conference, Godward focus, providing instructions and support. Five central pastoral themes were used as foundation for practical theoretical guidelines in this model, namely; pastoral principle, the pastor as

counsellor, spirituality, a counselling model for pastoral practice, the use of the Scripture and prayer.

## INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1- INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Voorgestelde titel | 1 |
| 1.1 | Sleutelterme (Key terms) | 1 |
| 1.2 | Oriëntering en probleemstelling | 1 |
| 1.2.1 | Omskrywing van sleutelbegrippe | 1 |
| 1.2.1.1 | Verhoudingsbou | 1 |
| 1.2.1.2 | Pastorale riglyne | 2 |
| 1.2.1.3 | Voorbereiding tot die huwelik | 2 |
| 1.3 | Probleemstelling | 3 |
| 1.4 | Navorsingsvraag | 5 |
| 1.4.1 | Die oorkoepelende navorsingsvraag | 5 |
| 1.4.2 | Vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei | 5 |
| 1.5 | Doelstellings en doelwitte | 5 |
| 1.5.1 | Doelstellings | 5 |
| 1.5.2 | Doelwitte | 6 |
| 1.6. | Sentrale teoretiese argument | 6 |

1.7 Metodologie 6

1.7.1 Normatiewe perspektief 7

1.7.2 Interpretiewe perspektief 8

1.7.3 Empiriese-deskriptiewe perspektief 9

1.7.4 Pragmatiese perspektief 10

1.8 Voorlopige hoofstukindeling 10

HOOFSTUK 2- NORMATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK

EKSEGESE VAN ENKELE TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

2.1 Inleiding 13

2.1.2 Praktiese Teologie 13

2.2 Oogmerke van hierdie hoofstuk 14

2.3 Eksegetiese verstaan van Deuteronomium 24:1-4 en Efesiërs 5:21-33 14

2.3.1 'n Ou-Testamentiese Perspektief: Deuteronomium 24:1-4 15

2.3.1.1 Die keuse van die perikoop 15

2.3.1.2 Die plek van die perikoop in die boek en die Bybel 16

2.3.1.2.1 Die vasstelling van die boek in die Bybel 16

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.1.2.2 | Die plek van die perikoop in die boek | 17 |
| 2.3.1.3 | Die genre van die perikoop en van die boek | 18 |
| 2.3.1.4 | Die vertaling van die perikoop | 19 |
| 2.3.1.5 | Die bepaling van die kernvers | 19 |
| 2.3.1.6 | Die bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop | 20 |
| 2.3.1.7 | Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die lesers gestel het | 21 |
| 2.3.1.8 | Woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop | 21 |
| 2.3.1.9 | Die openbaring van God in die perikoop | 25 |
| 2.3.1.10 | Die verlossingsfeite in die perikoop en oproepe op grond daarvan | 26 |
| 2.3.1.11 | Die kommunikasiedoel van die perikoop | 27 |
| 2.3.1.12 | Toepassing van die eksegese en die geloofskeuses | 27 |
| 2.3.2 | Nuwe Testamentiese Perspektief: Efesiërs 5:21-33 | 28 |
| 2.3.2.1 | Die keuse van die perikoop | 28 |
| 2.3.2.2 | Die plek van die perikoop in die boek en die Bybel | 29 |
| 2.3.2.2.1 | Die vasstelling van die boek in die Bybel | 29 |
| 2.3.2.2.2 | Die plek van die perikoop in die boek | 30 |
| 2.3.2.3 | Die genre van die perikoop en van die boek | 31 |
| 2.3.2.4 | Die vertaling van die perikoop | 31 |
| 2.3.2.5 | Die bepaling van die kernvers | 32 |
| 2.3.2.6 | Die bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop | 33 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.2.7 | Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die lesers gestel het | 33 |
| 2.3.2.8 | Woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop | 34 |
| 2.3.2.9 | Die openbaring van God in die perikoop | 40 |
| 2.3.2.10 | Die verlossingsfeite in die perikoop en oproepe | 41 |
| 2.3.2.11 | Die kommunikasiedoel van die perikoop | 42 |
| 2.3.2.12 | Toepassing van die eksegese en die geloofskeuses | 42 |
| 2.4 | Mensbeskouing, Skrifbeskouing en Godbeskouing | 43 |
| 2.4.1 | Mensbeskouing | 43 |
| 2.4.1.1 | Die mens as Eenheidswese | 44 |
| 2.4.1.2 | Die mens as Beelddraende wese | 44 |
| 2.4.1.3 | Die mens as Verhoudingswese | 45 |
| 2.4.1.4 | Die mens as Tweegeslagtelike wese | 45 |
| 2.4.1.5 | Die mens as Toekomswese | 45 |
| 2.4.2 | Skrifbeskouing | 46 |
| 2.4.2.1 | Die gesag van die Bybel | 46 |
| 2.4.2.2 | Die betroubaarheid van die Bybel | 46 |
| 2.4.2.3 | Die genoegsaamheid van die Bybel | 47 |
| 2.4.2.4 | Die duidelikheid van die Bybel | 47 |
| 2.4.3 | Godsbeskouing | 48 |
| 2.4.3.1 | God is Drie-Enig | 48 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.3.2 | God is ewig | 48 |
| 2.4.3.3 | God is onbegryplik | 49 |
| 2.4.3.4 | God is onveranderlik | 49 |
| 2.4.3.5 | God is oneindig | 49 |
| 2.4.3.6 | God is almagtig | 50 |
| 2.4.3.7 | God is wys | 50 |
| 2.4.3.8 | God is regverdig | 50 |
| 2.4.3.9 | God is goed | 51 |
| 2.4.3.10 | God is heilig | 51 |
| 2.5. | Pastorale benadering | 52 |

HOOFSTUK 3- INTERPRATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT IN HUWELIKSVOORBEREIDING MET TOELIGTING VANUIT DIE DEELWETENSKAPPE

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 53 |
| 3.2 | Die oogmerke van hierdie hoofstuk | 54 |
| 3.3 | Uitbreiding van die probleemstelling | 54 |
| 3.4 | Definisies | 55 |
| 3.4.1 | Huweliksvoorbereiding | 55 |
| 3.4.2 | Verhoudingsbou | 58 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4.3 | Faktore ten opsigte van huweliksvoorbereiding | 58 |
| 3.4.3.1 | Seksuele intimiteit | 59 |
| 3.4.3.2 | Kommunikasie | 61 |
| 3.4.3.3 | Konflikhantering | 63 |
| 3.4.3.3.1 | Die gevolge van verskille, wrywing en botsing | 65 |
| 3.4.3.3.2 | Beskrywing van destruktiewe style van konflikhantering | 66 |
| 3.4.3.3.3 | Beskrywing van konstruktiewe style van konflikhantering | 67 |
| 3.4.3.3.4 | Praktiese wenke en riglyne tot konflikhantering | 67 |
| 3.4.3.4 | Finansiële bestuur | 69 |
| 3.4.3.4.1 | Kategorieë ten opsigte van finansies | 69 |
| 3.4.3.5 | Huweliksmotiewe | 70 |
| 3.4.3.5.1 | Motiewe vir huweliksluiting | 70 |
| 3.4.3.6. | Godsdienstige ingesteldheid | 71 |
| 3.4.3.6.1 | Faktore wat geloofsgroei kan beperk | 72 |
| 3.4.3.7. | Rolverdeling | 73 |
| 3.4.3.8. | Familiebetrokkenheid ten opsigte van ouerskap | 74 |
| 3.4.3.9. | Persoonlikheidsaangeleenthede | 74 |
| 3.4.3.10 | Gesin van herkoms | 75 |
| 3.4.4 | Emosionele intelligensie | 76 |
| 3.5 | Die resultaat van navorsing deur ander deel-wetenskappe | 79 |

HOOFSTUK 4- DIE RESULTATE VAN EMPIRIESE NAVORSING OOR VERHOUDINGSBOU IN HUWELIKSVOORBEREIDING DEUR ANDER DEEL-WETENSKAPPE


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 82 |
| 4.2.1 | Die oogmerke van hierdie hoofstuk | 82 |
| 4.2.2 | Uitbreiding van die probleemstelling | 83 |
| 4.3 | Evaluering van resultate van ’n empiriese ondersoek | 86 |
| 4.4 | Kwaltitiewe navorsingsproses | 87 |
| 4.5 | Inligting van die steekproef | 92 |
| 4.5.1 | Persoonlike inligting | 89 |
| 4.5.1.1 | Ouderdom | 89 |
| 4.5.1.2 | Geslagsverspreiding | 90 |
| 4.5.1.3 | Beroep | 91 |
| 4.5.1.4 | Hoe lank beoefen u al hierdie beroep | 92 |
| 4.5.1.5 | Kerkverband | 93 |
| 4.5.2 | Definisie van begrippe | 94 |
| 4.5.2.1 | Verhoudingsbou | 95 |
| 4.5.2.2 | Huweliksvoorbereiding | 95 |
| 4.5.3 | Doel van huweliksvoorbereiding | 96 |
| 4.5.4 | Begeleiding van pare met die keuse van ’n huweliksmaat | 98 |

4.5.5 Areas en tema vir huweliksvoorbereiding 99

4.5.6 Formaat van huweliksvoorbereiding 101

4.5.7 Voornemende huwelikspare se houding ten opsigte van huweliksvoorbereiding 102

5.8.8 Reaksie van getroude pare na 'n aantal maande se getroude lewe 103

4.5.9 Behoeftes van beraders in terme van beskikbare materiaal 104

4.5.10 Huweliksvoorbereiding in terme van pare wat die eerste maal en pare wat 'n tweede of derde maal in die huwelik bevestig word 106

4.5.11 Tyd wat gespandeer word met huweliksvoorbereiding 107

4.5.12 Enige opmerkings of aanbevelings 108

4.6 Voorlopige gevolgtrekkings en bevindings 109

4.7 Samevatting 109

HOOFSTUK 5- PRAGMATIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK

5.1 Inleiding 112

5.2 Oogmerke van hierdie hoofstuk 112

5.3 Veronderstelling 113

5.4 Pastorale berading en normatiewe beginsels 113

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Pastorale berading en interpretatiewe beginsels | 116 |
| 5.6 | Pastorale berading en empiriese beginsels | 118 |
| 5.7 | Voorgestelde pastorale riglyne | 119 |
| 5.7.1 | Beradingsmetodes | 119 |
| 5.7.2 | Enkele Bybelse beraderingsmodelle | 120 |
| 5.7.2.1 | Narratiewe benadering | 120 |
| 5.7.2.2 | Noutetiese beradingsmodel van J E Adams | 121 |
| 5.7.2.3 | Beradingsmodel van G A Lotter | 121 |
| 5.7.3 | Beradingsriglyne | 122 |
| 5.7.3.1 | Verhoudingsfase | 123 |
| 5.7.3.2 | Ontledingsfase | 125 |
| 5.7.3.3 | Onderhoude | 126 |
| 5.7.3.4 | Ontmoeting met God | 127 |
| 5.7.3.5 | Onderrigfase | 128 |
| 5.7.3.6 | Aksiefase | 128 |
| 5.8 | Voorlopige samevatting van hoofstuk 5 | 129 |
| 5.8.1 | Berading en normatiewe beginsels | 129 |
| 5.8.2 | Berading en interpretatiewe beginsels | 129 |
| 5.8.3 | Berading en empiriese beginsels | 130 |
| 5.8.4 | Berading en pragmatiese beginsels | 130 |

HOOFSTUK 6- Finale samevatting

6.1 Hoofstuk 2 131

Normatiewe beginsels

6.2 Hoofstuk 3 132

Interpretatiewe beginsels

6.3 Hoofstuk 4 133

Empiriese beginsels

6.4 Hoofstuk 5 134

Pragmatiese beginsels

VOORGESTELDE TERREINE VAN VERDERE STUDIE 135

BYLAE

Bylaag 1 Funksionelehulpmiddels vir gebruik by huweliksvoorbereiding 136

Bylaag 2 Toestemmingsbrief 159

Bylaag 3 'n Navorsingsvraelys 161

Bylaag 4 'n Navorsingsvraelys met terugvoering 165

Bylaag 5 'n Ooreenkoms tussen voorenemende huwelikspare om pastorale berading saam te ondergaan 175

BIBLIOGRAFIE 176

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1 Voorgestelde titel

Verhoudingsbou as ‘n noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die Christelike huwelik: ’n Pastorale studie.

*Relationship building as essential component of preparation for marriage: a Pastoral study.*

### 1.1 Sleutelterme (Key terms)

Verhoudingsbou, pastorale riglyne, huweliksvoorbereiding.

**Key terms**

Relationship building, pastoral guidelines, marriage preparation.

### 1.2 Oriëntering en probleemstelling

#### 1.2.1 Omskrywing van sleutelbegrippe

1.2.1.1 Verhoudingsbou

Verhoudingsbou kan verstaan word as die oprigting, aanpak, ontwerp, en totstandbring van ‘n verwantskap (Bosman et al 1998:737,1139). Dit kan ook gesien word as die wyse waarop iemand iets saamstel of aanmekaarsit – spesifiek gerig op ’n onderlinge betrekking tussen twee persone (Odendaal, 2009:118,1277). Verhoudingsbou kan verder beskou word as die verskynsel waar wedersydse groei in die omgang tussen

twee entiteite (persone) plaasvind. Vir die doel van die studie word verwys na verhoudingsbou tussen die voornemende huwelikspare, maar ook tussen die beradene en sy omgewing, wat die mense om hom insluit. Die ideaal van verhoudingsbou is ’n positiewe uitkoms, waar ’n harmonie in die verwantskap (verhouding) totstand gebring word.

#### 1.2.1.2 Pastorale riglyne

Pastorale riglyne kan verklaar word as die geestelike, herderlike of priesterlike strekking, denkwyse of rigting wat aangedui word (Odendaal, 2009:885,937). Vir groter duidelikheid word elke element van die samestelling afsonderlik beskou. Met riglyne word bedoel dat ’n stelling of ander aanduiding van ‘n prosedure of beleid, toegepas word om die verloop van ’n handeling of optrede te bepaal. Pastorale riglyne beteken dus dat die verloop van ’n handeling of optrede vanuit ’n Godsdienstige oogpunt beskou en bepaal moet word.

In die boek *Hope-Focused Marriage Counseling* verduidelik Worthington (1999:20) die term, pastorale huweliksberading. Volgens Worthington bestaan daar ’n verskil tussen pastorale huweliksberading en algemene huweliksberading. Pastorale huweliksberading binne die gemeentekonteks, handel oor die betrokke paar se pastorale versorging met ’n spesifieke spirituele verwagting. Van ’n pastorale huweliksberader verwag die paar Christelik- georiënteerde advies en berading. Met die pastorale benadering kan die betrokke paar se sekondêre doelwit wees dat hulle geloof versterk word en spirituele intimiteit aangemoedig word.

#### 1.2.1.3 Voorbereiding tot die huwelik

Om die term huweliksvoorbereiding te definieer, moet ’n algehele begrip van ’n kernkonsep, naamlik voorhuwelikse berading, ondersoek word. Voorhuwelikse berading (of gereedmaak) streef daarna om enkelinge, paartjies of voornemende lewensmaats te help met die ontwikkeling en vestiging van ’n verbintenis in so ’n mate dat dit sal lei tot die bou van ’n suksesvolle, gelukkige en vervullende huwelik . Dit verwys egter verder na die breër proses wat ontwerp is om voorhuwelikse verhoudings

te verbeter en te verdiep om stabiele, vervullende huwelike tot gevolg te hê. Sulke huwelike moet uiteindelik op so ’n stewige basis gebou wees dat egskeidings beter voorkom kan word (Collins, 2005:457-458).
Voorhuwelikse berading streef daarna om voornemende egpare te help voorberei vir die bou van ’n suksesvolle, gelukkige en vervullende huwelik wat tot eer van Christus is (Collins, 2005:465).

## 1.3 Probleemstelling

Ongeveer 102 rekords van Academic Search Premier, ATLA Religion Database, Master File Primier en Psyc Info databasisse, is met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek van die NWU nagegaan vir die navorsing van die tema.

Tydens ’n literatuur navorsing het die volgende inligting aangetoon dat daar nog nie aan die probleem aandag gegee is vanuit ’n soortgelyke invalshoek nie.
Daar is wel navorsing gedoen op die terrein van pastorale optrede in toerusting van voornemende pare voor hulle in die huwelik tree, maar nie vanuit die invalshoek van die rol van verhoudingsbou in hierdie proses nie. Die tema van hierdie studie handel oor huweliksopleiding en -voorbereiding.

Knouwds (2000:9,11) ’n Suid-Afrikaanse huweliksberader, verduidelik dat die troudag die inlywing tot ’n nuwe tydperk van die lewe is. Tydens hierdie tydperk word daar aanpassings gemaak, waarop die pare nie voorbereid is nie, waarin hulle anders moet leer dink en doen. Dit vra dikwels om die werklikheid in die self en die lewensmaat te erken en te konfronteer. Die dae na huweliksbevestiging is onafwendbaar gevul met die radikale veranderinge wat die huwelik meebring. Die ontdekking word gemaak dat die huwelik eise stel, wat die egpaar nooit verwag het nie. Daarom dat huwelikspare rigtingwysers nodig het om op koers te bly en om die bestemming van ‘n gelukkige huwelik suksesvol te kan bereik.

Die huwelik is volgens Alpaslan (1994:1-4) ’n instelling wat bedreig word deur toenemende aantal egskeidings. Dit is verder duidelik dat daar nie meer veel respek oor

is vir die onontbindbare karakter van die huwelik as instelling van God nie, maar dat die vestiging van egskeiding as ‘n instelling  binne die maatskappy eerder ’n realiteit geword het. Van die belangrikste redes vir die hoë egskeidingsyfers en die ontbinding van so ’n groot aantal huwelike betreklik kort na die huweliksluiting, kom  volgens Alpaslan (1994:1-4) op die volgende faktore neer:

- Die veranderde houding van die gemeenskap en die kerk teenoor egskeiding, wat laasgenoemde minder stigmatiseer en meer akkommodeer, bring mee dat die egskeiding al hoe meer gesien word as die uitweg uit huweliksongelukkigheid;
- Wysigings aan egskeidingwetgewing maak die verkryging van egskeiding meer toeganklik;
- Daar bestaan ‘n gebrek aan vaardigheid om verhoudingsetiket, probleemoplossende verhoudingsvaardighede en meganismes oor die huwelikseise en stressors te hanteer;
- Vanweë geen of gebrekkige huweliksvoorbereiding en –begeleiding, ontbreek die element van verhoudingsbou met die oog op die huwelik.

Aangesien huwelikspare dikwels aan die nodige kennis, vaardighede  en deursettingsvermoë ontbreek om huwelikseise en huwelikskonflik te hanteer, word egskeidings as die mees drastiese huweliks- probleemoplossende meganisme geïmplementeer.

Volgens Collins moet huweliksvoorbereiding voorkomend van aard wees. Huweliksvoorbereiding, of pre-seremoniële voorbereiding, is nog nie geïdentifiseer as ’n aktiewe praktyk by huweliksterapeute nie (Collins, 2005:457-458).

Dit is derhalwe belangrik dat huweliksvoorbereiding met betrekking tot verhoudingsbou beklemtoon  moet  word en baie aandag moet geniet.

## 1.4 Navorsingsvraag

### 1.4.1 Die oorkoepelende navorsingsvraag

Hoe kan toekomstige huwelikspare pastoraal begelei word om die rol van verhoudingsbou integraal in te sluit in hulle voorbereiding tot die Christelike huwelik?

### 1.4.2 Vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei

Individuele vrae wat in hierdie ondersoek aan die orde gestel sal word, is die volgende:

- Watter insig kan verkry word vanuit die Skrif oor die rol van verhoudingsbou in huweliksvoorbereiding?
- In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing van deelwetenskappe oor die rol van verhoudingsbou in huweliksvoorbereiding?
- Is daar enige nuwe insigte ten opsigte van die rol van verhoudingsbou in huweliksvoorbereiding, wat uit empiriese ondersoek na vore kan kom?
- Watter praktyk-teoretiese riglyne kan gebied word vir die pastorale berader aan die toekomstige huwelikspaar rakende die rol van verhoudingsbou in voorbereiding tot die voltrekking van die Christelike huwelik op ’n stewige basis?

## 1.5 Doelstellings en doelwitte

### 1.5.1 Doelstellings

Die doelstelling van hierdie studie is om riglyne te verskaf en voornemende huwelikspare toe te rus en te begelei in die hantering van verhoudingsbou in hulle voorbereiding tot die Christelike huwelik .

### 1.5.2 Doelwitte

- Om vas te stel watter perspektiewe gevind word vanuit die Skrif oor die rol van verhoudingsbou in voorbereiding tot die huwelik.
- Om vas te stel in watter mate daar gebruik gemaak kan word van resultate vanuit die deelwetenskappe met betrekking tot die rol van verhoudingsbou in voorbereiding tot die huwelik.
- Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte, rakende hierdie verhoudingsbou in voorbereiding tot die huwelik, uit ’n empiriese ondersoek na vore kom.
- Om praktyk-teoretiese riglyne te formuleer vir die pastorale berader aan die toekomstige huwelikspaar rakende verhoudingsbou in die voorbereiding tot die Christelike huwelik op ‘n stewige basis.

## 1.6. Sentrale teoretiese argument

Met behulp van die nodige pastorale riglyne, is dit vir die pastorale berader moontlik om voornemende huwelikspare te begelei met verhoudingsbou as ‘n noodsaaklike komponent, tot voorbereiding van die Christelike huwelik.

## 1.7 Metodologie

Verskillende navorsingsmetodes is ondersoek insluitend Zerfass (1974; vlg Heitink, 1999:113; Heyns en Pieterse, 1998:34-35) en onder andere kontemporêre praktiese teoloog Richard R.Osmer (2008). Volgens Osmer bestaan Praktiese Teologiese interpretasie uit vier kernopdragte:

“*The descriptive-emperical task. Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.*

*The interpretive task. Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occuring.*

*The normative task. Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practise.*

*The pragmatic task. Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable, and entering into a reflective conversation with the talk back emerging when they are enacted."* Volgens Osmer vorm hierdie vier kernopdragte die basis van Praktiese Teologiese navorsing en interpretasie (Omer, 2008:4).

Vir hierdie studie is navorsingsmetodes van Zerfass gebruik (1974; vlg Heitink, 1999:113; Heyns en Pieterse, 1998:34-35), sowel as Osmer (2008). Beide die navorsingsmetodes word verduidelik. Zerfass se model kan soos volg verduidelik word in terme van basisteorie, metateorie en praktieseteorie, en Osmer se model word verduidelik in terme van normatiewe perspektief, interpratiewe perspektief en pragmatiewe perspektief.

### 1.7.1 Normatiewe perspektief

Die studie sal aandag gee aan perspektiewe vanuit die Skrif, wat kan bydra tot vernuwende insigte rakende die pastorale riglyne, wat die berader aan die voornemende huwelikspaar bied, rondom emosionele intimiteit en verhoudingsbou. Eksegese sal gedoen word volgens die grammaties-historiese metode en die Gereformeerde tradisie sal as vertrekpunt dien vir hierdie studie (Coetzee,1990:17, De Klerk, Janse van Rensburg 2005). Daar sal spesifiek eksegese gedoen word oor Skrifgedeeltes rakende pastoraat in die Christelike huwelik en emosies, soos wat voorkom in: Genesis 2:24, Deuteronomium 24:1-4, Efesiërs 5:21-33.

Osmer verduidelik die normatiewe perspektief in terme van teologiese interpretasie, groepsbesprekings en die praktyk. Die teologiese interpretasie kan verstaan word as die gebruik van teologiese konsepte om gebeurtenisse, die situasie en die konteks waarin die berader ’n deelnemer is, te interpreteer. Die groepsbespreking in die tweede plek is van uiterste belang vir die normatiewe taak. Die bespreking behels etiese waardestelsels om die praktyk te begelei asook om grense te stel tussen die berader en beradene. Dit help om doelwitte daar te stel waarna gestreef moet word in pastoraat. In die derde plek handel die normatiewe taak oor die etiese optrede en praktyk van die berader. Daar moet duidelike opdragte, optredes en rolverwagtinge wees, wat die

optrede en doelwitte van die berader bevestig. Hierdie drie benaderings tot die normatiewe taak word verder in drie stappe ondersoek. Die normatiewe taak begin by die profetiese amp, wat verstaan kan word as die profetiese onderskeid en oordeelkundigheid. Die normatiewe taak word dieper ondersoek deur ander vakdissiplines te betrek by die besprekings (Osmer, 2008:131-132).

### 1.7.2 Interpratiewe perspektief

’n Literatuurstudie vanuit die dissiplines binne die sosiale wetenskappe is nodig om metateoretiese perspektiewe te verkry. Metateorie verwys na die onderliggende voorveronderstellings waarmee ’n navorser werk waardeur sy werk in ’n sekere rigting gestuur word. Ander vakgebiede binne die sosiale wetenskappe word gekies omdat die aspek van verhoudingsbou ook hier besonder prominent figureer. Daar sal aandag gegee word aan sekere raakvlakke met die tema van hierdie studie, en relevante stof sal gebruik word.

Osmer verduidelik die interpratiewe perspektief in terme van bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en verstandige beslissing. Bedagsaamheid word beskryf as die diskrete wyse waarop mense hanteer word, asook die insig wat getoon word oor die alledaagse lewe en uitdagings. Beide hierdie karaktertrekke is belangrik vir interaksie tussen leiers. Om mense te hanteer met bedagsaamheid en goedgunstigheid moet ’n mens ‘n oomblik tot stilstand kom om bewus te word van die persoon se unieke omstandighede. Veral wanneer met mense gewerk word wat in moeilike lewensituasies verkeer. Die algemeen menslike reaksie toon ongeduld en irritasie. Bedagsaamheid, daarteenoor, strewe na insig in die betrokke omstandighede, wat lei tot goedgunstigheid. Bedagsaamheid help die berader om sinvol voort te gaan met die berading. Beraders en gemeenteleiers is beperk in hulle kennis oor sekere pastorale kwessies, daarom is geleenthede nodig om verder navorsing te doen en intellektueel te groei. Bedagsame leiers kweek ook bedagsame gemeentes. Dit vorm die basis vir ’n geestelike en verstandige gemeente. Die teoretiese interpretasie word verduidelik as die vermoë om die teorieë in wetenskap te gebruik om verskillende situasies, episodes en kontekste te

verstaan, maar ook te reageer. Teorieë moet met wysheid benader word sodat die navorser daaruit kan leer, maar ook krities daarteenoor kan staan waar nodig. Die derde deel bestaan uit verstandige beslissings wat gemaak moet word. Wyse beslissing is krities vir goeie leierskap in gemeentes. Dis die vermoë om episodes, situasies en kontekste op drie relevante wyses te interpreteer, naamlik: erkenning van relevante besonderhede van spesifieke gebeurtenisse en omstandighede, die onderskeidingsvermoë van die morele oogmerk en ten laaste die bepaling van die mees effektiewe wyse om die oogmerke te bereik in die lig van beperkinge en moontlikhede van ‘n bepaalde plek en tyd Osmer (2008:82-84).

### 1.7.3 Empiriese-deskriptiewe perspektief.

Empiriese navorsing gebaseer op ‘n kwalitatiewe navorsingsontwerp sal geskied deur middel van in diepte semi-gestruktureerde onderhoude. Hierdie navorsing geskied volgens die riglyne van die Etiekkomitee aan die NWU.

Volgens Osmer (2008:48) bestaan daar verskillende elemente vir ’n navorsingsontwerp en dit kan soos volg beskryf word:

- Doelwitte van die projek: die spesifieke redes vir die navorsing asook duidelike vraelyste wat beantwoord moet word.
- Die strategie van navraag: die spesifieke metode wat die navorsingsprojek gaan begelei in samewerking met die metodes wat die uitkomste gaan bepaal.
- Die navorsingsplan: handel oor die wyse waarop die projek gaan plaasvind binne ’n sekere tydsraamwerk, asook die rolspelers wat met die navorsing gaan help en die metodes wat benut gaan word om inligting te versameling en te verwerk.

Besinning: die besinning en ondersoek op die metateoretiese voorveronderstellings van die projek, asook die voorveronderstelling oor die natuurlike aard van realiteit, inligting, mense en moraliteit van die lewe.

### 1.7.4 Pragmatiese perspektief

By wyse van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe sal gepoog word om pastorale riglyne te formuleer met betrekking tot verhoudingsbou wat as nuwe praxis sal dien.

Osmer (2008:175-176) verduidelik die pragmatiewe taak as die vorming en bepaling van strategieë of aksies wat gebeurtenisse na wense beïnvloed. Praktiese teologie verskaf gereeld hulp deur praktiese modelle en reëls vir 'n bepaalde terrein te verskaf. Praktiese modelle bied aan leiers 'n algemene beeld van die terrein waarop hulle beweeg asook wyses waarop hierdie terrein aangepas kan word om gewenste doelwitte te bereik. Reëls vir die spesifieke terreine is bedoel as riglyne vir die uitvoering van spesifieke optredes en gewoontes.

## 1.8 Voorlopige hoofstukindeling

**Hoofstuk 1: Inleiding**

**Hoofstuk 2: Normatiewe beginsels ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik**

**Hoofstuk 3: Interpratiewe perspektiewe ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik. Die resultate van navorsing deur ander deel-wetenskappe**

**Hoofstuk 4: Empiriese perspektiewe ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik**

**Hoofstuk 5: Pragmatiese perspektiewe ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik**

| Hoofstuk 6: | Samevattings en aanbevelings |
|---|---|

**SKEMATIESE VOORSTELLING**

Tabel 1.2: ’n Skematiese voorstelling betreffende die uitvoering van hierdie studie

| Probleemstelling | Doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| Watter Skriftuurlike riglyne kan van toepassing gemaak word op die effektiewe voorbereiding tot die huwelik? | Om Skriftuurlike riglyne te identifiseer wat van toepassing gemaak kan word op die effektiewe voorbereiding tot die huwelik. | Eksegese sal gedoen word van sekere Skrifgedeeltes volgens die grammaties-historiese benadering met die doel om normatiewe perspektiewe te verkry. |
| Tot watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing van ander deelwetenkappe en dissiplines betreffende die rol van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik? | Om vas te stel in watter mate gebruik gemaak kan word van die resultate van die navorsing van ander deelwetenskappe en dissiplines betreffende die rol van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die | ’n Literatuurstudie vanuit dissiplines binne die geesteswetenskappe, sal uitgevoer word met die doel om ’n interpratiewe raamwerk te bou. Dit sal met behulp van elektroniese databasisse gedoen word. |

| | | |
|---|---|---|
| | huwelik. | |
| Is daar vernuwende insigte wat verkry  kan word deur middel van ’n empiriese ondersoek betreffende die rol van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik? | Om vas te stel of daar vernuwende insigte is deur middel van ‘n empiriese ondersoek betreffende die rol van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik. | Empiriese navorsing saamgestel uit ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp sal geskied deur middel van in diepte semi-gestruktureerde onderhoude en navorsing. |
| Watter pastorale riglyne kan geformuleer word wat as riglyn kan dien vir die verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik? | Om pastorale riglyne te formuleer wat as riglyn kan dien vir die verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik. | By wyse van ’n Hermeneutiese wisselwerking tussen basis-teoretiese riglyne en meta-teoretiese perspektiewe sal gepoog word om riglyne te formuleer vir die verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in voorbereiding tot die huwelik (Strategies/ pragmatiese perspektief) |

# HOOFSTUK 2

# NORMATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK

## EKSEGESE VAN ENKELE TOEPASLIKE SKRIFGEDEELTES

### 2.1 Inleiding

Soos reeds vermeld in Hoofstuk 1, word die model van die praktiese teoloog Richard R. Osmer (2008:4), met sy basiese vertrekpunte van die normatiewe- , interpratiewe-, empiriese- en pragmatiewe perspektiewe binne hierdie studie benut.

Vanuit die normatiewe perspektiewe wat in hierdie hoofstuk na vore kom, tesame met die tersaaklike interpratiewe perspektiewe van die volgende hoofstuk, sal gepoog word om die praktyk-teoretiese riglyne daar te stel met betrekking tot effektiewe huweliksvoorbereiding.

### 2.1.2 Praktiese Teologie

Praktiese teologie kan gedefinieer word as ’n teologie van aksie met empiriese georiënteerde teologiese teorieë met betrekking tot die bemiddeling van die Christelike geloof te midde van die praksis van die moderne samelewing (Heitink, 1999:6-9). Die praktiese teologie gaan dus oor God se handeling deur die bediening van mense. Hierop volg dat die basis-teoretiese komponent van ’n pastorale model betrokke is by die interpretasie van Bybelse norme, waardes en handelingskriteria rondom ’n spesifieke studieveld (Venter, 1996:3).

Osmer verduidelik Praktiese teologie verder:

“*Using theoligical concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our response, and learning from good practise”* (Osmer, 2008:4).

## 2.2 Oogmerke van hierdie hoofstuk

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om vanuit die Skrif sekere normatiewe perspektiewe te identifiseer en daar te stel, met betrekking tot verhoudingsbou as pastorale riglyn in huweliksvoorbereiding. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie hoofstuk fokus op die behoefte aan en noodsaaklikheid van huweliksvoorbereiding.

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word (De Klerk en Van Rensburg, 2005:1). Aandag sal gegee word aan toepaslike Skrifgedeeltes met die oog op die formulering van normatiewe perspektiewe wat van toepassing is op die tema van hierdie studie.

Die volgende dien as meer spesifieke doelwitte vir hierdie hoofstuk:

- Om vanuit ’n pastorale perspektief die moontlike aanpassingsprobleme wat die pasgetroude huwelikspaar mag ervaar met betrekking tot verhoudingsbou, te omskryf.
- Om op ’n aantal beginsels te fokus wat kan bydra tot die voorbereiding van verhoudingsbou in die huwelik.

## 2.3 Eksegetiese verstaan van Deuteronomium 24:1-4 en Efesiërs 5:21-33

Die Deuteronomium 24:1-4 teks is gekies, omdat daar ’n spesifieke situasie aan die orde is naamlik die huwelik, egskeiding en hertroue. Egskeiding was in die Ou Testament slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toelaatbaar. In hierdie spesifieke Skrifgedeelte word die egskeiding volgens Ou Testamentiese voorskrifte ondersoek. In die Efesiërs 5:21-33 teks verwys Paulus na verskillende gesagsverhoudings en hoe Christus se eie optrede as model voorgehou word. Vanuit hierdie teks word gekyk na die Nuwe Testamentiese voorskrifte vir die huwelik.

Eksegese sal volgens die metodes soos beskryf deur De Klerk en Van Rensburg (2005:1), gedoen word. Aandag sal gegee word aan die bogenoemde Skrifgedeeltes

met die oog op die formulering van ’n aantal normatiewe perspektiewe wat van toepassing is op die tema van hierdie studie.

Die metodes sien soos volg daarna uit:

- die keuse van die perikoop;
- die plek van die perikoop in die boek en die Bybel;
- genre van die perikoop en van die boek;
- die vertaling van die perikoop;
- die bepaling van die kernvers;
- die bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop;
- die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers gestel het;
- woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop deur middel van raadpleging van eksegetiese bronne;
- die openbaring van God in die perikoop;
- die verlossingsfeite in die perikoop en oproepe op grond daarvan;
- die kommunikasiedoel van die perikoop;
- toepassisng van die eksegese en die geloofskeuses wat hierdie perikoop stel;

### 2.3.1 ’n Ou-Testamentiese Perspektief: Deuteronomium 24:1-4

#### 2.3.1.1 Die keuse van die perikoop

Die moeilikhede van die huwelik en die pyn van egskeiding veroorsaak dat sommige Christene Bybelse leringe herinterpreteer of onderbeklemtoon, in ’n poging om egskeiding en hertroue uit ’n teologiese oogpunt makliker en meer aanvaarbaar te maak. Dit wat die Bybel ons leer kan nie geïgnoreer of onderbeklemtoon word nie. As Christenberaders effektief wil wees moet hulle ’n duidelike begrip hê van wat die Bybel oor egskeiding en hertroue sê (Collins, 2005:529).

Hierdie perikoop is ’n besonderse Ou Testamentiese voorbeeld van riglyne rakende skei en hertrou. ’n Spesifieke situasie kom hier aan die orde: ’n vrou wat geskei het,

weer getrou het en dan weer alleenloper geword het deur ’n verdere egskeiding of die dood van haar tweede man. Egskeiding was in elk geval net in hoogs uitsonderlike gevalle toelaatbaar. Die bedoeling van hierdie gedeelte is om die Ou Testamentiese perspektief op egskeiding te gee. Dit is so dat egskeiding moeilik was in die tyd van Deuteronomium. Daar moenie verstaan word dat vers 1 egskeiding verdedig nie, dit is beslis nie die geval nie. Dit is bloot ‘n erkenning van ’n situasie wat teen daardie tyd lankal deel van die volkskultuur was. Die teks wil nie hierdeur verklaar dat ’n man sommer om enige rede van sy vrou mag skei nie. Die vier verse moet as ’n geheel gelees word (Van Rensburg en Vosloo, 1999:220).

In die antieke tyd was die vrou se status baie onseker. Die voortbestaan van die huwelik het baie van die man se nukke afgehang. Hy kon haar feitlik na willekeur uit die huis jaag. As hy in ’n ergerlike bui was, kon hy haar wegjaag en beweer dat hy van haar geskei het. Daarna kon hy wel weer van gedagte verander het en besluit om haar terug te neem. Indien die vrou in hierdie tyd van skeiding met iemand anders getrou het, kon haar eerste man daarop aandring dat sy nogsteeds sy vrou is. Hy kon haar met geweld van haar eerste man wegneem. Sy sou dan gebrandmerk word as iemand wat owerspel gepleeg het. Hierdie was die gebruik van die heidense volke wat in die woestyn om Israel gewoon het. Hulle nabyheid het daartoe gelei dat die Israeliete dieselfde benadering tot egskeiding gevolg het. Die doel van die wetgewing in die boek Deuteronomium was dus om die gebruike wat reeds geheers het, te orden. Moses het nie egskeiding in Israel ingestel nie; hy het net beheermaatreëls ingestel om orde te skep in ’n chaotiese en skadelike situasie (Retief, 2005: 62-63).

#### 2.3.1.2 Die plek van die perikoop in die boek en die Bybel

##### 2.3.1.2.1 Die vasstelling van die boek in die Bybel

Deuteronomium staan in ’n besondere verhouding met die eerste vier boeke in die Ou Testament, en ook met die boeke wat daarop volg. Deuteronomium kan beskryf word as ’n boek wat ‘n skarnierposisie beklee. Dit vorm die skarnier wat die geskiedenis van

God se volk tot voor die intog in die beloofde land en hulle geskiedenis van die intog tot die Babelloniese ballingskap verbind (Van Rensburg en Vosloo, 1999:191).

Die hooftrekke van die boek kan soos volg verstaan word:

| | |
|---|---|
| ’n Oorsig oor en lesse uit die trek van Egipte af tot by die Jordaan | 1:1-4:43 |
| Die tien gebooie en aansporing tot gehoorsaamheid aan die Here | 4:44-11:32 |
| Godsdienstige- en samelewingsreëls | 12:1-28:68 |
| Vernuwing van die verbond | 29:1-30:20 |
| Moses se laaste woorde | 31:1-33:29 |
| Moses sterf op Neboberg | 34:1-12 |

(Die Bybel, 2001:188).

**2.3.1.2.2 Die plek van die perikoop in die boek**

Die perikoop val in die gedeelte van Godsdienstige- en samelewingsreëls, 12:1-28:68. Dit handel verder oor besondere bepalings van die verbond en die basiese beginsels van ’n heilige lewe.

| | |
|---|---|
| Aanbid God in gesamentlike byeenkomste net op een plek | 12:1-32 |
| Moenie afGode dien nie | 13:1-18 |
| Godsdienstige bepalings: rougebruike, voedsel en tiendes | 12:1-29 |
| Kwytskelding van skuld in die sewendejaar | 15:1-11 |
| Vrylating van slawe | 15:12-18 |
| Die eerstelinge van die vee behoort aan die Here | 15:19-23 |
| Drie groot feeste | 16:1-17 |
| Die aanstelling van regters | 16:18-20 |
| Die regte diens aan God | 16:21-17:1 |
| Aspekte van die regspraak | 17:2-13 |
| Die koning en sy verantwoordelikhede | 17:14-20 |
| Voorskrifte oor priesters en Leviete | 18:1-8 |
| Voorskrifte oor profete | 18:9-22 |
| Asielstede | 19:1-14 |
| Behoorlike regsprosedures | 19:15-21 |

| | |
|---|---|
| Reëls vir oorlogsvoering | 20:1-20 |
| Onbekende moordenaar | 21:1-9 |
| Familie-aangeleenthede | 21:10-21 |
| Die liggaam van ’n tereggestelde persoon | 21:22-23 |
| Wette oor verskeie sake | 22:1-25:19 |

In die Skrifgedeelte van 22:1-25:19 kom wette voor wat oor ‘n verskeidenheid van sake handel soos egskeiding en hertroue. Hierdie wette toon nie ’n vaste patroon nie. Sommige is korter en ander effens langer. Van die wette is apodikties geformuleer, wat verklaar kan word as “jy moet,” of “jy moet nie” en ander wette as kasuïties waar sommige situasies gebied en ander verbied word (Van Rensburg en Vosloo, 1999:210-221).

**2.3.1.3 Die genre van die perikoop en van die boek**

Die literatuurkunde onderskei verskeie genres. Dit word algemeen aanvaar dat elke genre sy eie interpretasiereëls het. Baie van hierdie genres kom in die Bybel voor. Sommige Bybelboeke kan as volledige boek as ‘n spesifieke genre getipeer word. By ander is dit weer nodig dat die verskillende onderdele van die boek apart, ten opsigte van ‘n genre geklassifiseer word. Die literêre genres van die Ou Testament sluit in: vertelling, geskiedskrywing, wysheidsliteratuur, poësie, profetiese literatuur, wettiese literatuur en kultiese literatuur (De Klerk & van Rensburg, 2005:19).

Deuteronomium vertel geskiedenis en bevat ’n groot aantal wette. Hierdie boek toon ook ooreenkomste met ander boeke, veral profetiese boeke soos Hosea en Jeremia (Van Rensburg & Vosloo, 1999:191). Die perikoop val in die groter gedeelte van Deuteronomium wat verband hou met wette oor verskeie sake. Dit kom sonder ’n vaste patroon voor. Twee basiese vorms vertoon naamlik apodikties en kasuïsties. Apodiktiese wette is direkte bevele of direkte verbiedinge, soos in die Tien Gebooie: Doen dit, moenie dat doen nie. In Deuteronomium staan sulke direkte opdragte dikwels aan die begin van nuwe bepalings. Dit vat die opdrag kortliks saam (Van Rensburg en Vosloo, 1993:242).

12:2 *“Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf, hulle Gode gedien het: op hoë berge, op heuwels en onder elke groen boom”* (Die Bybel 2001:202).

Kasuïstiese wette maak voorsiening vir optrede in spesifieke gevalle. Hullle begin dikwels met *as* of *wanneer*. As een of ander saak plaasgevind het, word ’n spesifieke optrede voorgeskryf. Spesifieke strawwe word dikwels aan spesifieke optredes gekoppel (Van Rensburg en Vosloo 1999:211).

13:1 “*Wanneer ’n profeet of iemand wat drome uitlê by jou kom en jou vertel van ’n teken of ’n wonder...”* (Die Bybel, 2001:203)

Binne hierdie groepering wette en regulasies word riglyne gebied vir egskeiding en hertroue. God bring in die boek weer sy verbondswette onder sy volk se aandag. Die wettige kontrak tussen Hom en sy volk moes vir die nuwe geslag, wat kort voor lank in die beloofde land sou ingaan, hernu word (Van Rensburg en Vosloo, 1993:242).

**2.3.1.4 Die vertaling van die perikoop**

:1 Wanneer ‘n man met ‘n vrou trou, kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy iets onbetaamliks aan haar gevind het. Dan mag hy ‘n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur.

:2 Sy kan dan uit sy huis uit gaan en met ‘n ander man trou.

:3 As haar tweede man haar ook later nie meer liefhet nie en ‘n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur, of as haar tweede man sterf,

:4 mag haar eerste man wat haar weggestuur het, nie weer met haar trou nie. Sy is verontreinig, en as hy weer met haar trou, sal dit vir die Here iets afskuweliks wees (Die Bybel 2001:213).

**2.3.1.5 Die bepaling van die kernvers**

Die kernvers is die teksgedeelte in elke perikoop waar die sentrale tema of hoofgedagte saamtrek tot ’n eenheid. By die argumentatiewe stof is dit dikwels die hoofsin van die betrokke perikoop. By historiese stof kan die laaste verse weer dikwels die knooppunt

bevat. Dit kan partykeer nodig wees om twee verse wat nie direk na mekaar volg nie, as die kernvers te kies (De Klerk & van Rensburg, 2005:50).

Die kernvers van hierdie perikoop is:

: 4 *"... sal dit vir die Here iets afskuweliks wees"* (Die Bybel, 2001:213)

**2.3.1.6 Die bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop**

Die boek Deuteronomium begin waar Israel oos van die Jordaanrivier in die Arabiesevlaktes in Moab hulle tente opgeslaan het. Moses het die volk toegespreek en vir hulle vertel hoe hulle die rivier sou oorsteek en die beloofde land sou binne gaan. Die historiese gedeelte aan die begin van hierdie boek beskryf kortliks wat met die volk gebeur het sedert hulle vertrek na Sinai. Hulle wou nie die beloofde land intrek nie, omdat hulle vir die inwoners bang was. God het die volk toe veertig jaar in die woestyn laat rondtrek totdat die geslag wat nie die land wou intrek nie, gesterf het (Van Rensburg en Vosloo, 1999:192 ).

Deuteronomium 1:34-35.

*“Toe die Here hoor wat julle sê, het Sy toorn ontvlam en het Hy ’n eed afgelê:*

*Nie een van hierdie slegte geslag sal die goeie land sien wat Ek, die Here, hulle voorvaders met ’n eed beloof het, om aan hulle te gee nie”* (Die Bybel, 2001:189).

Nou is die volk gereed om in te trek. Hulle moes hulle geskiedenis onthou en leer hoe hulle in die beloofde land moes lewe. In hierdie periode het verskeie groepe in die beloofde land gewoon. Egipte, waaruit die Israeliete ontsnap het, was die belangrikste groo moondheid in daardie gebied. Die stadstate in Palestina was polities- en militêr swak. Egipte se mag in Palestina was aan die afneem en dit het bygedra tot sosiale en politieke chaos. Iets van die leefwêreld van die mense na ballingskap kan ook in hierdie boek gesien word, soos in die Deuteronomistiese geskiedwerk (Van Rensburg en Vosloo, 1999:192-193).

**2.3.1.7 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers gestel het**

Die volk kon deur die bril van Deuteronomium die redes insien waarom die ellende van die ballingskap hulle getref het en hulle hulle vryheid verloor het. Tog het die boek hulle herinner aan God se verbond. God eis gehoorsaamheid aan hulle en Hy belowe seën as hulle wel gehoorsaam is. Deuteronomium 30:1-10, moes vir die mense tydens die ballingskap ‘n oproep tot bekering wees (Van Rensburg en Vosloo, 1999:192).

Die sentrale saak handel oor die heilige oorlog, want dit handel oor die uitroeiïng van afgodery. Dit is belangriker as die sake oor die kultus en die wette. Moses het ’n beroep op die mense gedoen om hulle aan God te wy. Die Here vra vandag nog dat ons, ons aan Hom moet wy, dat ons Hom moet liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag. In Deuteronomium word God se getroue en geduldige liefde, meer dikwels, as sy straf uitgebeeld. Hy betoon sy liefde deur getrou te wees aan sy kinders en sy beloftes. Hy wil hê dat ons daarop reageer deur Hom ook lief te hê en nie maar net sy gebooie op ’n wettiese manier te onderhou nie (Van Rensburg en Vosloo, 1993:242-243).

**2.3.1.8 Woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop deur middel van raadpleging van eksegetiese bronne**

Aangesien Hebreeus nie ons moedertaal is nie, is dit nodig om ’n woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop te doen. Vir hierdie doel is daar elektronies van die LOGOS program gebruik gemaak met die verskillende Bybelvertalings soos New Jerusalem Bible, New Revised Standard Version, Portugese Common Language Version, Revised English Bible, TANAKH (New Jewish Publication Society Version), en Revised Standard Version, asook die eksegetiese bronne wat hierdie elektroniese program bied. Verder is daar van E-Sword gebruik gemaak met spesifieke verwysing na die Strong’s Hebrew/ -Greek Dictionary. Asook die Biblia Hebraica Stuttgartensia1990.

Wanneer ’n man: אִישׁ (Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328).
Hier word spesifiek na ’n manspersoon of ’n manlike individu verwys (E-Sword).

’n Man met ’n vrou איה trou בעל

(Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328).

לקח om te vat, neem, aanvaar, koop, ontvang van ’n vrou of ’n vroulike individu (E-Sword). Dit handel oor die man wat die inisiatief geneem het om die vrou te trou. Die klem val op die man se handelinge en optredes (Bratcher 2000 LOGOS Research System).

Dat hy haar nie meer lief het nie: Hier handel dit weer oor die man se opinie van die saak. Die element waaroor hy ontevrede is of wat hom negatief instel moet bepaal word. Die tydsbepaling is ook moeilik. Dit kan dalk ’n voorval tydens hulle huweliksnag wees of ’n fisiese tekortkoming waarvan die man tot op daardie staduim onbewus was. Dit kan ook ’n morele optrede of tekortkoming wees wat met die tyd na vore gekom het. Die teks verwys nie na ’n reuse morele misstap soos owerspel wat met die dood strafbaar was nie. Dit was nie voldoende as die mans slegs beweer hy hou nie meer van sy vrou of het iemand anders in die oog nie. Daar moes deeglike bewyse van sy kant af wees van ’n optrede of tekortkoming wat haar ongewild of onaanvaarbaar vir hom gemaak het (Bratcher, 2000 LOGOS Research System).

Omdat hy iets onbetaamliks aan haar gevind het: ערוה (Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328). Daar word na skande of vuilheid verwys. Hebreeuse woord van *indecency* word direk met *nakedness* vertaal. Dit word verstaan as skaamtelose, onbetaamlike optrede (E-Sword).

Dan mag hy ’n skeibrief skryf: ספר כריתית

(Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328). Woorde wat na vore kom vir skryf is: *describe, inscribe, prescribe, subscribe, record.* Brief kan verstaan word as: *book, evidence, letter, register, scroll.* Divorcement kan verduidelik word as:*cutting of the bond* (E-Sword). ’n Formele skrywe of kennisgewing moes verklaar waarom hy haar wegstuur. ’n Eenvoudige dokument om die egskeiding aanhangig te maak (Bratcher 2000 LOGOS Research System). Deur die huwelik was die man en die vrou een, met

die skrywe van die egskeiding word die vrou afgesny van hierdie eenheid met die man. Dit was moontlik dat daar ’n vorm van betaling ingesluit was. (Spence-Jones 2004 LOGOS Research System).

En dit vir haar gee: נתן (Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328).

Hierdie egskeiding mag nie deur woorde vinnig gespreek word nie, maar moes deeglik oordink en op papier uitgespel wees. Die man moes dit persoonlik aan sy vrou oorhandig (Henry, 1996 LOGOS Research System).
Die feit dat die egskeiding per brief deur die man aan die vrou oorhandig word, beteken dat die inisiatief weereens die swaarste op die man rus vir die begin en die beëindiging van die huwelik (Keil & Delitzsch, 2002 LOGOS Research System).

En haar uit sy huis uit wegstuur: יצא (Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328).
Hierdie frase word verduidelik met woorde soos: *push away or send away from family, home, palace or place* (E-Sword).
Hierdie wegstuur was die finale stap waardeur die man sy vrou beveel het om die huis te verlaat. Geen hardhandige optrede was nodig nie (Bratcher, 2000 LOGOS Research System).

Met ’n ander man trou: אחר (Biblia Hebraica Stuttgartensia,1990:328).

Die gedeelte kan verklaar word met: *next or following man (* E-Sword).
Die teks vertel nie hoe die volgende huwelik plaasvind nie, slegs dat dit wel gebeur het. Die egskeiding en opbreek van die huwelik maak haar vry van haar eerste man. Die band tussen hulle is so finaal beëindig, so effektief soos wat die dood dit kon gedoen het. Nou kan sy weer in die eg verbind word, asof haar eerste man dood is (Bratcher 2000 LOGOS Research System).

As haar tweede man haar later nie meer liefhet nie: שנא (Biblia Hebraica Stuttgartensia,1990:328). *Dislikes* kan verstaan word as: *hate, foe or enemy* (E-Sword). Hierdie sinsnede is ’n moeilike vertaling. ’n Beter vertaling sou gewees het : *as die*

*tweede man of huidige man* . Dieselfde situasie speel af soos met die eerste man. Daar is iets omtrent die vrou waarvan die tweede man nie hou nie.
Die Hebreeuse werkwoord word met *haat* vertaal. Engels vertaal die werkwoord sagter met *dislikes* (Bratcher, 2000 LOGOS Research System).

En ’n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur: (Biblia Hebraica S ספר כריתת 0:328).
Woorde wat na vore kom vir skryf is: *describe, inscribe, prescribe, subscribe, record.*
Brief kan verstaan word as: *book, evidence, letter, register, scroll.*
*Divorcement* kan verduidelik word as:*cutting of the bond* (E-Sword).
Die tweede man volg die selfde drie stappe as die eerste man.

1. *He has found some indecency in her*
2. *He writes her a bill of divorce*
3. *Sends her out of his house (*Bratcher, 2000 LOGOS Research System).

Of as haar tweede man sterf: מנת (Biblia Hebraica Stuttgartensia 1990:328).
’n Alternatiewe vertaling kan wees: *or the second man who marries her, dies.*
Dit moet verstaan word dat die vrou nie weer met haar eerste man mag trou nie, al skei die tweede man haar of hy sterf (Bratcher 2000 LOGOS Research System). Haar eerste man wat haar weggestuur het, nie weer met haar trou nie: *Former* kan verduidelik word met: *before, of old times, time or rank* (E-Sword). Die ander alternatief is, sy mag ’n derde man trou na die tweede se egskeiding of dood, maar mag nooit teruggaan na haar eerste man nie.
Die doelwit was om ’n slegte Egiptiese kultuur van vrouens uitruil, te stop. Die ander moontlikheid is dat die teks gepoog het om die mans aan te moedig om ernstig en lank oor die egskeiding na te dink en nie oorhaastig op te tree nie (Henry 1996 LOGOS Research System).

Sal dit vir die Here iets afskuweliks wees: תועבה (Biblia Hebraica Stuttgartensia1990:328). Hierdie sinsnede kan moreel-eties verstaan word: *disgusting,*

*an abhorrence* (E-Sword). Die morele effek van hierdie sonde op die familie en verder op die land, word verduidelik. Die land sal besoedel word hierdeur (Bratcher,2000 LOGOS Research System).

#### 2.3.1.9 Die openbaring van God in die perikoop

In hierdie gedeelte gaan daar gekyk word na wat God oor Homself as Vader, Seun en Heilige Gees openbaar. Wie Hy is, wat Hy doen en wat Hy van Homself sê (De Klerk & van Rensburg, 2005:19).

In Deuteronomium 6:4 is die basiese geloofsbelydenis van die Israeliete opgeteken naamlik die absolute uniekheid van God.

6:4 "*Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here*" (Die Bybel 2001:196).

In die Hebreeus begin die belydenis net met ses woorde wat vertaal is met: " Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."

Dit is 'n goeie interpretasie van die Hebreeus. Ander vertalings is ook moontlik.

Letterlik staan daar: "Luister, Israel, Jahweh ons God, Jahweh is een."

Jahweh is die eienaam van die Here wat dikwels in verband met die verbond gebruik word. In die sin hierbo kom die Here se Naam twee keer voor. Daarmee druk die uitsprake Sy absolute uniekheid uit (Van Rensburg en Vosloo, 1999:204).

Daar is geen ander God as die Here nie. Die volk moes lojaal aan die Here bly. Deuteronomium was die rigsnoer vir hulle lewe, as God se volk. Dit vermeld verskillende verbonde wat God met mense gesluit het. Deuteronomium beklemtoon hoe die volk moet lewe as God se volk in die land wat Hy vir hulle gegee het (Van Rensburg en Vosloo, 1999:192-193).

#### 2.3.1.10 Die verlossingsfeite in die perikoop en oproepe op grond daarvan

God het sy volk daaraan herinner dat hulle aan hom gehoorsaam moet wees, want dit sou beteken dat hulle die verbond nakom. Dit sou tot hulle voordeel wees om gehoorsaam te wees. Opstandigheid sou groot teenspoed en rampe bring. Ons mag nooit toewyding aan God en aan sy waarheid as vanselfsprekend aanvaar nie. Elke geslag en elke mens moet opnuut op sy stem reageer. God se liefde is die fondament

van sy verbond met ons en ons geloof in Hom. God het die Israeliete beveel om vir hulle kinders te vertel hoe Hy wou hê hulle moes leef. Hulle moes dit doen deur rituele, deur daaroor te praat en sekere dinge te memoriseer. Hulle kinders moes dit goed verstaan, sodat hulle dit weer aan hulle kinders kon oordra. Dit is die belangrikste om die waarheid van God in ons tradisie aan die geslagte van die toekoms oor te dra. Hy vra egter dat sy waarheid ook in ons harte en verstand moet wees- dit mag nie net deel van ons tradisie wees nie. Die saak wat hier in die sentrum staan, is die onderhouding van God se gebooie, wat saamhang met die vervulling van die landbelofte. Deur die dade van God in die verlede kan ons meer leer oor die God wat ons vandag dien (Van Rensburg en Vosloo, 1993:242-3). Die bepalings wat God in Deuteronomium gee, was nooit bedoel as 'n harde las wat die volk van buite af opgelê word nie. Dit skets hoe die volk uit dankbaarheid vir God se genade moet lewe. Die verbond leer dat Christene vandag nog in 'n verhouding met God leef. Hulle is steeds van Sy genade afhanklik en moet op sy genade antwoord deur volgens sy voorskrifte te leef. Gehoorsaamheid aan God moet uit gelowiges se hart kom, omdat hulle God persoonlik ken en dien (Van Rensburg en Vosloo, 1999:192-3). Volgens Vosloo kan die boodskap van Deuteronomium saamgevat word in 'n aantal feite, naamlik: die Here het Israel uit al die volke as Sy eiendom gekies. Dit het Hy gedoen op grond van die liefde en beloftes aan Abraham, Isak en Jakob. Die land is 'n gawe van die Here. Hy skenk die land aan Israel deur middel van 'n heilige oorlog, en die Here voer self die stryd. Die besit van die land is ook voorwaardelik, want Israel moet volgens die voorskrifte van God lewe. Die belangrikste hiervan is dat die volk geen ander Gode moes duld nie omdat die Here enig is. Daar moet net een heiligdom wees. Omdat die Here getrou is, moet Israel gehoorsaam wees aan God se bepalings. Dit moet nie uit dwang geskied nie, maar uit liefde tot die Here. Dit moet 'n liefdesverhouding wees. Die verbondenheid met Hom spruit dus voort uit 'n innerlike gesindheid van liefde en toewyding (Vosloo, 1986:41). In hierdie perikoop word daar klem gelê op die huwelike en gesinne van Israel binne 'n verbonsverhouding met God. Die teks dui aan hoe 'n gesin en huwelik behoort te funksioneer, veral in die sisteem van Israel, waar 'n gesin 'n uitgebreide groep mense was wat uit ongeveer vyftig tot honderd lede bestaan het. Hierdie mense was almal bloedverwante uit dieselfde bloedlyn. Daar kon egter baie maklik seksuele vergrype

tussen die lede van ’n groot gesin ontwikkel. Om dit te verhoed is daar duidelike riglyne rondom die gesin, huwelik en egskeiding neergelê (Van Rensburg en Vosloo, 1999:142).

### 2.3.1.11 Die kommunikasiedoel van die perikoop

Die kommunikasiedoel van die perikoop kan soos volg verwoord word: Die gelowiges moet weet wie God is en hoe daar voor Hom geleef moet word.

As gelowiges aanbid ons die VerbondsGod met wie ons as gelowiges in ’n besondere verhouding staan. Ons verhouding met God hou sekere verantwoordelikhede in, maar ook besliste seëninge. Juis hier lê die boodskap van Deuteronomium vir vandag. Christene is God se kinders, deelgenote van Sy verbond. Hulle moet egter altyd met ’n gelowige lewe op God se genade antwoord. Deur goed na Deuteronomium te luister, kan ons baie leer oor wat God vandag van ons verwag (Van Rensburg en Vosloo, 1999:190-1).

Die perikoop kommunikeer oor die huwelik, gesinsverhoudings en die regulasies rondom egskeiding.

### 2.3.1.12 Toepassing van die eksegese en die geloofskeuses wat hierdie perikoop stel

Die Bybel stel die huwelik baie duidelik voor as ’n permanente, intieme eenwording tussen man en vrou. Die Bybel gee dit toe, daarom is Deuteronomium 24:1-4 kort riglyne wat die praktyk van egskeiding beheer. Dis ’n praktyk wat verdra word, maar nooit die Goddelike stempel van ’n gebod of aanmoediging dra nie (Collins, 2005:530).

Egskeiding was ’n permanente en finale stap. Geen egpaar kon weer na die egskeiding met mekaar trou as een of albei na hulle egskeiding verhoudings met ander het nie. Met hierdie verbod wou die Here verhinder dat mense skei sonder om behoorlik daaroor na

te dink en dan weer met ’n ewe ligsinnige gesindheid trou (Van Rensburg en Vosloo, 1993:274).

### 2.3.2 Nuwe Testamentiese Perspektief: Efesiërs 5:21-33

#### 2.3.2.1 Die keuse van die perikoop

In die Efesiërs 5:21-33 teks verwys Paulus na verskillende gesagsverhoudings en hoe Christus se eie optrede as model voorgehou word. Vanuit hierdie teks word gekyk na die Nuwe Testamentiese voorskrifte vir die huwelik.

Hierdie perikoop stel die besondere lewensverhouding naamlik, die huwelik aan die orde asook die verhouding tussen man en vrou wat ’n wyse lewenswandel illustreer (Roberts, 1990:156).

Eers gee Paulus die opdrag aan die vroue (5:22-24), daarna die opdrag aan die mans (5:25-30) en daarna noem hy die huwelik ’n afskaduwing van die verhouding tussen Christus en die Kerk (Van Rensburg en Vosloo,1993:1832).

Daar was tye toe die rolle van man en vrou duidelik afgebaken was en algemeen in die samelewing aanvaar is. Dit het verander. Selfs in die kerk is daar debat oor die betekenis van Bybelgedeeltes soos Efesiërs 5:21-33. Verwarring en konflik kan die gevolg wees wanneer ’n man en vrou na die huwelik toe kom met onduidelike rolle en vae verwagtings omtrent hulle eie en mekaar se verantwoordelikhede. Uiteenlopende veronderstellings en sienings omtrent wie veronderstel is om wat te doen, kan tot spanning lei, tensy die paartjie geleer het om eerlik en op ’n liefdevolle manier te kommunikeer. Man en vrou behoort op maniere te funksioneer waar hulle mekaar wedersyds help, ongeag gebruike of tradisies. Met hierdie uiteensetting van rolle moenie geïgnoreer word wat die Bybel ons leer nie. Daar moet ’n gesindheid van wedersydse onderwerping wees. Daar word egter strenger vereistes aan die man

opgelê. Hy moet sy vrou op ’n onselfsugtige manier liefhê, sy kinders met billikheid dissiplineer en sy gesin met wysheid lei. Op haar beurt word dit aan die vrou opgedra om haar aan haar man te onderwerp en hom te respekteer. Dit gee op geen manier vir die man die reg om sy vrou of kinders kwaad aan te doen, hulle te domineer, te ignoreer of onsensitief teenoor hulle te wees nie. Dit impliseer glad nie dat die vrou minderwaardig is nie. Die man en vrou is ewe waardevol en ewe belangrikin die bou van ’n suskesvolle huwelik, maar hulle het verskillende verantwoordelikhede. Hierdie breed gedefinieerde rolle vir man en vrou wat die Skrif voorskryf, kan nie verander of geïgnoreer word  om die tendens in ’n bepaalde kultuur te akkommodeer nie. Nogtans is daar ruimte vir variasie wanneer individuele egpare besluit wat hulle spesifieke pligte is en hoe hulle dit gaan hanteer, mits hierdie riglyne oorweeg gaan word binne die breë riglyne soos die Bybel dit uiteensit (Collins, 2005:460-461).

#### 2.3.2.2 . Die plek van die perikoop in die boek en die Bybel

##### 2.3.2.2.1 Die vasstelling van die boek in die Bybel

Efesiërs is een van die dertien briewe in die Nuwe Testament wat tradisioneel aan Paulus toegeskryf word. Verder is die slot van Efesiërs en Kolossense feitlik identies. Hierdie twee briewe het ook ’n groot ooreenkoms in styl en woordgebruik. Wat Paulus in hieride twee briewe oor die rol van Christus en die kerk sê, is ‘n uitbreiding en verdieping van wat hy in sy ander briewe sê.
(Van Rensburg en Vosloo, 1999:1567)
Die spesifieke perikoop handel oor riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudings.
Dan gee hy riglyne vir drie spesifieke verhoudings:
Verhouding tussen man en vrou in die huwelik (5:22-33)
(Van Rensburg en Vosloo, 1999:1577)

Die hooftrekke van die boek kan soos volg verstaan word:
Die brief kan in verskillende snitte verdeel word:
Briefaanhef, bekendstelling en seëngroet (1:1-2)

| | |
|---|---|
| Eerste hoofdeel | (1:3a-3:21) |
| 1. Uitroep van lof | (1:3a) |
| 2. Redes vir hierdie lof | (1:3b-14) |
| 3. Voorbiddingslys | (1:15-21) |
| 4. Geloofsbelydenis | (1:22-23) |
| 5. Voorbidding | (3:1-13; 19) |
| 6. Lofprysing | (3:20-21) |
| Tweede hoofdeel | (4:1-6:20) |
| 7. Handhaaf die eenheid onder gelowiges | (4:1-6) |
| 8. Genadegawes sodat die eenheid van die kerk bedien word | (4:7-16) |
| 9. Konklusies oor die beginsels van die nuwe lewe (Wie die heil ervaar het, moet ook die nuwe lewe voer) | (4:17-24) |
| 10. Konklusies oor die praktyk van die nuwe lewe (Diverse vermanings) | (4:25-5:14) |
| 11. Konklusies oor die praktyk van die nuwe lewe (Die wyse lewenswandel onder invloed van die Heilige Gees) | (5:15-6:9) |
| 12. Oproep tot bewapening en oorwinning | (6:10-20) |
| 13. Briefslot | (6:21-24) |

(Roberts, 1990:5-7).

#### 2.3.2.2.2 Die plek van die perikoop in die boek

Paulus wys hoe die gelowige sy lewe van elke dag moet inrig.

Die perikoop val in die gedeelte wat handel oor riglyne vir gedrag binne gesagsverhoudinge (5:21-6:9).

Daar is onder eksegete redelike eenstemmigheid dat Efesiërs 5:22-33 ’n duidelike perikoopeenheid is. Dit is ’n onderdeel van die groter geheel 5:22-6:9 wat al drie huistafels vervat. Hierdie huistafels handel oor die huisreëls waarvolgens die huislike lewe van die Christene ingerig moes word. In hierdie gedeelte gaan dit om die reëling tussen man en vrou 5:21-33, van die tussen ouers en kinders 6:1-4 en die tussen here en slawe 6:5-9 (Burger, Muller en Smit, 1983:181).

Volgens Roberts vorm die perikoop ’n deel van ’n hoofeenheid 5:15-6:9 wat handel oor die praktyk van die nuwe lewe onder die invloed van die Heilige Gees, met verwysing na diverse verhoudings. Daar is spesifieke verwysing na die verhouding tussen man en vrou wat gefundeer is in die verhouding van die Heerser en sy kerk (1990:7).

**2.3.2.3 Die genre van die perikoop en van die boek.**

Saam met drie ander briewe van Paulus staan Efesiërs bekend as sy gevangenskapsbriewe, naamlik Kolossense, Fillipense en Filemon. Paulus verwys in al vier daarna dat hy in die tronk is. Die Efesiërsbrief neem die formaat van ’n omsendbrief aan. (Van Rensburg en Vosloo, 1999:1567). Die sterkste argument oor die genre van die brief is dat dit ’n gevangenskapbrief is met ’n ontstaanstyd van ongeveer 85 nC (Roberts, 1990:11).

**2.3.2.4 Die vertaling van die perikoop**

:21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

:22 Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.

:23 Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.

:24 Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

:25 Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

:26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,

:27 sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

:28 Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,

:29 want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen

:30 omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

:31 Daar staan in die Skrif: "Daarom sal ‘n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees."

:32 Hierin lê daar ‘n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.

:33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en ‘n vrou moet aan haar man eerbied betoon.

(Die Bybel 2001:255).

#### 2.3.2.5 Die bepaling van die kernvers

Die kernvers is die teksgedeelte in elke perikoop waar die sentrale tema of hoofgedagte saamtrek tot ’n eenheid. By die argumentatiewe stof is dit dikwels die hoofsin van die betrokke perikoop. By historiese stof kan die laaste verse weer dikwels die knooppunt bevat. Dit kan partykeer nodig wees om twee verse wat nie direk na mekaar volg nie, as die kernvers te kies (De Klerk & van Rensburg, 2005:50).

Die kernvers van hierdie perikoop is, soos vervat in

:21 ”*Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*” (Die Bybel, 2001:255).

Hierdie vers vorm ’n skarnier met die voorafgaande omdat daardeur die lewenswandel en die aanbidding van die gelowiges verbind word met hulle konkrete gedrag in al hulle verhoudinge (Burger, Muller en Smit, 1983:181).

Ter motivering aan die opdrag word nog toegevoeg dat die onderdanigheid moet geskied uit eerbied of in vrees vir Christus. Die feit dat hulle aan die Gesalfde respek betoon, moet vanself in die vol lewe onder die invloed van die Gees, daartoe lei dat hulle ook vir mekaar sal terugstaan en aan mekaar ondergeskik sal wees (Roberts,1990:162).

**2.3.2.6 Die bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop**

Dit word gemeen dat hierdie brief saam met die aan Kolossense en Filemon tydens Paulus se gevangenskap in Sesarea geskryf is. Daar word ook sterk ten gunste van Rome en Efese as ontstaansplekke geargumenteer. ’n Lang gevangenskap in Efese is egter onbewysbaar en hoogs spekulatief. As Efesiërs saam met Kolossense en Filemon in Sesarea ontstaan het sal dit ongeveer

58 n C wees. (Roberts, 1990:11). Onsekerheid bestaan of die Efesiërsbrief inderdaad aan die gelowiges in Efese gerig is. Die verwysing na Efesiërs 1:1 staan nie in die vroegste manuskripte nie. Dit beteken dat die brief nie aan ’n spesifieke gemeente gerig is nie, maar aan die gelowiges oral in daardie omstreke. Dit lyk eerder of die Efesiërsbrief ’n omsendbrief was wat Paulus saam met Tigikus gestuur het om die gelowiges in die hele Klein-Asië te bemoedig en te versterk, sonder om aan die probleme wat in ’n spesifieke gemeente voorkom aandag te gee. Die gemeente in Efese was dalk die eerste besoekpunt vir Tigikus op sy reis na Klein-Asië ( Van Rensburg en Vosloo, 1999:1565). Die Efesiërbrief is nie geskryf om dwaalleer of verkeerde praktyke reg te stel of om spesifiek vrae van die gemeente te antwoord nie. Dit handel oor bemoediging. Paulus skryf onder andere oor die aard van die kerk en roep die gelowiges op as die lewende liggaam van Christus op die aarde om die werk te doen wat Christus aan die gemeente opdra. Hy wil hulle geloof versterk deur hulle te wys dat die kerk as liggaam van Christus een moet wees en hulle die eenheid in praktyk van elke dag se lewe moet uitleef (Van Rensburg en Vosloo, 1999:1565).

**2.3.2.7 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers gestel het**

Uit die teksgedeelte kan verstaan word dat Christus die hoof is van die heelal en van die hele geskiedenis. Hy is ook die Hoof van sy liggaam, die Kerk. Chistus is dus die hoof van almal (1:10). Daarom moet alle gelowiges se hele lewe daarvan getuig dat hulle sy hoofskap erken, en moet hulle regtig moeite doen om hulle lewe in te rig soos Hy as Hoof dit wil hê (Rensburg en Vosloo, 1999:1566).

Dis duidelik uit die perikoop dat daar ‘n aantal algemene beginsels vir alle gesagsverhoudings is. Die oorkoepelende beginsel vir alle gesagsverhoudings is: 5:21 “*Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.”* Die uitdrukking *“uit eerbied vir Christus”* beteken dat Christus se verhouding met ons en ons verhouding met Christus die bepalende faktor in ons gesagsverhoudings moet wees. Albei partye in die gesagsverhouding word opgeroep om hulle verhouding met mekaar op Christus te modelleer. Nie net wat Christus wil hê nie, maar ook Christus se rol word dus as model voorgehou (Van Rensburg en Vosloo, 1993:1832).

**2.3.2.8 Woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop deur middel van raadpleging van eksegetiese bronne**

Aangesien Grieks nie ons moedertaal is nie, is dit nodig om ’n woordstudie van die belangrike begrippe in die perikoop te doen. Vir hierdie doel is daar elektronies van LOGOS program gebruik gemaak met die verskillende Bybelvertaling soos, die New Revised Standard Version, Portugese Common Language Version, Revised English Bible en Revised Standard Version asook Eksegetiese bronne wat hierdie elektroniese program bied.

Verder is daar van E-Sword gebruik gemaak met spesifieke verwysing na die Strong’s Hebrew/ Greek Dictionary.

:21 **“***Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*.”

Die eis word aan gelowiges gestel om aan mekaar onderdanig te wees. Teenoor die mens se natuurlike aggressiwiteit wat daartoe lei dat hy altyd die mede-mens wil onderkry, altyd oor hom wil baas speel, hom altyd ten koste van andere wil handhaaf, word die gelowiges gemaan om aan mekaar onderdanig te wees. Waar die Gees die bewind voer, word die lewe ook vol in die sin dat ‘n mens die genade ontvang om nie langer homself en sy eie belange in die sentrum te plaas nie, maar om die ander se belange belangriker te ag (Roberts, 1990:161-162).

υποτασσ́ω kan verstaan word as:

*subortdinate, reflexively to obey, be under obedience, put under,*

*subdue unto,subject to* (E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).
Ander Skrifgedeeltes wat hierdie vers ondersteun is Kolossense 3:18 en 19.
"*Vrouens, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo. Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie"* (Die Bybel, 2001:265).

Ander Skrifgedeeltes wat hierdie vers versterk is Kolossense 3:18-22
Kol 3:18 "*Vrouens, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.*
Kol 3:19 *Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.*
Kol 3:20 *Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.*
Kol 3:21 *Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.*
Kol 3:22 *Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here "*
(Die Bybel 2001:265).

:22 **"***Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is".*
In hierdie verse kom nou eers die houding van die vrou teenoor die man tersprake. Die opdrag aan die vrou is gekoppel aan die vorige opmerking oor onderdanigheid. Dieselfde werkwoord υποτασσω word hier gebruik**.**
Die opdrag tot onderdanighied word deur 'n hele paar sake getemper. Vir eers gaan dit nie om die onderdanigheid in die sin van toe te laat dat die man haar oorheers, oordonder nie. Dit gaan hier om die teendeel van aggressiewe heersugtigheid in die plek waarvan die gelowiges eerder gekenmerk word as diegene wat vir mekaar ruimte maak, wat bereid is om vir mekaar terug te staan sodat gemeenskaplike belange daardeur gedien word.

Tweedens hang hierdie opdrag juis ten nouste saam met die wyer opdrag om aan mekaar onderdanig te wees. Daar is 'n sin waarin die vrou ook van haar man kan verwag om aan haar onderdanig te wees. Hy moet weet dat om 'n volgeling van Jesus te wees, beteken dat hy ook aan sy vrou lewensruimte moet gee, haar belange hoër stel as wat hy sy belange stel. Derdens word die opdrag aan die vrou getemper deur die manier waarop die man in hierdie perikoop op sy beurt ten opsigte van sy verhouding tot sy vrou aangespreek word. Die opdrag word gekwalifiseer deur die motivering:
"Net soos julle aan die Here onderdanig is*."*
Êrens moet die vrou se toegee aan 'n man, haar bereidheid om terug te staan, 'n ooreenkoms toon met die manier waarop sy Jesus as Heerser erken en dien (Roberts, 1990:163-164).

:23 **"** *Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is*.
:24 *Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees."*
κεφαλη kan verstaan word as: *the head, as the part most readily taken hold of* (E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).
Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy Kerk. Dat God se volk in die Gesalfde hulle Leier en Regeerder het vir wie hulle in gehoorsaamheid volg, blyk daaruit dat Hy hulle Hoof genoem word. Hulle is aan Hom verbonde omdat hulle hulle oorsprong in Hom het: Hy is die Redder of Verlosser. Deur sy bevrydende verlossingswerk wat Hy as hulle Verteenwoordiger in sy kruisiging en opstanding verrig het, het Hy hulle as God se geredde gemeenskap daargestel. Op hierdie manier is hulle sy liggaam wat Hy in sy reddingsdaad by Hom geïnkorporeer het. Paulus se redenasies is soos volg: Die geredde verbondsvolk volg uit dankbare gehoorsaamheid vanselfsprekend die Hoof of bewindhebber. So is hulle as sy onderdane onderdanig aan die Gesalfde. Maar die man is ook die hoof. Hy is die hoof van die vrou. En daarom moet sy aan hom onderdanig wees. Die vrou se onderdanigheid het daarmee te doen dat die man deur God daargestel is as die hoof wat haar, wat sy gesin, lei

op God se pad, op die weg wat die Heerskappyvoerder verlang
(Roberts, 1990: 164).

:25 **"***Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het."*

Die opdrag word hier aan die man gegee om sy vrou lief te hê. Vir die Gesalfde om redding te bewerk het egter die grootste daad van liefde geverg. Die Gesalfde se liefde vir die volk van God het Hom daartoe gelei om Homself ter wille van hulle oor te gee, Homself heeltemal selfloos ter wille van hulle op te offer en prys te gee. Die voorbeeld van die Gesalfde is deurslaggewend vir die soort liefde wat 'n man vir sy vrou moet hê. Dit gaan hier om liefde van die hoogste orde. Dit gaan om die soort liefde wat bereid is om alle selfbelang prys te gee en alleen te soek na die belange van die ander. Met die soort liefde was die Gesalfde bereid om Homself tot in die dood toe op te offer. En met die soort liefde moet 'n man sy vrou liefhê. Dit spreek vanself dat waar so 'n liefde bestaan, daar geen sprake kan wees van 'n man se oorheersing oor sy vrou nie. Sy rol in die ' aan mekaar onderdanig wees' word gesien as selflose liefde waar hy selfs bereid is om sy vrou se belange te bevorder (Roberts, 1990: 165).

αγαπάω kan verstaan word as: *to love in a social or moral sense*
(E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).

**φιλέω** Volgens Louw en Nida kan hierdie term vertaal word met: *to have love or affection for someone or something based on association, to love, to have affection for* (Louw & Nida,1988:293).

:26 ***"****Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het "*

**:**27 "*sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."*

In hierdie twee verse heg Paulus vier uitsprake wat sê dat die Gesalfde Homself ter wille van die Godsvolk prysgegee het. Hierdeur kom sy oogmerke met die aflê

van sy lewe duidelik na vore. Eerstens wou Hy die Kerk aan God wy. Dit dui daarop dat Hy die gelowiges vir God afgesonder het. Dis juis as afgesonderdes vir God dat hulle sy verbondsvolk is. Om dit te kon word, moes hulle gereinig word van hulle sonde. Vir hulle het hierdie reiniging ‘n praktiese werklikheid geword toe hulle gehoor gegee het aan die gepredikte woord en toe hulle met water gedoop is as teken van hulle reiniging, die afwassing van sonde en inlywing in die een liggaam van Christus. Tweedens wou die Gesalfde deur die aflegging van sy lewe die kerk in volle heerlikheid by Hom neem. Die Godsvolk word hier voorgestel as die skitterende bruid van die Gesalfde. Die derde oogmerk van die Gesalfde was dat sy bruid in al haar prag sonder vlek of rimpel of iets dergliks voor Hom sal staan. Vierdens word as oogmerk gemeld dat God se volk heilig en onberispelik mag wees, dit wil sê sonder enige blaam of beskuldiging. Hierdie twee verse staan nie los van die huweliksraadgewing vir man en vrou nie.Die liefde van die Gesalfde wat Hom sy lewe laat aflê het om al hierdie dinge in sy Kerk te bewerk, vind neerslag in die liefde wat die man vir sy vrou moet hê (Roberts, 1990: 166).

αγιαξω kan verstaan word as: *to make holy, ceremonially, to purify or mentally consecrate. To seperate from profane things and dedicate to God. To free from the guilt of sin, to purify internally by renewing of the soul*

(E-Sword Strong’s Hebrew/ Greek Dictionary).

In die drie finale sinne word die liefdesdaad van Christus teenoor die kerk nou belig deurdat Hy sy lewe daarvoor afgelê het, Hy het die kerk aan God gewy en Hy reinig die kerk deur die doop.

:28 ***“****Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief .”*

Dis eenvoudig ‘n feit van die lewe dat elke mens vir sy liggaam sorg.

Dit bewys dat hy homself, sy eie, nie haat nie, maar liefhet (Roberts, 1990: 166).

**σωμα** kan verstaan word as: *bodily, body, slave*

**σαρξ** kan verstaan word as: *flesh, body, symbol of what is external, human*

*nature, human being* (E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).

:29 **"***want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen"*

:30 **"***omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is."*
'n Ander aspek word nou hier aan die orde gestel.
Die mans is verplig om hulle vrouens lief te hê soos hulle hulle eie liggame liefhet. Dis 'n feit van die evangelieboodskap dat die Gesalfde die volk van God versorg, liefhet, omdat die lede daarvan sy liggaam is (Roberts, 1990: 166.)

πρεφῳ εκπρεφωstaan word as:*to nourish, support, feed, fatten, bring up, and nurture* (E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).

:31 **"***Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees".*
Die Bybel sê dat die man sy pa en ma sal verlaat en saam met sy vrou sal lewe en dat hulle twee dan een sal wees. Die implikasies hiervan is duidelik: Die vrou het die man se liggaam geword. Soos die Gesalfde met sy eie liggaam, die Kerk, gedoen het en soos elke mens met sy eie liggaam doen, naamlik om dit liefdevol te versorg, so moet die man in die huwelik ook met sy liggaam, sy huweliksliggaam, sy vrou doen: Hy kan nie anders nie as om haar lief te hê, te versorg en vir haar voordeel te werk nie (Roberts, 1990: 166).
κατάλειπώ λειπώ kan verstaan word as: *to leave down, to leave behind, abandon, forsake* (E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).
:32 **"***Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk."*
Dit bring die argument tot 'n einde. Die saak wat so verwonderlik is, is dan die hele aangeleentheid van die huwelik. Die feit dat 'n persoon van sy ouers weggaan, met 'n vrou trou, en dat hulle een liggaam gaan vorm. Dit bring mee dat die uitsetting oor die huwelik enersyds as afbeelding dien van die

verhouding tussen die Gesalfde en die Godsvolk, maar andersyds ook dat die Gesalfde en sy verhouding tot die Godsvolk dien as voorbeeld vir die gelowiges oor hoe die getroudes binne die huwelik ten opsigte van mekaar behoort te staan: Hulle twee het een liggaam geword en dit verplig die man om sy vrou wat sy bene , vleis en bloed geword het, liefderyk te versorg (Roberts, 1990: 167).

:33 **"***Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon."*

Die laaste vers bestaan uit twee sinne wat die voorafgaande vermanings oor die man en vrou weer saamvat. Paulus het die laaste met die man gepraat. Daarom sluit hy nou af deur op 'n tipiese chiastiese wyse eers samevattend die man te vermaan en dan die vrou. Wat die man betref, hy moet sy vrou liefhê soos homself. Die sin bring niks nuuts navore nie en herhaal die voorafgaande aan die adres van die man. Die vrouens moet so optree dat hulle lewe eer vir hulle mans sal bring. Deur haar lewe en optrede moet sy haar eerbied en haar respek vir haar man laat sien (Roberts, 1990: 167).

φοβεω kan verstaan word as: *to frighten, affraid, reverence for one's husband: awe mingled with respect and esteem.*

(E-Sword Strong's Hebrew/ Greek Dictionary).

### 2.3.2.9 Die openbaring van God in die perikoop

In hierdie gedeelte gaan daar gekyk word wat God oor Homself as Vader, Seun en Heilige Gees openbaar, wie Hy is, wat Hy doen en wat Hy van Homself sê (De Klerk & Van Rensburg, 2005:19). In hierdie brief kom God Drie-Enig besonderlik aan die orde. Dit gaan om God in Sy glorie en lofwaardigheid en die heil wat Hy vir mense bewerk het. Hy word geteken as die Beplanner van die heil wat deur Sy Gesalfde tot stand gebring is. Hy is die Vader van sy kinders wat sy verbondsvolk en sy huisgesin uitmaak. Die Gesalfde wat die heil bewerk het, tree as Heerskappyvoerder oor die kosmos en van God se Verbondsvolk op die voorgrond. Die Heilige Gees is God teenwoordig in die ervaring van die heil. Hy is self eskatologiese heilsgawe van God

aan Sy volk, asook begeleier na die heil toe en Bewerker van die gawes (Roberts, 1990:18). Spesifiek in die perikoop word God duidelik geopenbaar. In :22-24 word daar verwys na onderdanigheid. Die vrou se houding teenoor haar man word vergelyk met die van die Godsvolk teenoor die Gesalfde:

*"Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees"* (Die Bybel, 2001:255). Dat God se volk in die Gesalfde hulle Leier en Regeerder het vir wie hulle in gehoorsaamheid volg, blyk daaruit dat Hy Hoof genoem word. Hulle is verbonde aan Hom omdat hulle hulle oorsprong in Hom het: Hy is Redder en Verlosser. Paulus se redenasie is soos volg: die geredde verbondsvolk volg uit dankbare gehoorsaamheid vanselfsprekend die Hoof en Bewindhebber. So is hulle as onderdane onderdanig aan die Gesalfde. Die man is ook die hoof. Hy is die hoof van die vrou. En daarom moet sy aan hom onderdanig wees (Roberts, 1990:164).

Deur sy soenverdienste het Christus die gemeente vir God geheilig. Heiliging as positiewe deel van die reiniging van sonde kan alleen staan op die verkiesing van die kerk, sy afgrensing uit die wêreld en sy verplasing in die sfeer van die heiligheid van God. Die gemeente is in die nabyheid van God en sy glans straal van Hom af op sy kerk. In die huwelik tussen man en vrou vind ons 'n diepe geheimenis, 'n afbeelding van 'n groter saak, naamlik, die verhouding tussen God en sy Kerk op aarde (Burger, Muller en Smit, 1983:182,183).

**2.3.2.10 Die verlossingsfeite in die perikoop en oproepe op grond daarvan**

In vers 23 word verduidelik "*die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is"* Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy Kerk.

Hier is sprake daarvan dat die Gesalfde die Redder van die kerk is. Om die redding te bewerk, het egter die grootste daad van liefde geverg. Die Gesalfde se liefde vir God se volk het Hom daartoe gelei dat Hy Homself ter wille van hulle oor gee, Homself heeltemal selfloos ter wille van hulle op offer en prys gee. Hy het Sy lewe afgelê. Die voorbeeld van die Gesalfde is deurslaggewend vir die soort liefde wat 'n man vir sy vrou moet hê. Dit gaan hier om die liefde van die hoogste orde. Dit gaan om die soort liefde wat bereid is om alle selfbelang prys te gee en wat alleen soek na die belang van

ander. Met die soort liefde was die Gesalfde bereid om Homself tot die dood toe op te offer. Met die soort liefde moet ’n man sy vrou liefhê (Roberts,1990:165).

#### 2.3.2.11 Die kommunikasiedoel van die perikoop

Paulus sê dat daar in die huweliksverhouding tussen man en vrou ’n diep geheimenis opgesluit lê. Hy pas dit toe op die verhouding tussen Christus en die kerk, :32 *“Hierin lê daar ‘n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.:33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en ‘n vrou moet aan haar man eerbied betoon”* (Die Bybel, 2001:255). Dit is interessant hoe Paulus die rolle omruil. Eers het hy die verhouding tussen Christus en die kerk as voorbeeld voorgehou vir die verhouding tussen man en vrou in die huwelik: die vrou moet aan haar man onderdanig wees soos die Kerk aan Christus onderdanig is (:24). Die man is die hoof van vrou soos Christus die hoof van die Kerk is (:23), en hy moet sy vrou liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe vir haar afgelê het (:25). Maar dan stel hy weer dat God die verhouding tussen man en vrou gebruik om die geheimenis van die intieme eenheid tussen Christus en die Kerk sigbaar te laat word (:31-32). Hierdie feite lê groot appèl op elke egpaar. Jy moet besef dat God jou huwelik gebruik om die mense iets te laat begryp van die verhouding tussen ons as bruid en ons Bruidegom, Jesus Christus (Van Rensburg en Vosloo 1999:1579).

Die verhouding van Christus tot sy Kerk word gebruik vir die teologiese fundering van die huwelik en van die wedersydse verhoudinge van man en vrou teenoor mekaar (Burger, Muller en Smit, 1983:182).

#### 2.3.2.12 Toepassing van die eksegese en die geloofskeuses wat hierdie perikoop stel

Die perikoop kom met die uitdaging na elke verhouding om dit na die lewe en

voorbeeld van die Here Jesus Christus in te rig. Die huwelik tussen twee gelowiges moet op hierdie Goddelike riglyne gebaseer wees. Daarom dat die huweliksmaats eers hulle verhouding in Christus moet ontdek en bou en dan daarop ’n huweliksverhouding skoei. Hierdie perikoop gee sterk aanduidings en riglyne vir huweliksvoorbereiding en kan suksesvol aan voornemende pare oorgedra word. Die raad en aanbevelings wat vanuit hierdie perikoop na vore kom kan slegs op gelowiges van toepassing gemaak word, aangesien ’n nie-gelowige min begrip vir die Efesiërsboek se redenasie sal hê (Rensburg en Vosloo,1999:1579).

Wanneer Paulus in Efesiërs 5:21-33 oor die huwelik en die rolverdeling skryf, begin hy sy beskrywing deur te sê dat die man en vrou aanmekaar onderdanig moet wees. Onderdanigheid behoort by elke Christen ‘n lewenstyl te wees, en behoort deel te wees van hulle huweliksverhouding. Onderdanigheid het te make met die manier waarop ons na mekaar se belange omsien in die huwelik. Hoe die man in die huwelik leiding neem, is sigbaar in Christus se lewe. Daarom herinner Paulus ons daaraan dat Christus die Hoof van die kerk is, maar dat Hy terselfdetyd ook die Verlosser van die kerk is. Die styl waarmee daar leiding in die huwelik geneem moet word, is die styl van verlossing (Knouwds, 2000:44,45).

## 2.4. Mensbeskouing, Skrifbeskouing en Godbeskouing

### 2.4.1 Mensbeskouing

Die mens kan verstaan word as ‘n eenheidswese, beelddraende wese, verhoudingswese, tweeslagtige wese en ‘n toekomswese. As kroon van die skepping kan die mens nie met gevoude hande op ‘n troon sit nie, maar die aarde bewoon, daaraan werk en daarin tuisvoel. Die mens wat ons in die Skrif ontmoet, is God se mens. Die mens met wie God besig was, besig is en besig sal wees. Die mens is in al sy doen en late by God betrokke, deur God lief te hê en aan God gehoorsaam te wees (Heyns, 1984:119-124).

#### 2.4.1.1 Die mens as Eenheidswese

Volgens die Skrif is die mens ‘n Eenheidswese. Die mens is nie ‘n dier of ‘n engel nie. Die mens beskik oor ‘n persoonlikheid, is intellektueel en besit gawes. Een van die mens se basiese eienskappe is dat hy liggaam, siel en gees is. Die liggaam en die siel word met God en sy handelinge in verband gebring. Van liggaam en siel is God die Skepper, en omdat die mens na liggaam en siel sondig, word die ligggaam en siel deur Jesus Christus verlos en eenmaal tot die nuwe opstandingslewe opgewek. Dat die mens ’n lewende liggaam het, is ‘n gawe uit God se hand. Daarom behoort die liggaam aan die Here en woon die Heilige Gees daarin. Al sterwe die liggaam eenmaal, sal hy opgewek word as ‘n geestelike liggaam (Heyns, 1984:119-124).

#### 2.4.1.2 Die mens as Beelddraende wese

Die unieke van die mens is nie net die bestaan as eenheid van sy liggaam en siel nie, maar dat hy as liggaam en siel geskape is na die beeld en gelykenis van God. Die mens se geskapenheid na God se beeld en gelykenis beteken dat die mens as verteenwoordiger van God op die aarde aangestel is. God is handelend teenwoordig op die aarde, maar op ‘n onsigbare wyse. Deur die mens na sy beeld te skape word God in en deur die mens sigbaar teenwoordig (Heyns 1984: 124-126). Die mens is ‘n religieuse wese omdat hy as beeld van God geskep is. As verteenwoordiger van God op aarde met ambassadeurstatus (2 Korthiërs 5:20) en opdragte, tree die mens verantwoordelik op. Die mens is geskep met vermoëns wat hom in staat stel om sekere beslissings te kan maak. Hy beskik oor verstand, wil, insig, begrip, verbeelding en taal; hy word gedryf deur motivering en kan rekenskap gee van sy keuses. Daarom is die keuse wat hy gemaak het, sy keuse en niemand anders s’n nie. Die mens is nie net ‘n aangesproke wese nie, maar ‘n antwoordende wese. Hy is deur God aangespreek en daarop moet hy antwoord. Meer nog: hy is ook ‘n verantwoordelike wese (Heyns, 1992:11).

#### 2.4.1.3 Die mens as Verhoudingswese

As verteenwoordiger van God beteken dit dat die mens as verhoudingswese leef in verhoudings: tot God, sy medemens, tot homself, die natuur, tot die kultuur en tot die strukture. Volgens die Skrif kom die mens eers tot sy identiteit en bereik sy bestemming wanneer hy, as die mens deur middel van sy verhoudings funksioneer (Heyns, 1984:127-128).

#### 2.4.1.4 Die mens as Tweegeslagtelike wese

Die mens is nie net 'n eenheidswese van liggaam en siel wat in verskillende verhoudings staan nie, maar hy bestaan ook op 'n tweeledige wyse as manlik of vroulik. En daarmee is die enigste struktuele verskeidenheid in alle intermenslike verhoudings aangedui (Heyns, 1984:137).

#### 2.4.1.5 Die mens as Toekomswese

Volgens die Skrif is die mens op die weg van God se plan met sy lewe, na die verwerklikking van daardie plan. Tussen die plan en die verwerklikking daarvan lê die roeping en toerusting deur God. Die toekoms waarheen die mens opweg is, is onbekend, maar behoort nietemin aan God. Omdat die mens God ken, bied dit die waarborg dat die toekoms geen bedreiging kan inhou nie. God self plaas ons op die weg na die toekoms en daarop hou hy ons in beweging, want die stem waarmee God roep dui die rigting en die koers aan (Heyns, 1984:139-140).

In berading wat gerig is op verhoudingsbou met huweliksvoorbereiding is dit van groot belang dat die berader die voornemende huwelikspaar erken as mense wat eenheidswesens, beelddraende wesens, verhoudingswesens, tweeslagtige wesens en toekomswesens is.

### 2.4.2 Skrifbeskouing

Die Skrif kan verstaan word as Goddelik geïnspireer, gesagvol, betroubaar, genoegsaam en duidelik ( 2 Timoteus 3:16).

Die Bybel is deur mense geskryf, maar direk van God afkomstig.

In die verhouding wat God met die mens binnegegaan het, en waarin God steeds die inisiatief behou, neem God se spreke ‘n uiters belangrike plek in. Omdat spreke die mees persoonlike en intieme vorm van onderlinge verkeer uitmaak, is dit volkome te verstaan dat die Woord in die geskiedenis van Israel sentraal staan, want God self is die Woord in die hart (Heyns, 1992:9).

#### 2.4.2.1 Die gesag van die Bybel

Die Bybel het gesag omdat dit die boek van God se spreke is. Die gesag van die Bybel kom van God af. Die Bybel het sy oorsprong in God self. Dit het ‘n boodskap wat vir elke mens lewensbelangrik is. Die spreke van God deur die Skrif roep geloof in die hart van mense op en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Bybel. Daarom kan mens verstaan dat die gesag van die Bybel wat wel los en onafhanklik van die mens buite hom staan, sigbaar effektief word in die menslike aksie van geloof (Heyns, 1984:29-30).

#### 2.4.2.2 Die betroubaarheid van die Bybel

Die betroubaarheid van die Skrif is die betroubaarheid van God self. Die betroubaarheid van die Bybel is nie los te make van sy oorsprong en boodskap nie. Dat God gespreek het en wat God gespreek het, daarin is die betroubaarheid van die Skrif gegrond. Met betroubaarheid korrespondeer ‘n vertroue, wat elke gelowige met die omgang van die Skrif besit. Hierdie vertroue word gevoed uit die Skrif. Die Skrif is betroubaar en wek vertroue met betrekking tot die ewige lewe, so ook vir die tydelike. Die lewe van die

Skrif is betroubaar vir die lewe op aarde, binne sowel as buite die kerk (Heyns, 1984:30-32).

#### 2.4.2.3 Die genoegsaamheid van die Bybel

Die boodskap van die Skrif, sonder weglating of aanvulling, is genoegsaam en noodsaaklik. Die heil en die weg wat geopenbaar is in die Skrif is voldoende. Die genoegsaamheid van die Skrif beteken daar is geen ander aanvulling nodig nie. Die inhoud van die Skrif, wat die boodskap oor die Koninkryk van God is, is voldoende, geen byvoeging is nodig nie. Alhoewel die Skrif genoegsaam is, beteken dit tog dat die mens nog vrae mag vra en God se wil mag soek, verder sal redeneer en dink oor God. Die Skrif wil nie antwoorde op alle vrae bied nie. Die Skrif is genoegsaam ten opsigte van die boodskap wat hy wil deurgee, selfs ook vir beginsels wat dit deurgee wat geld vir die ganse lewe (Heyns, 1984:32,33).

#### 2.4.2.4 Die duidelikheid van die Bybel

Die Bybel kan begryp en verstaan word omdat dit ‘n openbaringsboek is. Dit beteken nie dat die Skrif eenvoudig en deursigtig is nie. Die duidelikheid van die Skrif moet ontworstel word langs die weg van Skrifondersoek in die gees van gebed en opening van harte om te glo en in vertroue op die verligtende werk van die Heilige Gees. As die Bybel die boek is wat die Heilige Gees laat skrywe het, spreek dit vanself dat Hy alleen dit ook aan mens kan verduidelik (Heyns, 1984:33).

Tydens die beradingsproses van huweliksvoorbereiding, met die oog op verhoudingsbou word die berader se Skrifbeskouing toegepas sowel as die berader se verstaan van die Skrif as Goddelik geïnspireer, gesagvol, betroubaar, genoegsaam en duidelik, volgens 2 Timoteus 3:16.

### 2.4.3 Godsbeskouing

God is Drie-Enig, ewig, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, wys, regverdig, goed en heilig (NGB art 1). Die God waarom dit in die dogmatiek gaan is die God wat ons in die Bybel leer ken. Met ander woorde dit is die God wat self sy bestaan aan die mens bekend gemaak het. Vir sy bestaan is Hy van niks en niemand afhanklik nie. Voor die wêreld en die mens bestaan het, het hy reeds bestaan. Die God van die Bybel is absoluut (Heyns, 1992:5).

#### 2.4.3.1 God is Drie-Enig

God is een wese en drie Persone. Aan elkeen van die drie Persone word besondere werk verbind, sonder dat die Ander daarvan uitgesluit word. Die Vader is vir die skepping verantwoordelik, die Seun is vir die verlossing verantwoordelik en die Heilige Gees is vir die voleinding verantwoordelik. Wesensmatig is God enkelvoudig, maar persoonsmatig is Hy drievoudig (Heyns,1984:49,50).

#### 2.4.3.2 God is ewig

Soos tydelikheid die bestaanswyse is van alles wat geskape is, is ewigheid die bestaanswyse van God. Ewigheid is die wyse waarop God bestaan. Ewigheid van God ken geen begin of einde nie. God is voor, bo en na tyd. God is voor tyd, want God se bestaan gaan die bestaan van die mens en alle dinge vooraf. God is ook na die tyd, want as tyd soos ons dit tans ken ophou, sal God nog steeds daar wees. God is bo tyd, want Hy beheer en omsluit tyd in sy historiese hoop van verlede, hede en toekoms. Vir die ewige God geld die grense en die beperkinge van die tydelike-kreatiewe wêreld in geen opsig nie (Heyns, 1984:62,63).

#### 2.4.3.3 God is onbegryplik

Deur God se openbaring is daar wel kennis van God en sy heilsplan moontlik, maar nooit kan kennis uitputtend en omvattend ten op sigte van die Goddelike Wese wees, nie aangesien die menslike verstand te beperk is. Dit geld ook vir die oneindige rykdom van die Goddelike Wese. God is verhewe, oneindig bo die menslike sintuiglike waarnemingsvermoë . Tog het die vleesgeworde Christus 'n toeganspoort tot God geskep (Heyns, 1984: 63).

#### 2.4.3.4 God is onveranderlik

Die Kerk het van die begin af bely dat God na Sy Wese, eienskappe, woord en daad altyd God bly. Daar is in God geen proses van toename of afname nie. Hy is nie soms meer en soms minder God nie. Hy is God daarom bly Hy aan Homself getrou. Onveranderlikheid kan nie gelyk gestel word aan afsydigheid nie. God is onverandelik as die God van die lewe en altyd die bron van die lewe (Heyns, 1984: 63,64).

#### 2.4.3.5 God is oneindig

In die tyd en ruimte het God geen begin en einde nie. Hy kan in geen vorm van afmeting en hoeveelhede weergegee word nie. Die oneindigheid van sy wese het ook te doen met die oneindigheid van sy eienskappe, want aan wat God is, is daar geen einde nie. God is algoed, alwys, almagtig, alsiende, alwetend, alomteenwoordig. Nêrens kan God so gelokaliseer word dat Hy elders nie ook aanwesig is nie. Die lewende God is hoër as die hemel, dieper as die hel, breër as die see en groter as die aarde (Heyns, 1984:63, 64, 65).

#### 2.4.3.6 God is almagtig

Oor die almag van God bestaan daar baie misverstande en on-Bybelse opvattings. So byvoorbeeld word sy almag verkeerd verstaan as ’n mag wat Hom tot letterlik alles in staat stel, ook tot dit wat nie met sy wese in ooreenstemming is nie. Daarmee word verstaan dat God se almag uiteindelik Hom in staat stel om Homself nie-God te laat wees. Die almag van God is dus die mag van sy heerskappy wat Hom in wysheid volgens sy geregtigheid en heiligheid laat wees. Die almag van God, as eienskap van God, is die mag van sy wil. Sy wil en wese is volledig in harmonie. Die almag van God is die van ’n liefdevolle, heilsoekende, en genadige God (Heyns, 1984:66,67).

#### 2.4.3.7 God is wys

Met wysheid het God die werke van Sy hande gemaak. Advies het God nie nodig nie, want in Homself het Hy alles. In die skepping en herskepping word die wysheid en kennis van die Drie-enige God ten diepste geopenbaar. God se kennis is nie soos menslike kennis aan tyd, ruimte, waarneming en gevolgtrekking verbonde nie. Sy kennis is ook nie die van ’n onbetrokke toeskouer nie. Sy kennis is die uitdrukking van sy deelname, leiding, voorsienigheid en liefde. Sy kennis is uitverkiesend en heilsbewerkend (Heyns, 1984:67,68).

#### 2.4.3.8 God is regverdig

God het vir die ganse skepping ’n eindbestemming bepaal wat alles deur gehoorsaamheid en onderwerping aan sekere reëls en wette verwerklik kan word. God self bly hieraan getrou. So ook beloon Hy gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid bestraf Hy. God verloën Homself nooit nie. Wat Hy is bly Hy, en wat Hy gedoen het, handhaaf Hy. Daarom gaan Hy getrou voort met Sy skepping. Die sondaar is nie deur God verwerp nie, maar deur Hom vrygespreek. Tog haat God die sonde en straf dit. As

God die vryspraak vir die sondige mens gee, dan word dit oorgedra aan Christus (Heyns, 1984:67,68).

### 2.4.3.9 God is goed

Hy is en doen wat van God alleen waar is en verwag word. Hy beantwoord aan Sy bestemming as God. Inhoudelik laat die goedheid van God hom in verskillende gestaltes ken as goedentierenheid, barmhartigheid, lankmoedigheid, en liefde. Die goedheid van God word in een onophoudende lofsang dwarsdeur die Bybel besing (Heyns, 1984:70).

### 2.4.3.10 God is heilig

Die heiligheid van God dui op sy onaantasbare majesteit en sy oneindige verhewendheid bo alles. God se heiligheid kan ook ’n verterende vuur wees sodat niemand voor Hom kan staande bly nie. Juis omdat Hy die heilige God is, handhaaf Hy ook sy regte as God as ontsagwekkend. God deel sy heerlikheid met niemand en niks anders nie, nie met ’n mens of ’n afGod nie. Omdat Hy God is, het Hy die reg om vir Hom en Hom alleen Goddelike verering op te eis. Maar Hy het ook die reg om op te eis dat sy volk en sy kerk heilig sal wees. Hierdie heiliging geskied nie sonder of buite Jesus Christus, wat self heilige genoem word, nie, maar deur Christus en die Heilige Gees (Heyns, 1984:71,72).

Die berader se Godsbeskouing van ewig, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, wys, regverdig, goed en heilig, is van groot belang vir die huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou.

## 2.5. Pastorale benadering

Na aanleiding van die bogenoemde Gods-, mens- en Skrifbeskouing sal ’n pastorale benadering gevolg word om voornemende huwelikspare te begelei tot huweliksvoorbereiding waar verhoudingsbou as ’n noodsaaklike komponent beskou word.

# HOOFSTUK 3

# INTERPRATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT IN HUWELIKSVOORBEREIDING MET TOELIGTING VANUIT DIE DEELWETENSKAPPE

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan daar gefokus word op die interpratiewe perspektief ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in huweliksverhouding.

Osmer verduidelik die interpratiewe perspektief in terme van bedagsaamheid, teoretiese interpretasie en verstandige beslissing. Bedagsaamheid word beskryf as die diskrete wyse waarop mense hanteer word, asook die insig wat getoon word oor die alledaagse lewe en uitdagings. Die teoretiese interpretasie word verduidelik as die vermoë om die teorieë van wetenskap te gebruik om verskillende situasies, episodes en kontekste te verstaan, maar ook te reageer. Teorieë moet met wysheid benader word. Ons moet daardeur leer, maar ook krities daarteenoor staan, waar nodig. Die derde deel bestaan uit verstandige beslissings wat gemaak moet word. Wyse beslissing is noodsaaklik vir goeie leierskap in gemeentes. Dis die vermoë om episodes, situasies en konteks op drie relevante wyses te interpreteer, naamlik: erkenning van relevante besonderhede van spesifieke gebeurtenisse en omstandighede; die onderskeidingsvermoë van die morele oogmerk en ten laaste die bepaling van die mees effektiewe wyse om die oogmerke te bereik ,in die lig van beperkinge en moontlikhede van bepaalde plek en tyd (Osmer, 2008:82-84).

Deur die benutting van ander wetenskappe, benewens die teologiese literatuur, word ’n duidelike prentjie van die realiteit geskep (Schoeman, 2005:131). Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op verskillende vakdissiplines in die geesteswetenskappe se bestudering van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent

in huweliksvoorbereiding. Pieterse verduidelik die verhouding tussen die Teologie in huwelikspastoraat en ander deel-wetenskappe. Die huwelikspastoraat deur die pastor bly Woordbediening. Die Woord van God mag nie daaruit gehaal word nie. Vanuit hierdie gesigpunt is daar egter ook ruimte vir hulpwetenskappe. Dit beteken dat pastorale sorg as onderdeel van die diakoniologie ’n volwaardige teologiese vak is, maar dat dit sy insigte kan verhelder met gebruikmaking van sielkundige insigte en empiriese metodes. Daar kan gebruik gemaak word van die volgende:

- Die psigologie. ’n Basiese kennis van die sielkunde is vir die pastor nodig. Voorts moet hy ‘n sielkundige probleem kan raaksien en die nodige verwysing kan doen.
- Die sosiologie. Kennis en verstaan van die samelewingsverband, die kulturele situasie en die gesinsdinamiek van diegene in nood, is nodig. Van die maatskaplike werk is veel geleer ten opsigte van gesprekstegnieke.
- Die mediese wetenskap. Kennis omtrent die fisiologie van seks en al die anatomiese werkinge rondom hierdie onderwerp is nodig.
- Die regswetenskap. Die predikant behoort ’n goeie kennis van die huweliksreg en al die prosedures rondom bv. Egskeiding te hê (Pieterse 1977:28).

### 3.2. Die oogmerke van hierdie hoofstuk

Om ’n interpratiewe perspektief te kan saamstel, sal die volgende oogmerke nagestreef word:

- Om die konsep van verhoudingsbou as huweliksvoorbereiding te bespreek soos verstaan word uit ander deelwetenskappe wat in die vorige paragraaf vermeld word, asook om interpratiewe perspektiewe daar te stel.

### 3.3. Uitbreiding van die probleemstelling

In die vorige hoofstukke  volgens 1.3 is daar melding gemaak dat huwelike in die nood is en dat huweliksvoorbereiding noodsaaklik is . Die waarheid is dat meer pare vir hulle troudag voorberei as vir die huwelikslewe. Die bruilofindustrie kan hierdie navorsing bevestig. Meer as een miljoen bruidstydskrifte word per maand in die Verenigde State

verkoop wat alleenlik op huwelikseremonies, wittebroodvakansies en nuwe huishoudings fokus, maar geensins op die huwelikslewe self nie. Minder as ’n vyfde van huwelike in die Verenigde State volg ’n huweliksvoorbereidingsprogram. Die vraag word gevra wat sal die effek wees as dieselfde moeite, tyd en geld aan huweliksvoorbereiding gespandeer word, as wat gedoen word met die seremonie? Om die perfekte huwelikseremonie te beplan kry meer fokus as om ’n suksesvolle huwelik te beplan. Die afgelope twee dekades het huweliksberaders baie tyd en navorsing gedoen met betrekking tot huweliksvoorbereiding. Die gevolg is dat daar deesdae meer oor die tema geskryf word as ooit te vore. (Parrott & Parrott, 1995:12, 13).

## 3.4 Definisies

### 3.4.1 Huweliksvoorbereiding

Volgens Les Parrott, ’n sielkundige en Leslie Parrott ’n familieberader, is huweliksvoorbereiding uiters belangrik. In die jare 1930 het een uit elke sewe huwelike in ’n egskeiding geëindig. In die 1960’s was dit een uit elke vier huwelike wat onsuksesvol was. Volgens navorsing is vyftig persent van huwelike in die 1990’s beëindig. Parrott en Parrott verwys verder daarna dat elke huwelik deesdae ’n risiko loop van egskeiding. Meer as 200,000 nuwe huwelike wat in die Verenigde State bevestig word, eindig voor hulle tweede huweliksherdenking in egskeidings. Studies het bevestig dat 49% van huwelike ervaar intense huwelikskrisisse (Parrott & Parrott, 1995:12, 13). Volgens Dr Langer, die uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, is daar tans 30763 egskeidings per jaar. Ongeveer een uit elke drie kinders in Suid –Afrika groei in gebroke huise op (www.helpendehand.co.za.).

Huweliksvoorbereiding gaan dus oor die verskaffing van inligting oor die huwelik en die verhouding voor die huwelik. Huweliksvoorbereiding is opvoeding, didakties en sosialiserend van aard en werk uitsluitlik voorkomend (Alpaslan, 1994:8). Volgens Alpaslan kan verstaan word dat die idee agter huweliksvoorbereiding baie oorvleuelend kan wees. Daardeur word gepoog om misverstande en onsekerhede oor die

huweliksverhouding en die huweliksmaats voor die huwelik op te klaar. Om inligting oor die huwelik en sy werking daar te stel en om vaardighede aan te leer waardeur die groeipyne in die huwelik hanteer kan word. Huweliksvoorbereiding wil voornemende huwelikspare sosialiseer vir die huwelik, huwelikstevredenheid vestig en bevorder en voorkom dat die huwelik misluk (Alpaslan, 1994:8).

Volgens Les Parrott is huweliksvoorbereiding uiters belangrik en is daar baie meer navorsing in die laaste twee dekades oor huweliksvoorbereiding gedoen as ooit te vore, veral oor die inhoud en behoeftes vir ’n suksesvolle huwelik.
Parrott en Parrott fokus op die volgende huweliksvoorbereidingstemas:

- Realistiese huweliksverwagtinge
- Realistiese verstaan van liefde
- ’n Positiewe houding en uitkyk op die lewe
- Die vermoë om emosies en gevoelens te kommunikeer
- Die verstaan en aanvaarding van geslagsverskille
- Die vermoë om besluite te neem en verskille te hanteer
- Dieselfde geestelike fondasie en doelwit (Parrott & Parrott, 1995: 13).

Vir huweliksvoorbereiding asook verhoudingsbou verduidelik Weiten (2010:470) in sy boek, *Psychology themes and variation:*

> *“many of important transitions involve changes in family responsibilities and relationships. However, the transition period during which young adults are between families until they form a new family is being prolonged by more and more people. The percentage of young adults who are postponing marriage until their late twenties or early thirties has risen dramatically. Nonetheless, over 90% of adults eventually marry. “*

Mack verduidelik die hoë persentasie egskeidings wat plaasvind en
die dringendheid van huweliksvoorbereding:

> “*what is the condition of marriages today? In the last decade marriages have been breaking up at the rate of nearly 1,2 million a year. Over time, that amounts*

*to the dissolution of a high percentage of marriages and a lot of people going through divorce. Add to that the fact that many marriages legally intact are plaqued with problems*..." (1991:-viii).

Auerbach in Mack verduidelik verder:

*" A marriges councelor calls divorce the death of a dream. Divorce is a big business, by some estimates multibillion  dollar industrie. According to Wall Street journal, there were 700 divorce laywers ten years ago, now there are 11,000..."* (1991: vii).

Munroe sluit aan by Mack se standpunt wanneer hy verduidelik:

"*most people do not get prepared:they just get married" (1992:39).*

Munroe verdedig sy standpunt verder as hy verwys na die effek van egskeidings:

"*There are a few human experiences that are more tragic, devastating, and generationally impacting than divorce. In couseling thousand of individuals, I must conclude that I have not seen any experience more traumatic than an divorce. The emotional effect is unbearable, the physical toll is astounding, the spititual impact is immobilizing, and the social cost can be self-inflicted isolation and low selfesteem.Divorce seems to create more problems than it solves..."* (1992: 5,6).

Mashau beklemtoon die belangrikheid vir huweliksvoorbereiding:

*"Premarital couselling involves the guidance of a couple in preparation for their lasting and healthy marital life. Undergoing Biblical counselling helps them to understand the basics of marriages and their resposibilities, and it prepares them for their marriage... "* (2006:1).

### 3.4.2 Verhoudingsbou

‘n Kognitiewe konsultant in Ortopedagogiek verduidelik dat berading verskaf word om verhoudingsbou vir voornemende huwelikspare te bevorder. Geen sinvolle verhouding kan werk sonder wedersydse respek nie. In verhoudingsbou kan daar nie net gegee word waar die eie identiteit en daarmee saam selfrespek, ingeboet word nie. In sulke situasies word die geleentheid om te groei en te gee, ontneem. Menslike verhoudings is gebaseer op wedersydse respek vir mekaar se belange en grense (Naudé, 2011:35). Dis belangrik in verhoudingsbou dat die groei van die self nie versmoor word nie. Die ontwikkeling en aanvaarding van elkeen se uniekheid bring ‘n ryk skakering van andersheid wat die verhouding interessant maak (Naudé, 2011:33).

### 3.4.3 Faktore ten opsigte van huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou

Die faktore wat vir huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou in ag geneem moet word, behels onder andere die hoër ouderdom waarop voorenemende huwelikspare in die eg verbind word. Die redes hiervoor is onder andere,
beroepsgeleenthede, opleidingsgeleenthede en klem wat op
identiteitsontwikkeling gelê word. Die aanpassingskrisis gebeur wanneer die paar die huwelik betree met uiteenlopende huweliksverwagtinge en rolverdeling. ‘n Hoë persentasie spanning kom navore wanneer huwelikstevredenheid by pare getoets word en ‘n negatiewe ervaring toon in terme van verhoudings (Weiten, 2010:469-470).

Parrott & Parrott verwys ook na belangrike temas rakende verhoudingsbou, naamlik; realistiese huweliksverwagtinge; realistiese verstaan van liefde; positiewe houding en uitkyk op die lewe; die vermoë om emosies en gevoelens te kommunikeer; die verstaan en aanvaarding van geslagverskille; die vermoë om besluite te neem; verskille te hanteer en dieselfde geestelike fondasie en doelwit (1995: 13).

Alpaslan verduidelik vanuit die vakdissipline van Maatskaplike werk dat die kwaliteit van die verhoudingsbou bepaal en beïnvloed word deur die somtotaal van al sy samestellende dele naamlik, kommunikasie, seksuele verhouding,

konflikhantering, finansiële bestuur, huweliksmotiewe, Godsdienstige ingesteldheid, rolverdeling, ouerskap, persoonliksheidsaangeleenthede en gesin van herkoms (1994:11).

Volgens Ketterman is die volgende temas baie belangrik vir verhoudingsbou, naamlik seksuele intimiteit, bepaling van prioriteite, geestelike eenwording, doeltreffende kommunikasie, persoonlikheidsverskille, verhoudingsrolle in terme van die ontwikkeling van ‘n eie karakter en gesonde toewyding (2001:10) .
Hierdie aspekte sal bespreek word. Die besprekingsvrae ten opsigte van huweliksvoorbereiding vir voornemende huwelikspare, is as bylaag 1 aangheg (Alpaslan, 1994:131-149).

**3.4.3.1 Seksuele intimiteit**

Cloud en Townsend verduidelik dat die seksuele aspek van die huwelik die intiemste en mees weerlose aspek is. Die seksuele word verduidelik as ’n skilderdoek waarop die verhouding ’n beeld van homself aanbring. Indien die verhouding liefdevol is , is die seksuele omgang liefdevol. Indien die verhouding selfgesentreerd is, sal die seksuele dit ook reflekteer. Indien die verhouding gekenmerk word deur ’n hegte band sal die fisieke ervaring die band nog hegter maak. Maar as die huwelikspaar verwyderd van mekaar is, bestaan die gevaar dat die seksuele net ’ n roetine fisieke daad word. Tydens huweliksvoorbereiding moet voornemende huwelikspare pastoraal begelei word om seksuele behoeftes en verwagtings te kommunikeer aan mekaar en sodoende groei in die verhouding te bewerkstellig (2006:275,276).

Die doel van seksuele verhoudings is plesier, nabyheid en voortplanting. Dis van belang om ‘n positiewe wederkerige ingesteldheid te kweek met betrekking tot die seksuele. Voornemende huwelikspare moet pastoraal begelei word om idees en tegnieke te bespreek wat seksuele intimiteit sal bevorder. Verder is dit belangrik om toegeneentheid teenoor mekaar te bewys, sonder om te vrees dat toegeneentheid tot seksuele eise sal lei. Individue se behoefte aan intimiteit verskil en daarom is dit noodsaaklik vir die voornemende huwelikspaar om die gereeldheid van seksuele omgang in die huwelik te

bespreek. Verder moet die voornemende huwelikspaar begelei word om ontslae te raak van verouderde opvattings. Hierdie opvattings wissel van oortuigings dat die seksuele vuil of sleg is. Sommige glo dat dit hulle reg is om seks te kry wanneer dit versoek word. Vooropgestelde idees oor die seksuele moet opsy geskuif word en saam moet die voornemende huwelikspaar die waarheid ontdek. So ook moet energie en tyd begroot word ter wille van seksuele intimiteit. Seksuele intimiteit en vaardighied beteken om seker van jou manlikheid en vroulikheid te wees (Ketterman, 2001:13-19).

Knouwds verwys na romantiese liefde en watter rol dit in die verskillende fases van die huwelikslewe speel. Daar is ’n aantal duidelike kenmerke wat aan die voornemende huwelikspaar verduidelik moet word. Romantiese liefde is ’n emosionele liefde wat opgewondenheid wek en liefde bevorder. Romantiese liefde laat huweliksmaats met ander oë na mekaar asook hulle liggame kyk. Dis ’n vreugde om mekaar te sien en dit maak dit maklik om komplimente vir mekaar te gee. Romantiese liefde veroorsaak dat die huweliksmaat beleef word as iemand wat kosbaar, spesiaal is en wat geluk bring. Romantiese liefde is nie noodwendig seksuele liefde nie. Dit is meer, maar besit ’n sterk seksuele komponent. Dit skep die begeerte om aan my maat te raak en fisiek naby hom of haar te wees. Dis die soort liefde wat die sensuele in die maat raaksien. Romantiese liefde laat die huwelikspaar mekaar se liefkosing geniet. Romantiese liefde skep die belewenis dat die huwelikspaar uitsluitlik aan mekaar behoort. Dit skep die behoefte aan permanensie. Ten laaste laat romantiese liefde die gevoel van eenheid of opgewondenheid by die huwelikspaar. Romantiese-erotiese liefde het ’n sterk sensuele komponent. Dit kan egter nie gelyk gestel word aan die seksuele nie, omdat dit, soos bo verduidelik, baie meer as die seksuele behels. Die seksuele vorm slegs een aspek van die romanties-erotiese liefde (Knoudws, 2000: 189-193).

Die voornemende huwelikspaar moet pastoraal begelei word om aan algehele begrip van intimiteit te werk om seksueel aanpasbaar te wees en verhoudingsbou te bevorder.

#### 3.4.3.2 Kommunikasie

Goeie kommunikasievaardighede is van groot belang vir ‘n suksesvolle huwelik. So behels kommunikasie die proses wat in twee rigtings werk. Daar is iemand wat praat of die boodskappe stuur en daar is ’n persoon wat luister. Om effektief te kommunikeer moet die een wat die boodskap stuur dit noukeurig formuleer. So ook moet die een wat die boodskap moet ontvang, noukeurig en aktief luister (Knoudws, 2000: 119).

Doeltreffende kommunikasie beteken dat die woorde en emosies van die een wat praat akkuraat oorgedra moet word aan die een wat luister. Dit beteken voorts dat die luisteraar en die prater albei verantwoodelik is om toe te sien dat dit wel akkuraat is. Laastens moet die luisteraar op ‘n betekenisvolle wyse reageer op die prater ten einde die kommunikasieproses te voltrek (Ketterman, 2001:69).

Kommunikasie in die huwelik is nie net om goed met mekaar te kan praat nie, dit is ook om na mekaar te luister. Hierdeur kan seker gemaak word of die boodskap reg verstaan is. Gevoelens kan met mekaar gedeel word sonder om mekaar seer te maak. Dit sal dan aanpasbaarheid bewerk en so sal die huwelikspaar nader aan mekaar beweeg. Daar word ook deur liggaamstaal gekommunikeer. Voornemende huwelikspare moet so ingestel wees op mekaar se liggaamstaal dat hulle onmiddelik sal waarneem as iets verkeerd is sonder dat ’n woord gespreek is (Lotter, 2001:17).

Rainey gee die volgende definisie vir kommunikasie:

> *“Authentic communication is much more than just talking. It is understanding and being understood; identifying a tone of voice; detecting non-verbal cues; responding appropriately to offense; resolving conflicts; knowing what to say, when to say it and how to say it; experiencing the risk and rewards of knowing and being known; and much more” (1997:140).*

Mack (1991:55) se definisie van effektiewe kommunikasie is

"*the process of sharing information with another person in such a way that the sender's message is understood as he intended it. Unless the sender and receiver have come to a common meaning, they haven't communicated effectively.*"

Die verskillende vlakke van kommunikasie moet aan die voornemende huwelikspaar verduidelik word. Vlak vyf kommunikasie verg nie baie inspanning of aandag nie. Dit behels 'n gedagtelose wyse van kommunikeer. Dis ook nie nodig om intensief te luister nie. Dit pla ook nie die ander persoon as die luisteraar met iets anders besig is nie. Vlak vier kommunikasie vereis meer aandag. Dis blote gegewens wat deurgegee word en dit maak nie so groot verskil as die luisteraar dit nie registreer nie. Vlak drie kommunikasie begin die huwelikspaar van mekaar se binnewêreld ontbloot. Hier word verduidelik hoe die voornemende huwelikspaar verskillend dink en redeneer oor die lewe. Aandag is van groot belang hier, ander kan dit die idee skep dat die luisteraar nie belangstel nie en spanning tot gevolg hê. Daar is 'n mate van verdraagsaamheid wat getoon word by vlakke vyf tot drie kommunikasie as die luisteraar nie volle aandag gee nie. By kommunikasie vlak eem en twee kom 'n drastiese verandering na vore, aangesien emosies getoon word (Maxwell, 2011:71) . Daar bestaan dan die sterk behoefte dat die huweliksmaat my verstaan soos ek is. Die luisteraar moet nie krities-evaluerend optree en foutiewe denkfoute uitwys nie. Op hierdie vlak van kommunikasie is emosionele meelewing van groot belang. Indien intensiewe en aktiewe luisterproses ontbreek, word emosies van verwerping ervaar. Tydens vlak een kommuniksaie word maskers van selfversekerheid en trots afgehaal. Die dieptste vorm van kommunikasie is sensitief en verwerping kan pynlik ervaar word. Die voornemende huwelikspaar beleef emosionele kwesbaarheid op hierdie kommunikasie vlak. Die geringste vorm van geen aandag of swak luistervermoë kan vrees skep wat die kommunikasieproses sal beëindig (Knouwds, 2000: 119-123).

Die doel van kommunikasie is om die band in die verhouding te vestig, te bewaar en te herstel. Die volgende kommunikasiebeginsels moet deur die voornemende huwelikspaar aangeleer word; moenie gevoelens wegsteek nie, maar hoor duidelik wanneer 'n maat 'n belangrike saak wil oordra. Kommunikasie moet ten alle tye baie

duidelik wees en verborge gevoelens moet ontbloot word om die kommunikasie doeltreffend te maak. Voornemende huwelikspare moet geleer word dat dit veilig is om gedagtes uit te ruil, asook begelei word om gevoelens duidelik te kommunikeer en ten laaste dat elkeen se behoeftes belangrik is en ge-uiter mag word (Cloud en Townsend, 2006:164-168).

Veenstra & Van der Kooi (vlg. Johannesen, 1990:90) noem vyf beginsels vir etiese kommunikasie vir voornemende huwelikspare:

- Hulle moet mekaar respekteer as wese geskape na God se beeld. Die manier waarop hulle met mekaar praat, moet in liefde en resprek wees, soos wanneer hulle met God praat.
- Hulle moet altyd eerlik wees. Dis belangrik dat die paar altyd oop en eerlik sal wees met alles wat gesê en bedoel word. In negatiewe situasies sou dit feitlik amper natuurlik wees om net jou kant van die saak te gee.
- Die paar moet altyd die beste taal gebruik. Dit wat gesê word, moet ondersteun wees deur die gedagte of dit die beste keuse van woorde is om my resprek teenoor die ander persoon te betoon.
- Die kommunikasie moet behoeftevervullend wees. Die werklike behoefte wat by die ander persoon is moet begryp en vervul word.
- Die korrekte benadering moet gevolg word. Ten einde die ander persoon se behoefte te kan vervul, moet die omstandighede, die onderwerp en die persoon in ag geneem word.

Voornemende huwelikspare moet pastoraal begelei word om goeie kommunikasie vaardighede aan te leer van luister en praat. Om ’n sensitiwiteit te ontwikkel vir die geleentheid waar aktiewe luister nodig is.

#### 3.4.3.3. Konflikhantering

Volgens Cloud en Townsend is konflik normaal wanneer mense mekaar liefhet. Voornemende huwelikspare is somtyds onder die indruk dat konflik die belangrikste

deel in hulle verhouding is. Voornemende egpare ervaar dat die konflik die gevoel van nabyheid verbreek. Dis waar dat sekere soorte rusies vernietigend is en dit kan inderdaad die liefde laat verdwyn. Die meeste van die tyd is konflik nie die ware probleem nie, maar die onpraktiese wyse waarop geargumenteer word. Voornemende egpare moet pastoraal begelei word om doeltreffende konflikhanteringsmeganismes aan te leer. Sodoende kan van mekaar verskil en geargumenteer word, maar steeds in die proses na aan mekaar bly. Gesonde argumentering vorm ‘n belangrike deel om verbintenis en hartstog te herbevstig. Dit is ‘n poging om verskille uit die weg te ruim sodat die liefde kan terugkeer en groei. Tydens konfliksituasies herdefinieer die voornemende huwelikspaar hulleself as as twee individuele mense wat naby mekaar kan wees en nogtans hulle uniekheid as individue kan behou (2006: 209-112).

Huwelikskonflik ontstaan wanneer huweliksmaats van mekaar verskil oor ‘n bepaalde saak. Hulle wil, wense, begeertes, menings staan teenoor mekaar. Hierdie verskille word dan opgewarm deur emosies, woede, angs, gekwestheid en frustasies en dan loop dit uit op ‘n hewige woordewisseling of ‘n koue oorlog, waarin maats vir mekaar kwaad is en glad nie met mekaar praat nie (Alpaslan, 1994:83).

Konflik het dikwels ‘n lang aanloop waarin emosies opgebou word wat ‘n uitlaatklep soek. Om konflik reg te hanteer moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word om ook hulle emosies tydens die konflik te verstaan en te verwoord. Die paar moet saam besluit watter onverwerkte konflik hulle wil deurwerk. Die emosies wat met hierdie konflik gepaardgaan moet inag geneem word. Konflik is dikwels komplekse gebeure waarin agtergrond, verwagtings, emosies en subjektiewe waarnemings ‘n groter rol speel, as die werklike gebeure. Albei persone se kant van die saak moet verstaan word, voordat die konflik afgehandel kan word. Konflik kan ook net konstruktief hanteer word wanneer albei partye bereid is om na die eie binnewêreld te kyk en emosies te identifiseer wat gedrag bepaal het (Knouwds, 2000: 230-231).

Die effek van konflik op die huwelik moet aan die voornemende huwelikspaar duidelik gemaak word. Konflik is meer as ‘n verskil, dit is ‘n geskil. Geskille ontstaan wanneer

verskille aanleiding gee tot wrywing, wanneer twee mense se standpunte so reglynig teenoor mekaar staan dat dit frustrasie en weerstand veroorsaak. Die gevolge van verskille, wrywing en botsing moet aan die voornemende huwelikspaar verduidelik word, asook die uitwerking van ‘n deskruktiewe konflikstyl. Voornemende huweliksapare moet pastoraal begelei word om ‘n konstruktiewe styl tot doeltreffende konflikhantering te volg (Louw, 2007:114).

#### 3.4.3.3.1 Die gevolge van verskille, wrywing en botsing

Volgens Louw (2007:113-114) is die gevolge van verskille, wrywing en botsing in die konflikhanteringsproses die volgende:

- Dit kan in die eerste plek die huwelikspaar help om mekaar beter te verstaan, hulle nader aan mekaar te bring en groei te stimuleer.
- Ten tweede kan dit die liefde neutraliseer. Konflik word die terrein waarbinne die huwelikspaar mekaar deur middel van wen-of-verloor-stryd uit skakel. Die effek hiervan op die huwelik is ’n koue, berekende neutraliteit. Alle opwinding en intimiteit verdwyn.
- Laastens het onopgeloste konflik die effek dat dit afstand skep en die huwelik laat verbrokkel.

Chapman verduidelik verskille, wrywing en botsing deur na die identifisering van verskille te verwys. Die voornemende huwelikspaar moet pastoraal begelei word om die meeste van hulle unieke eienskappe te maak, asook om presies te weet in watter opsigte hulle van mekaar verskil. Die opvallendste verskille gaan die irriterendste wees. Chapman beveel aan dat daar ’n lys van verskille en irritasies deur die voornemende huwelikspaar gemaak word. Elke item op die lys moet deur die volgende twee vrae beantwoord word: hoekom irriteer hierdie dinge my? Watter verskille bring hierdie irritasies aan die lig? Die voornemende huwelikspaar moet pastoraal begelei word om die verskille te hanteer, deur te soek na bates in hulle verskille. Elke verskil het ’n positiewe kant. In die verskille moet elkeen van die voornemende huweliksmaats die geleentheid gebied word om uitdrukking te gee aan sy/haar uniekheid . Sodoende word ’n positiewe bydra tot die verhouding gebied. Die voornemende huwelikspaar moet

verder begelei word om uit hulle verskille te leer. Die bedoeling van verskille is om mekaar aan te vul. Verskille is nie bedoel tot onderlinge verdeeldheid nie, maar om tot 'n eenheid saam gesnoer te word. Die voornemende huwelikspaar moet begelei word om lesse uit hulle verskille te leer. Hulle moet ook verstaan dat daar ruimte vir beide maats se spesifieke bendering tot 'n konfliksituasie is. Die voornemende huwelikspaar moet aangemoedig word om veroordeling met waardering te vervang. Daar moet van veroordelende houdings na waarderende houdings beweeg word. Wedersydse waardering skep 'n atmosfeer vir positiewe verandering. Die voornemende huwelikspaar moet 'n strategie ontwikkel om voordeel uit hulle verskille te haal en om gebalanseerd saam te leef en mekaar se verskille aanvullend tot die verhouding te gebruik. Daar moet klem gelê word op unieke vaardighede. Sodoende kan hulle die verskille positief aan wend tot 'n wen-wen situasie en nie voortdurend net op die swakpunte konsentreer nie (2005:135-143).

Louw verwys na destruktiewe konflikhantering en eerder die pastorale begeleiding na konstruktiewe konflikhantering by voornemende huwelikspare.

**3.4.3.3.2 Destruktiewe style van konflikhantering kan beskryf word as**

- Konfrontasie styl: wat van 'n wen-verloor-magstryd en beskuldigingstegniek gebruik maak.
- Sabotasietegniek: wat probeer om die huweliksmaat te dwarsboom en te benadeel.
- Manipulasie: wat gebruik maak van subtiele pogings tot afpersing.
- Ingee: wat 'n passiewe houding tot gevolg het, maar intussen frustrasies en weerstand laat ophoop.
- Vermyding: wat van ontkenning of algehele ontrekking of swye gebruik maak. Hierdie konflikstyle sal selde 'n werkbare oplossing bied (Louw, 2007:120).

#### 3.4.3.3.3 Konstruktiewe style van konflik kan beskryf word as

- Samewerking: wat ingestel is op werkbare oplossings, versoening en vergifnis.
- Akkommodasie: wat bereid is om toe te gee, maar tog eerlik te vertel wanneer daar spesifieke voorbehoude is.
- Kompromie: wat ’n poging is om mekaar halfpad te ontmoet en verdraagsaam teenoor mekaar op te tree (Louw, 2007:120).
- Die voornemende huwelikspaar moet om die beurt die probleem definieer soos wat hulle dit sien. Gevoelens asook duidelike feite moet uitgespreek word.
- Die voornemende huwelikspaar moet elkeen sy eie oplossing vir die probleem uitspel. Dis belangrik dat individue mekaar nie in die rede val of afkraak nie. Individuele sienings moet gerespekteer word.
- Die verskillende oplossings se voor-en nadele moet geëvalueer word.
- Die individue moet onderhandel en saam ’n oplossing vind wat vir beide aanvaarbaar is.
- Daar moet saam onderneem word om die oplossing tot uitvoering te bring.
- Die oplossing moet voortdurend geëvalueer word om te toets of dit suksesvol is.

Voornemende huwelikspare moet pastoraal begelei word om binne die huweliksverhouding op ’n sistematiese en georganiseerde wyse die konflik te hanteer (Alpaslan, 1994:83).

Tydens huweliksvoorbereiding moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word tot praktiese wenke en riglyne tot konflikhantering:

#### 3.4.3.3.4 Praktiese wenke en riglyne tot konflikhantering

- Kies die regte tyd en plek: Hanteer konflik so gou as moontlik, maar as gemoedere baie hoog loop, wag eers tot dat die voornemende huwelikspaar kalm is.

- Praat reguit: Wees spesifiek. Gebruik ek-boodskappe. Gevoelens moet met feite gestaaf word.
- Hou by die onderwerp: Hanteer die konflik ter tafel gelê. Moenie vorige onderwerpe wat reeds afgehanel is bybring nie. Behandel die konflik in hanteerbare eenhede.
- Betoon respek: Moenie verwyt, beledig, blameer of kritiseer nie. Respekteer die ander individu se reg en voorreg om 'n eie siening te handhaaf, al is daar nie ooreenstemming nie.
- Bereik gesamentlike oplossings: Nadat beide partye gevoelens en feite op 'n konstruktiewe wyse geopper het, moet 'n lys van moontlike oplossings ter beslegting van die konflik daar gestel word.
- Evalueer die oplossings gereeld.
- Voer die besluit uit en ondersteun dit lojaal (Alpaslan, 1994:185).

Knouwds verwys verder na riglyne vir konflikhantering:

- Die voornemende huwelikspaar moet saam besluit op onverwerkte konflik wat hulle wil deurwerk.
- Daar moet 'n lys gemaak word van elke individu se emosies wat voor, tydens en na die konflik beleef is.
- Die inligting moet met mekaar gedeel word sonder dat hulle hulself probeer verdedig.
- Daar moet aktief na mekaar geluister word met die doel om die ander een beter te verstaan ( 2000:231).

### 3.4.3.4 Finansiële bestuur

Rainey verduidelik die rol wat finansies speel in die huwelik:

> "*Finances can be to marriage what a match is to gasoline-explosive. Generally it is a disagreement about how money should or shouldn't be spent that creates the spark that starts the fire that grows in intensity until the marriage is engulfed*

*in a seemingly irreversible firestorm. The couple must think through attitudes, hopes and plans in the critical area of finances" (1997:187).*

Die wyse waarop huweliksmaats hulle finansiële sake bestuur, word sterk beïnvloed deur die wyse waarop dit in die gesin van herkoms gedoen is. Die verskillende benaderings van finansiële bestuur kan konflik veroorsaak. Dis raadsaam dat die voornemende huwelikspaar afsonderlik ‘n inventaris saamstel, om vas te stel wat die waarde en betekenis van geld vir elkeen is. Nadat die voornemende huwelikspaar hulle betekenis van geld vir hulleself verklaar het is dit belangrik dat dit aan die maat gekommunikeer moet word. Die wyse waarop geld in die huwelik gespandeer behoort te word, sal ook dan vasgelê word. Alpaslan verwys na die verskillende kategorieë ten op sigte van finansies wat aan die voornemende huwelikspaar verduidelik moet word ( 1994:116-119).

#### 3.4.3.4.1 Kategorieë ten opsigte van finansies

- Geld was nog nooit volop nie en word daarom beskou as die middel wat voortbestaan sal verseker.
- Vir persone wat tydperke deurgemaak het waarin hulle baie swaar gekry het, is geld ‘n bron van sekuriteit.
- Geld kan, veral as dit volop is, aan die mens ‘n vryheid van keuse bied. Geld kan dan aangewend word na keuse.
- Daar is individue vir wie geld ‘n magswaarde het. Daardeur verkry hulle net wat hulle wil hê. Geld kan ook binne ‘n huweliksverhouding gebruik word om beheer uit te oefen, te straf, of te vergoed vir skuldgevoelens en vir gebrekkige liefde.
- Geld kan gebruik word om te kompenseer vir persoonlike teleurstelling of ongelukkigheid. Waar die een egmaat telkens moet koop om te kompenseer vir ‘n gebrek of gevoel wat ervaar word, kan dit konflik veroorsaak, veral waar dit finansieel moeilik gaan.
- Daar is ook diegene vir wie geld onbelangrik is. Hulle leef van dag tot dag en glo dat môre vir homself sal sorg (Alpaslan, 1994:116-119).

Tydens huweliksvoorbereiding moet die berader die voornemende huwelikspare finansiële begeleiding bied ten einde ‘n begroting saam uit te werk en ‘n finansiële struktuur te skep wat vir beide aanvaarbaar en haalbaar is. Sodoende word hulle verhouding verder gebou.

#### 3.4.3.5 Huweliksmotiewe

Die motiewe vir huweliksluiting kan ook verskil in orde van belangrikheid tussen die voornemende huweliksmaats. Tydens huweliksvoorbereiding moet die voornemende huwelikspaar afsonderlik hulle motiewe vir huweliksluiting identifiseer. Waar motiewe nie gekommunikeer word nie of merkbaar verskil, kan dit tot verskillende verwagtinge in die huwelik aanleiding gee. Indien hierdie verwagtinge nie bevredig word nie, kan dit teleurstelling in die huwelik en in mekaar tot gevolg hê. Tydens huweliksvoorbereiding moet ‘n ruim geleentheid geskep word vir die bespreking van motiewe en daar moet ook meegehelp word om onverenigbare motiewe op konstruktiewe wyse op te los ter wille van effektiewe verhoudingsbou (Alpaslan, 1994:68-70).

##### 3.4.3.5.1 Motiewe vir huweliksluiting kan as gevolg geïdentifiseer word

- Die persoon begeef hom/haar in die huwelik omdat daar druk deur ouers, portuurgroep en die samelewing toegepas word.
- Die persoon tree in die huwelik om sy behoefte aan ‘n huislike lewe en kinders te verwesenlik.
- Daar is diegene wat in die huwelik tree om hulle behoefte aan kameraadskap te bevredig en sodoende eensaamheid te oorbrug.
- Sommige mense tree in die huwelik om sodoende iemand te hê saam met wie hulle kan oud word.
- Jongmense tree in die huwelik om ‘n ander status te bekom en ook om nie uit pas te voel by hulle getroude vriende nie.
- Huwelike word ook soms gesluit om van onaangename en ondraaglike toestande in die ouerhuis te ontsnap.

- ‘n Persoon mag die huwelik begeer omdat dit die enigste verhouding is waarbinne hy/sy seksuele aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag en die bevrediging van seksuele behoefte  vervul kan word sonder om veroordeel te word.
- Mense trou dikwels omdat hulle mekaar jammer kry. Waar dit egter die enigste band is wat die huwelik saambind, is so ‘n huwelik van korte duur.
- Daar is bloot diegene wat uit reaksie op’n mislukte verhouding met die eerste persoon trou wat hulle verhoudingspad kruis.
- ‘n Huwelik kan ook uit opstandigheid aangegaan word. Dit gebeur byvoorbeeld waar die ouers die voorgenome huwelik afkeur.
- Huwelike kan gesluit word op grond van ‘n persoon se akademiese, sosiale of finansiële status en wat daardeur gewerf kan word deur die ander party.
- Fisiese voorkoms kan ‘n groot invloed uitoefen. ‘n Huwelik uitsluitlik gebou op die fondament van fisiese voorkoms bly nie lank staande nie.
- Daar is ook diegene wat ‘n huwelik aangaan met die hoofmotief dat hulle te oud is om te trou.
- Persone moet dikwels met mekaar trou omdat die vrou buite-egtelik swanger geraak het. Omdat die meeste van hierdie huwelike nie beplan is nie begin die egpaar met ‘n agterstand, as gevolg van die aanpassings wat gemaak moet word (Alpaslan, 1994:68-70).

Voornemede huwelikspare moet begelei word om hulle huweliksmotiewe te identifiseer en aan te pas, waar nodig. Persone kan ook in die huwelik tree sodat hulle liefde vir mekaar tot uiting kan kom en hulle binne die huweliksverhouding selfverwesenliking kan bereik en die volle betekenis van die liefde in die huwelik kan ontdek.

**3.4.3.6. Godsdienstige ingesteldheid**

Die invloed van Godsdiens op die huwelksverhouding is veel groter as wat die voornemende huwelikspaar mag dink. Geloofsoortuigings en die wyse waarop elke voornemende egmaat sy Godsdiens beoefen, kan ‘n seën of ‘n krisis vir die

huweliksverhouding inhou. Godsdiens kan die huwelik en egpaar saambind of van mekaar verwyder. Die Godsdiensoortuiginge kan ‘n krag wees in tye van ‘n krisis of die oorsaak van die krisis (Alpaslan, 1994:125).

#### 3.4.3.6.1 Faktore wat geloofsgroei kan beperk soos

- Verskille oor die persoonlike verhouding met God

Individue se verhouding tot God is ‘n baie persoonlik en intieme aangeleentheid. Vir die huweliksmaat is hierdie verhouding die vertrekpunt vanwaar ‘n lewensfilosofie geformuleer word. Godsdiens kan ook die krag wees in tye van krisis en daarom die fondament waarop die lewe sin en betekenis vir die individu kry. Elke individu se belewenis van ‘n persoonlike verhouding tot God is anders en word sterk gevorm deur hul kinderjare. Die voornemende huweliksmaats moet afsonderlik bepaal hoe hulle God beleef en hoe hulle persoonlike verhouding tot God is. Waar hulle verskil in hulle persoonlike verhouding tot God, sal hulle ook verskil in hulle gesamentlike verhouding tot God. Die voornemende huwelikspaar moet dus tydens hulle huweliksvoorbereiding hulle individuele Godsdienstige behoeftes sowel as gesamentelike Godsdienstige behoeftes met mekaar deel (Alpaslan, 1994:126).

- Verskillende kerkgroepe

Verskillende kerkgroepe kan geloofsgroei in die huwelik beperk, veral as daar kinders is en besluit moet word na waar hulle kerk toe sal gaan. Hierdie saak kan konflik laat ontstaan en toeneem. Waar die voornemende huwelikspaar tot dieselfde kerkgroep behoort, is die kanse vir geloofseenheid groter en die verskille rondom kerkgroepe uitgeskakel. Daar bestaan verskillende maniere om die probleem op te los, soos dat elkeen sy eie Godsdiens apart te beoefen en besoek nogs teeds sy eie kerk na die huweliksluiting. Besoek. Hulle kan ook verskillende kerke besoek en dan saam besluit watter kerk vir albei aanvaarbaar sal wees. Die egpaar kan ook om die beurt mekaar se kerke besoek. Die laaste opsie is dat die een huweliksmaat besluit om oor te gaan na die ander een se kerk. Die egpaar kan selfs ooreenkom om glad nie die kerk te besoek

nie. Waar die huwelikspaar ooreenstem in hulle persoonlike verhouding tot God, hulle behoeftes aan afsonderlike en gesamentlike Godsdiensbeoefening dieselfde is en hulle weet waar om te aanbid, kan geloofseenheid uitgebou word en geloofsgroei bevorder word (Alpaslan, 1994:127-128).

Tydens huweliksvoorbereiding moet die voornemende huwelikspaar oor die verskillende aspekte van Godsdiensoortuiginge deur die berader pastoraal begelei word sodat hierdie aspek van die huwelik ’n bydrae tot verhoudingsbou kan lewer.

### 3.4.3.7. Rolverdeling

Tradisionele huwelike is gekenmerk deur ‘n baie duidelike rolverdeling tussen die geslagte. Huwelikmaats moes aan die verwagtings voldoen. Dit was vaste rolle. Die man was buitenshuis en die vrou binnenshuis. Die moderne huwelik word gekenmerk deur groter soepelheid ten opsigte van rolverdeling. Binne die moderne huwelik gaan dit nie meer oor wat die man of die vrou moet doen nie, maar eerder oor ‘n voortdurende uitruiling van rolverantwoordelikhede. Deur middel van roluitruiling word daar dus geleentheid geskep vir afsondelike en gesamentlike groei. Die voornemende huwelikspaar moet voor en op gereelde grondslag na die huweliksluiting die aspek van rolverdeling en roluitruiling bespreek. Alhoewel sekere rolle omgeruil kan word , kan die huwelikspaar ook rolverdeling reël volgens voor- en afkeure wat hulle mag hê ten opsigte van sekere verpligtinge. Verder moet die voornemende huwelikspaar onthou dat rolverdeling binne die huwelik dinamies van aard is (Alpaslan, 1994:95-96).

Voornemende huwelikspare moet pastoraal begelei word  sodat hulle besef dat rolverdeling, roluitruiling en rolverwagtinge binne die huwelik dinamies is en bydra tot verhoudingsbou.

### 3.4.3.8. Familiebetrokkenheid ten opsigte van ouerskap

Ouerskap as komponent van die huweliksverhouding behoort baie aandag tydens huweliksvoorbereiding te geniet. Die koms van 'n kind asook die opvolgende kinders, versteur die ewewig van die gesin. Die huweliksmaats moet die nodige aanpassings na die geboorte van die kind maak om die balans en die groei in die gesin te verseker. Tydens die beplanning van 'n gesin moet 'n aantal riglyne in ag geneem word soos, die egmaats moet gesamentlik bepaal of hulle gelyke behoefte het om op 'n bepaalde tyd met 'n gesin te begin. Hulle moet bepaal of hulle motiewe ooreenstem om met 'n gesin te begin. Die huweliksmaats moet bepaal watter invloed die kind op hulle huweliksverhouding gaan hê. Verder moet die huweliksmaats bepaal of hulle fisies, psigies-emosioneel en finansieel gereed is vir die eise van ouerskap. Tydens huweliksvoorbereding is dit nodig vir die voornemende huwelikspaar om by mekaar te verneem hoeveel kinders hulle graag wil hê, asook die spasiëring van die kinders (Alpaslan, 1994:101-106).

Tydens huweliksvoorbereding moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word tot sinvolle gesinsbeplanning.

### 3.4.3.9. Persoonlikheidsaangeleenthede

Sonder 'n positiewe selfbeeld het 'n mens nie die selfvertroue om aan jou huweliksverhouding te bou nie. Iemand wat binne die huwelik voortdurend minderwaardig en bedreig voel of oorafhanklik optree, kan moeilik 'n stabiele huweliksverhouding handhaaf. Selfaanvaarding en liggaamsaanvaarding, versterk 'n mens se gevoel van eiewaarde en identiteit. Om dit te kan doen is selfkennis baie belangrik. 'n Selfontdekkingsproses kan pynlik wees, aangesien voornemende huweliksmaats se terugvoer aan mekaar nie altyd positief is nie. Die siening van die individu kan somtyds idealisties wees, en nie klop met die terugvoer van die ander party nie. Die mens bestaan uit 'n sosiale verhoudingswese, emosionele wese, denkende intellektuele wese asook 'n geestelike wese. Daarom is dit belangrik vir die voornemende huwelikspaar om tydens huweliksvoorbereiding begelei word tot 'n krities-positiewe selfontdekking. Dis belangrik vir die voornemende huwelikspaar om realisties

tussen sterk en swak punte te onderskei, in die waardering en terugvoering wat die paar ontvang van mekaar, maar ook van die omgewing en samelewing. So ook moet die huwelikspaar onderskeid tref in hulle persoonlike begrip en voorstelling van God, in terme van hulle mensbeskouing. Met volwassenheid word die volgende verstaan naamlik, selfstandige denke en optrede, verantwoordelike gedrag, respek vir ander mense, ooreenstemming tussen woorde en dade, selfbeheersing en geduld, offervaardigheid en diensbaarheid, realistiese selfinsig en selfaanvaarding, soepelheid en aanpasbaarheid, betroubaarheid en opregtheid en ten laaste konstante doelgerigte optrede en deursettingsvermoë (Louw, 2007:69-76).

Tydens huweliksvoorbereding moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word tot groei na selfbegrip en volwassenheid soos bo genoem.

#### 3.4.3.10 Gesin van herkoms

Elke voornemende huweliksmaat kom vanuit ‘n bepaalde gesin van herkoms en kom. Deur die huwelik kom hy/sy in ‘n verhouding teenoor die ander huweliksmaat te staan wat vanuit ‘n ander bepaalde gesin en gesinsagtergrond kom. Die dinamiek en verhoudings binne die gesin van herkoms skep indirek sosialiseringsgeleenthede en beïnvloed die nuwe huwelik. Hoe die huweliksmaat gaan wees, hoe hy/sy binne interpersoonlike verhoudings gaan optree, is sterk beïnvloed deur die indrukke en belewenisse vanuit die gesin van herkoms. Die emosionele band met die gesin van herkoms na die huweliksluiting moet in ag geneem word, aangesien dit die nuwe huweliksgeluk kan beïnvloed. Sake wat in hierdie verband in ag geneem moet word is die afsonderlike huweliksmaats se verhoudings met hulle eie ouers, verhoudings tussen die ouers self, asook die samestelling van die gesin van herkoms soos oudste kind, enigste kind, middelste kind en broers-en sustersverhoudings (Alpaslan, 1994:22-30).

Volgens van Rensburg en Simpson is dit ‘n feit dat die mees intieme verhoudings wat elke mens ooit gaan belewe die met die familie is; die verhoudings met die familie

waarin jy grootword, asook die familie wat die voornemende huwelikspaar vir hulleself gaan skep deur die huwelik. Maar dis die familie waarin die individu grootword wat ongetwyfeld ‘n onuitwisbare en onbewustelike merk agterlaat. Daar bestaan ‘n onsigbare band tussen ouers en kinders asook kinders onderling. Hierdie verhoudings word grotendeels gevorm deur die volgorde waarbinne die individu in die betrokke familie gebore is. Elke keer wanneer die familie ‘n nuwe lid bykry, verander die hele dinamika van die familie. Hoe die ouers teenoor die nuwe aankomeling optree, bepaal nie net die nuweling se lewe nie, maar ook die res van die bestaande familie s’n. Die teorie van die geboorte-orde is ‘n handige instrument vir verhoudingsbou vir die voornemende huwelikspaar.Tydens pastorale begeleiding moet die geboorte-orde asook die eienskappe van die geboorte posisies van die voornemende huwelikspaar hanteer word. Die eienskappe van ‘n tipiese oudste kind kan die volgende behels: sterk leierseienskappe, gehoorsaam aan ouers, gemaklik met dissipline, tree op volgens voorgeskrewe reëls, sin vir verantwoordelikheid, sterk gefokus op detail en orde, doelgerig, beplande aksies, baie selfvertroue en perfeksionisme. Die eienskappe van die klassieke middelste kind kan weer soos volg daar uitsien; vermy konflik, het gewoonlik baie vriende, tree op as onderhandelaar, geheimsinning, deel nie emosies en gedagtes aan die familie nie en sal makliker onafhanklik en weg van die familie funksioneer. Die tipiese jongste kind se eienskappe sluit weer die volgende in; ongebonde, lewenslustig, vol humor, die middelpunt van aandag, soek na aandag, liefdevol, hou van verrassings, blameer ander en is kreatief (2003:26-30).

Tydens huweliksvoorbereiding moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word om hulle gesin van herkoms en hulle eie posisie en funksionering daarbinne te verstaan. Die rol van die gesin van herkoms na huweliksluiting moet ook bepaal word.

### 3.4.4 Emosionele intelligensie

Die verstaan en toepassing van emosionele intelligensie het groot waarde in huweliksvoorbereiding asook die groei in verhoudings.

Volgens Goleman en Cherniss (2001:14) word emosionele intelligensie in die algemeen gedefinieer as die vermoë om emosies te kan erken en in onsself en ander te kan reguleer. Goleman (1998:317) definieer emosionele intelligensie as volg:

> "*The capacity for recognizing our own feelings and those of others, for motivating ourselves, and for managing emotions in ourselves, and in our relationships."*

Mayer en Salovey (1990:189) definieer emosionele intelligensie as volg:

> *" The ability to monitor one's own and other's feelings and emotions, to discriminate among them, and to use this information to guide one's thinking and action."*

Reuven Bar-on in Jonker het die eerste poging geloods om emosionele intelligensie te meet. Vandaar het sy welstandsbenadering rondom emosionele intelligensie ontstaan (Jonker, 2002:226). Hy definieer emosionele intelligensie as die versameling van nie-kognitiewe vermoëns, bekwaamhede en vaardighede wat 'n uitwerking het op 'n mens se vermoë om sukses te behaal in die hantering van omgewingseise of druk (Van Jaarsveld, 2003:12).

Volgens Neethling word emosionele intelligensie verstaan as die identifisering, begrip en hantering van jou emosies en die van ander op so 'n wyse dat jy lewensvaardighede en –bevoegdhede ontwikkel wat jou denke bo die lyn hou en jou hele lewe sodoende verryk. Wat navorsers van emosionele intelligensie al hoe meer besef, is dat diegene met 'n hoë emosionele intelligensie se lewe daardeur verryk word, hulle hanteer stres beter, hulle vaar beter in kommunikasie en verhoudings en leer daardeur lewensvaardighede aan wat tot algemene sukses lei (Neethling, 1999:12, 13).

Neethling verduidelike emosionele intelligensie verder deur na Moira Katz en Gloeman te verwys

*“ The time has come to concentrate on building emotional muscle and developing active emotional awareness, both in ourselves and in others.” Moira Katz* ,- (Neethling, 1999:18)

*“ Emotional intelligence is a different way of being smart.” Goleman*
(Neethling, 1999:12)

Die volgende tabel illuistreer tekens van hoë en lae emosionele intelligensie (Neethling, 1999:18).

| **Tekens van hoë emosionele intelligensie** | **Tekens van lae emosionele intelligensie** |
|---|---|
| • Druk emosies duidelik uit<br>• Is nie bang om emosies te toon nie<br>• Is nie geneig tot negatiewe emosies nie<br>• Balanseer gevoel met logika en realiteit<br>• Is onafhanlik en gemotiveerd<br>• Internaliseer nie teleurstellings nie<br>• Respekteer en stel belang in ander se gevoelens<br>• Is nie verlam deur vrees en bekommernis nie<br>• Begryp kommunikasie op nie- verbale wyse<br>• Neem verantwoordelikheid vir eie emosies | • Blameer ander vir hul emosies<br>• Kan nie sê:” ek voel... “ nie<br>• Veroordeel ander se gevoelens<br>• Is emosioneel oneerlik<br>• Vergroot of verklein emosies<br>• Laat emosies opbou en ontplof<br>• Intergriteit en gewete ontbreek<br>• Koester wrokke en is onvergewensgesind<br>• Is onsensitief en emosioneel nie beskikbaar nie<br>• Is onseker, verdedigend en erken nie eie foute nie |

| | |
|---|---|
| • Gebruik emosies as hulpmiddels om besluite te neem | • Is rigied en geslote vir idees, swak luisteraar, voel dikwels minderwaardig, bitter, slagoffer |

Tydens huweliksvoorbereiding moet die voornemende huwelikspaar pastoraal begelei word tot die volle begrip van emosionele intelligensie. Asook die waarde daarvan in verhoudingsbou om emosies te kan begryp en uit te spel, emosies positief te bestuur, verantwoordelikheid vir die emosies te aanvaar, onafhanklik en gemotiveer te leef, om teleurstellings en bekommernisse volwasse te hanteer asook sinvol te kommunikeer en verantwoordelike besluite te neem.

### 3.5 Die resultaat van navorsing deur ander deel-wetenskappe

Die verskynsel dat soveel verskillende vakdissiplines die huwelik ondersoek, dui ongetwyfeld die belangrikheid van die huwelik en gesin in die hedendaagse samelewing aan (Van Rooyen, 1990:3).

Blignaut (1990) verduidelik huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou vanuit verskillende vakdissiplines waarvan die berader moet kennis neem tydens voorligting of berading:

- Die fisiologiese en anatomiese aspekte. Hierdie aspekte sluit die hele liggaam van die mens in. Met verwysing na die seksuele verhouding is sommige liggaamsdele meer op die voorgrond as ander. ‘n Gesonde liggaam is die basis vir ‘n goeie huweliksverhouding. ‘n Siek liggaam kan onder andere die volgende terrein van die huwelik tot nadeel strek: die seksuele verhouding, kommunikasie tussen die huweliksmaats, mobiliteit en lewensruimte van een of beide huweliksmaats en die geestesgesondheid van huweliksmaats,
- Die sielkundige aspekte: Huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou het hoofsaaklik te make met relatief normaal funksionerende voornemende huwelikspare. Hierdie pare kan wel probleme ondervind met aanpassing, kommunikasie en die hantering van konfliksituasies.

Huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou is nie psigoterapie nie, omdat die berader nie ‘n indiepte-ontleding van die voornemende huwelikspaar se onbewustegedragslewe gemaak het nie, met die oog op persoonlikheidsverandering nie. Wat die sielkundige aspekte van huweliksvoorbereiding betref word gefokus op probleemoplossings, opvoeding, heropvoeding, onderskraging, hulp met die verbetering van kommunikasie en konflikhantering (Blignaut, 1990:3).

Van Rooyen (1990: 75, 76) verwys verder na die volgende vakdissiplines en aspekte wat in aggeneem moet word tydens huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou.

- Die sosiologiese aspekte: Die huwelik en die gesin vorm ‘n onskendbare deel van die samelewing en dat die struktuur wat hom tot die beste tot sy funksie leen, is die monogame en wettige huwelik (Van Rooyen 1990:75,76). Dis ‘n algemene verskynsel dat sosiaal-wetenskaplikes, Godsdiensleiers en ander vakdissiplines hulle bekommernis uitspreek oor die stand van huweliks-en gesinslewe, veral oor die hoë voorkoms van egskeidings. Die vraag is wat kan gedoen kan word om die maatskaplike funksionering van die huwelik te bevorder juis om huweliksontbinding te voorkom (Van Rooyen, 1990:1).
- Die regsaspekte van die huwelik en egskeiding: Omdat ‘n huwelik ‘n wettige verbintenis is, kan dit ook wettig ontbind word deur ‘n hofbevel. Dat egskeidings toeneem, kan niemand ontken nie. Daar word na ‘n huweliksontbindingsproses verwys aangesien die egskeidng enersyds ‘n maatskaplike proses is en andersyds ‘n regshandeling. Verskillende aspekte van egskeiding moet tydens huweliksvoorbereiding aandag kry. Emosionele egskeiding wat uit die probleem van die verwonding van die huwelik voortkom. Ekonomiese egskeiding wat met geld en eiendom te doen het. Mede-ouerskap-egskeiding wat met die toesig van kinders, die enkelouer-huis en besoeke te doen het. Gemeenskapsegskeiding wat wentel om die verandering van vriende en gemeenskap wat deur elke geskeide persoon ondervind word. Psigiese egskeiding waar dit handel oor die

probleem van die herwinning van persoonlike outonomie. Egskeidingsberaad vorm ‘n belangrike deel van huweliksvoorbereiding (Van Rooyen, 1990:56-60).

Vir huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou is dit van uiterste belang om van ander deelwetenskappe gebruik vir doeltreffende berading aan voornemende huwelikspare

# HOOFSTUK 4

## DIE RESULTATE VAN EMPIRIESE NAVORSING OOR VERHOUDINGSBOU IN HUWELIKSVOORBEREIDING DEUR ANDER DEELWETENSKAPPE

### 4.1 Inleiding

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om die rol van verhoudingsbou in huweliksvoorbereiding, te ondersoek soos beskryf deur ander vakdissiplines.
Vir hierdie doeleindes sal daar verwys word na Osmer se navorsingsontwerp

Volgens Osmer (2008:48) bestaan daar verskillende elemente vir ’n navorsingsontwerp en kan soos volg beskryf word: Doelwitte van die projek: die spesifieke redes vir die navorsing, asook duidelike vraelyste wat beantwoord moet word. Die strategie van navraag: die spesifieke metode wat die navorsingsprojek gaan begelei in samewerking met die metodes wat die uitkomste gaan bepaal.

#### 4.2.1 Die oogmerke van hierdie hoofstuk

Om ’n empiriese perspektief te kan saamstel, sal die volgende oogmerke nagestreef word:

- Om die konsep van verhoudingsbou as huweliksvoorbereiding te bespreek, soos dit verstaan word uit ander deelwetenskappe wat in die vorige paragraaf vermeld word asook om ’n duidelike empiriese definisie daar te stel.
- Die hoofstuk handel verder oor die uitvoering van ’n empiriese studie, betreffende die rol van verhoudingsbou as riglyne tot huweliksvoorbereiding.

### 4.2.2 Uitbreiding van die probleemstelling

In die vorige hoofstukke is daar gemeld dat huwelike in die nood is en dat huweliksvoorbereiding noodsaaklik is.

Osmer (2008:47) verduidelik die noodsaaklikheid van empiriese navorsing asook die elemente en doelwitte van die navorsing.

Volgens Osmer (2008:48) bestaan daar verskillende elemente vir ’n navorsingsontwerp:

- Die doel van die projek: Dit handel oor die redes en motivering waarom spesifieke navorsing gedoen word, asook duidelikheid oor wat met die spesifieke navorsingsvrae bereik wil word.
- Die tipe navorsingstrategie: Dit het te doen met die spesifieke metode om die navorsingstrategie mee te begelei om ’n spesifieke uitkoms te bereik.
- Die navorsingsplan: Die wyse waarop die projek hanteer sal word in terme van tyd, die objek van navorsing, wie die navorsing sal hanteer asook die metode om data te versamel en te verwerk.
- Die refleksie op die navorsingsprojek: Dit behels die refleksie op die meta-teoretiese voorveronderstellings, asook die realiteitsfeite, kennis, die inagneming van die voornemende huwelikspaar en etiek.

Osmer (2008:48-49) verduidelik dat die doel en noodsaaklikheid van die navorsingsontwerp, uiters belangrik is. Vrae wat gevra moet word behels;

- Waarom moet hierdie spesifieke navorsingsontwerp hanteer word?
- Wat is die spesfieke inligting wat ingewin wil word?

Daar bestaan verskeie redes waarom navorsing gedoen word onder andere, om ’n program saam te stel of ’n probleem op te los. Duidelikheid moet verkry word oor die redes vir die navorsingsprojek. Nadat die motivering vir die navorsingsprojek bepaal is, word ’n geskikte navorsingstrategie bepaal. Die strategie kan kwantitatief of kwalitatief wees. Kwantitatiewe navorsing versamel en analiseer numeriese data om

veranderlikes te ondersoek. Kwalitatiewe navorsing ondersoek die daaglikse optredes en reaksies van individue of groepe, asook die betekenis daarvan.

Osmer (2008:49) verduidelik Creswell (1998:2) se siening oor die navorsing soos volg: *"... informed by different traditions of inquiry which he describes as having a distinguished history in one of the disciplines and spawned books, journals, and distinct methodologies that characterize its approach."*

Osmer (2008:50-53) verwys na 'n derde metode naamlik die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering. Aan die een kant word gebruik gemaak van breë kwantitatiewe navorsing soos ondersoeke en statistiese analises. Aan die ander kant word kwalitatiewe intensiewe diepte navorsing gedoen. Kwalitatiewe navoringstrategieë behels, narratiewe navorsing, gevalle-studie navorsing, etnografiese (volkekundige) navorsing, teoreties gefundeerde navorsing, fenomenologiese navorsing, asook aanbevelende navorsing.

- Narratiewe navorsing:

Hierdie strategie fokus op die versamel van inligting deur gesprekke met die doel om individue se verhale te vertel. Die verlede en geskiedenis van die individu word in konteks gebring.

- Gevalle studie:

Hierdie navorsing fokus op 'n spesifieke geval of beperkte gevalle wat in diepte nagevors word. Soms word 'n individu, program, verhouding of praktyk in die samelewing intensief nagevors deur middel van onderhoude, fokusgroepe wat ondersoek word en opnames.

- Etnografiese navorsing:

Tydens hierdie navorsing word 'n kultuur of sosio-maatskaplike groep ondersoek.
Die betrokke groep se gewoontes, strukture, optredes, gebruike en lewensomstandighede word ondersoek. Inligting word deur veldwerk ingewin deur op 'n dag tot dag basis by die groep betrokke te wees deur middel van onderhoude. Die doel

van hierdie navoring is om ’n holistiese beeld van die betrokke sosiale groepsaam te stel.

- Teoreties gefundeerde navorsing:

Die doel van hierdie navorsing is om ’n teorie te skep wat die verskynsel (fenomeen) en konteks in verhouding bring. Dit behels die versameling van inligting, analisering van inligting en die refleksie op die projek. Inligting word versamel deur onderhoude, fokusgroepe wat dopgehou word, die analisering van dokumente asook die kategorisering van inligting. Die fenomeen wat ondersoek is, sal gekategoriseer word in terme van die sleutel inligting wat na vore kom. Ten laaste sal ondersoek word wat die strategie bepaal wat handel oor die aksies en interaksies wat voorkom wanneer die fenomeen deur sekere omstandighede beïnvloed word. Die doel van hierdie navorsing is om ‘n teorie te vorm wat in die navorsingsveld daar te stel.

- Fenomenologiese (verskynsel)  navorsing:

Hierdie strategie se doel is om die kern van ’n spesifieke saak, gebeurtenis of aktiwiteit vir ’n groep te beskryf. Voor-veronderstellings word uit die weggeruim en werklike ervaring van die spesifieke groepe word inaggeneem en nagevors. Lewenservaringe word ondersoek en geanaliseer om ’n kern van die navorsingsontwerp te vorm.

- Aanbevole navorsing:

Die navorsing fokus op ’n spesifieke politieke of sosio-maatskaplike situasie met die doel om  tot die situasie by te dra en dit te verbeter. Die betrokke groepe deel in die navorsing wat betrokke is by die saak. Daar word van debattering gebruik gemaak met die doel om die omstandighede en situasie te verander. Hierdie navorsingsontwerp fokus op transformasie (Osmer, 2008:50-53).

## 4.3 Evaluering van resultate van ’n empiriese ondersoek oor verhoudingsbou as pastorale riglyne in huweliksvoorbereiding.

Die uitvoering van hierdie empiriese studie kan soos volg verstaan word:

1. Die navorsingstrategie sal verduidelik word
2. Die metodiek om data te versamel en te verwerk sal uiteengesit word
3. Die tema van verhoudingsbou as pastorale riglyne sal opsommend beskryf word vanuit die meta-teoretiese navorsing.

Daar word oor die algemeen onderskei tussen ’n kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingstyl. Die verskil tussen hierdie twee benaderings word kortliks aangedui (Neuman, 1997:14).

| **Kwantitatiewe benadering** | **Kwalitatiewe benadering** |
|---|---|
| Meting van objektiewe feite | Konstrueer kulturele betekenis |
| Fokus op veranderlikes | Fokus op interaktiewe gebeure |
| Betroubaarheid is die sleutelfaktor | Getrouheid is die sleutelfaktor |
| Geskied waardevry | Waardes is juis teenwoordig en eksplisiet |
| Onafhanklik van konteks | Situasiegebonde |
| Baie gevallestudies | Min gevallestudies |
| Statistiese analise | Tematiese analise |
| Navorser staan los van die situasie | Navorser is in diepte betrokke |

‘n Keuse is gemaak ten gunste van die kwalitatiewe navorsingsbenadering vanweë die tema en die aard van die studie. Hierdie benadering poog immers om by die mees oorspronklike of egte verstaan van persone se ervarings uit te kom sodat die leefwêreld van die respondente verstaan kan word (Silverman, 2001:13). Tipies van kwalitatiewe benadering sal aandag gegee word aan die verskeidenheid opinies en weergawes van die betrokke tema (Gaskell, 2000:39-41). Die kwalitatiewe navorsingsproses word volgens De Vos (2002: xvi-xvii) op die volgende wyse skematies verduidelik:

### 4.4 Kwalitatiewe navorsingsproses

| **Fase** | **Stappe** |
|---|---|
| 1. Keuse van navorsingswaardige tema | 1) Identifiseer 'n navorsbare onderwerp/ tema |
| 2. Formulerings | 2) Bepaal die geskiktheid van die navorsingsbenadering |
| | 3) Formuleer die probleem/ hipotese/vrae |
| | 4) Skryf die navorsingsvoorstel |
| 3. Beplanning | 5) Kies 'n paradigma en bepaal die plek van die literatuurstudie |
| | 6) Kies 'n navorsingstrategie |
| | 7) Selekteer metodes waardeur informasie ingesamel en geanaliseer sal word |
| | 8) Omraam en ontwikkel die steekproef |
| 4. Implementering | 9) Konsidereer die toepaslikheid van elemente van die loodstudie |
| | 10) Waar van toepassing, kollekteer rekords, materiaal en onderneem 'n literatuurstudie |
| 5. Interpretasie en voorstelling | 11) Prosesseer en analiseer die data. Verifieer die bevinding met ' literatuur-kontrole-selekteer indien nodig addisionele kriteria vir die beoordeling van genoegsaamheid.<br>12) Die finale stap word dan geneem om 'n navorsingsverslag te skryf |
| 6. Fenomenologiese navorsingstrategie | 13) Beskryf die betekenis wat aan 'n sekere fenomeen, tema of konsep gekoppel |

| | |
|---|---|
| | word deur ’n verskeidenheid individue. Die fenomeen handel oor die bestudering pastorale riglyne vir verhoudingsbou in huweliksvoorbereiding, deur te verwys na die hoofafdelings van:<br>1. Verhoudingsbou<br>2. Huweliksvoorbereiding |
| 7. Metodiek van data-insameling en verwerking | 14) Daar is gebruik gemaak van ’n vraelys met 12 vrae. Meeste daarvan bestaan uit oopvrae wat aan die respondente die geleentheid skep om uit te brei op sy/ haar antwoord. Al die respondente het die onderhoudskedule Skriftelik voltooi. Daar is ook geleentheid gebied om vrae te bespreek en onduidelikhede uit die weg te ruim. Uit die aard van die kwalitatiewe navorsing is die antwoorde van die respondente subjektief van aard. Die navorsingsvraelys is as Addendum A, aangeheg. |
| 8. Die seleksie van ’n steekproef | 15) ’n Nie-waarskynlike-steekproefseleksietegniek is gekies, naamlik die doelgerigte steekproefseleksietegniek.Dit behels die kies van spesifieke gevalle omdat dit sekere eienskappe of prosesse illustreer wat van belang is vir die spesifieke studie. Die tema van hierdie studie het |

| | |
|---|---|
| | dus die steekproef outomaties afgebaken en die gekose steekproef bestaan gevolglik uit 33 respondente wat almal in die menslike hulpverleningsberoepe is. Al die respondente is Christene en in een of ander kapasiteit van persoonlike berading of terapie betrokke. Die eienskappe uniek aan hierdie steekproef, word in die volgende opsommende tabelle weergegee. |
| 9. Toepaslikheid van die elemente van die loodstudie | 16) Stap 9 van die kwalitatiewe navorsingsproses wat fokus op die toepaslikheid van elemente van 'n loodstudie is nie relevant vir hierdie studie nie. |
| 10. Literatuurstudie | 17) Die fokus val onder andere op 'n literatuurstudie en is reeds voltooi in die hoofstuk wat handel oor Interpretatiewe perspektiewe. |
| 11. Gevolgtrekkings en bevindings | 18) Die gevolgtrekkings en bevindings word in detail bespreek saam met die topaslike grafieke. |


### 4.5 Inligting van die steekproef

Die volgende tabelle en grafieke toon die verspreiding van elke beskrywende eienskap van die steekproef aan:

#### 4.5.1 Persoonlike inligting

##### 4.5.1.1 Ouderdom

| | % | Grafiek nr. |
|---|---|---|
| 20 - 30 | 21% | 1 |
| 30 - 40 | 21% | 2 |
| 40 - 50 | 21% | 3 |
| 50 - 60 | 27% | 4 |
| 60 - 70 | 6% | 5 |
| 70 jaar en ouer | 3% | 6 |
| | 100% | |





**Illustrasie 4.5.11 Ouderdomsverspreiding**

Volgens illustrasie 4.5.1.1 is die ouderdomme eweredig versprei. 20-30 jaar is 21%, 30-40 jaar is 21%, 40-50 jaar is 21%. Die hoogste persentasie kom te voorskyn by die ouderdomsgroep van 50-60 jaar wat 27% is. Die illustrasie toon ook respondente van 60 jaar en hoër wat 3% van die populasie is. Die ouderdomsgrafiek gee goeie aanduiding van al die ontwikkelingsjare waardeur huweliksvoorbereiders en terapeute beweeg.

### 4.5.1.2 Geslagsverspreiding

| | |
|---|---|
| **M 22** | **V 11** |

| Getal persone | % | Grafiek nr. |
|---|---|---|
| 22 | 67% | 1 |
| 11 | 33% | 2 |
| 33 | 100% | |




**Illustrasie 4.5.1.2 Geslagsverspreiding**

Volgens illustrasie 4.5.1.2 is die grootste persentasie respondente van die manlike geslag wat 67% is en ⅔ meederheid toon.

### 4.5.1.3 Beroep


| | Getal persone | % | Grafiek nr. |
|---|---|---|---|
| Predikant | 23 | 70% | 1 |
| Maatskaplike Werker | 7 | 21% | 2 |
| Pastorale Berader | 2 | 6% | 3 |
| Sielkundige | 0 | 0% | 4 |
| Ander | 1 | 3% | 5 |
| | 33 | 100% | |

**Illustrasie 4.5.1.3 Beroepsverspreiding**

Beroepe word verduidelik aan die hand van illustrasie 4.5.1.3. Die respondente is deeglik verteenwoordig uit die beroepe wat te doen het met huweliksvoorbereiding of terapie. Die respondente verteenwoordig ook verskillende vakdissiplines soos Teologie, Maatskaplike Werk en Psigologie. Leraars verteenwoordig 70% en Maatskaplike werkers 21% van die respondente.

### 4.5.1.4 Hoe lank beoefen u al hierdie beroep?

| | **Getal persone** | **%** | **Grafiek nr.** |
|---|---|---|---|
| Onbeantwoord | 17 | 52% | 1 |
| 1 tot 5 jaar | 4 | 12% | 2 |
| 6 tot 10 jaar | 3 | 9% | 3 |
| 11 tot 15 jaar | 3 | 9% | 4 |
| 16 - 20 jaar | 2 | 6% | 5 |
| 21 tot 25 jaar | 1 | 3% | 6 |
| 26 tot 30 jaar | 2 | 6% | 7 |
| 31 tot 35 jaar | 0 | 0% | 8 |
| 36 tot 40 jaar | 1 | 3% | 9 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.1.4 Verspreiding van beroepsjare**

Die aantal diensjare wat die respondente in hulle spesifieke beroepe werk, word uiteengesit in illustrasie 4.5.1.4. Aangesien 52% van die respondente nie hierdie vraag beantwoord het nie, is die antwoord nie 'n getroue weergawe nie.

### 4.5.1.5 Kerkverband


| | **Getal persone** | **%** | **Grafiek nr.** |
|---|---|---|---|
| Nederduits Gereformeerd | 20 | 61% | 1 |
| Gereformeerd | 2 | 6% | 2 |
| Hervormd | 2 | 6% | 3 |
| Charismaties | 5 | 15% | 4 |
| VGK | 1 | 3% | 5 |
| Rooms Katoliek | 2 | 6% | 6 |
| Evangelies Gereformeerd | 0 | 0% | 7 |
| Duet/ Mosaïk | 1 | 3% | 8 |
| Metodiste | 0 | 0% | 9 |
| Ander (spesifiseer) | 0 | 0% | 10 |
| | 33 | 100% | |




**Illustrasie 4.5.1.5 Verspreiding van kerkverband**

Volgens illustrasie 4.5.1.5 word die Gereformeerde kerkverbande sterk verteenwoordig deur 76%. Verdere verdeling toon Nederduits Gereformeerd toon 61%, Gereformeerd 6%, Nederduits Hervormd 6% en VGK 3%. Daarna is die Charmatiese kerke verteenwoordig met 15%.

### 4.5.2 Wat verstaan u van die volgende begrip?




**Illustrasie 4.5.2.1  Verduideliking van verhoudingsbou**

Verhoudingsbou kom voor in illustrasie 4.5.2.1.
Die respondente het op hierdie definisie gereageer deur insette en groei op 45%, Interpersoonlike kommunikasie 9%, saam te wees en te werk asook inbou op mekaar 6%, respek, ruimte bied asook bande te versterk word onderskeidelik deur 3% van die respondente verduidelik. 6% van die respondente het geen antwoord gegee nie.

### 4.5.2.2   Huweliksvoorbereiding

| | **Getal persone** | **%** | **Grafiek nr.** |
|---|---|---|---|
| Goeie fondasie bou | 2 | 6% | 1 |
| Fasilitering en toerusting van pare | 8 | 24% | 2 |
| Verhoudingsbou van pare met God | 1 | 3% | 3 |
| Verduideliking van verantwoordelikhede en vereistes | 4 | 12% | 4 |
| Begeleiding van pare | 8 | 24% | 5 |
| Deurgee van belangrike inligting | 6 | 18% | 6 |
| Persoonlikhede beter leer ken | 2 | 6% | 7 |
| Geen definisie | 2 | 6% | 8 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.3 Huweliksvoorbereiding**

### 4.5.3 Wat wil u met huweliksvoorbereiding bereik?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Breek met onrealistiese verwagtings | 4 | 12% | 1 |
| Begelei tot self-insig asook insig tov die huweliksmaat | 6 | 18% | 2 |
| Aanleer van vaardighede om uitdagings en besluite te hanteer | 7 | 21% | 3 |
| Die verduideliking van rolverwagtinge, verantwoordelikhede en veranderings | 6 | 18% | 4 |
| Begeleiding tot gereedheid vir die huwelik | 1 | 3% | 5 |
| Opleiding tot langtermyn verhouding asook sukses | 5 | 15% | 6 |
| Wil geen doelwit bereik nie | 1 | 3% | 7 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Begeleiding tot die Bybelse begrip van die huwelik | 2 | 6% | 8 |
| Pastorale begeleiding tot vergifnis | 1 | 3% | 9 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.3  Doel van huweliksvoorbereiding**

Na aanleiding van die respondente se reaksie op die vraag:" wat wil u met huweliksvoorbereiding bereik" is die volgende antwoorde gegee. Die grootste persentasie van 21% van die respondente se verwagting handel oor die aanleer van vaardighede om uitdagings, besluite en leemtes wat in die huwelik voorkom te kan hanteer. Die doelwitte is verder uitgebrei deur te verduidelik dat rolverwagtinge, verantwoordelikhede en veranderings bespreek en begryp moet word deur 18 % van die respondente. Dit gaan gepaard met begeleiding tot gereedmaking vir die huwelik en toon reaksie van 18% van die respondente. 'n Verdere weergawe toon 18% se doelwit was begeleiding tot self-insig en insig in die persoonlikheid van die huweliksmaat. 'n Sterk reaksie van 15% toon die behoefte aan opleiding tot suksesvolle langtermyn verhoudings. Daar bestaan by 12% van die respondente die doelwit om onrealistiese

verwagtinge uit te sorteer. 6% het behoefte aan begeleiding van die Bybelse begrip van die huwelik, 3% het pastorale berading tot vergifnis as mikpunt gestel. ‘n Verdere 3% van die respondente het geen doelwit vir huweliksvoorbereiding gestel nie.

### 4.5.4 Hoe begelei u pare om ’n verantwoordelike pad te stap om by ‘n keuse van ’n huweliksmaat uit te kom?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tydens gesprek in finale jaar kategese | 1 | 3% | 1 |
| Gespreksessies word gevoer rondom ’n aantal temas | 9 | 27% | 2 |
| Die huwelikspare het reeds daardie keuse uitgeoefen en die berader het geen bydrae gelewer nie | 8 | 24% | 3 |
| Deur die benutting van vraelyste en beradingsgereedskap | 5 | 15% | 4 |
| Begelei die pare om die keuse dmv geloof en gebed te maak | 3 | 9% | 5 |
| Begelei die pare tot deeglike selfkennis | 3 | 9% | 6 |
| Geen reaksie op die vraag | 4 | 12% | 7 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.4 Begeleiding tot keuse van 'n huweliksmaat**

Tydens die ondersoek het 'n persentasie respondente van 27% gereageer deur te verduidelik dat gesprekke rondom 'n aantal temas gevoer moet word om die pare te begelei. 'n Goeie aanduiding van 24% respondente het geen bydrae tot die keuse van 'n huweliksmaat gelewer nie, aangesien die pare reeds die keuse gemaak het voordat hulle by huweliksberaders uitgekom het. 15% van die respondente is gehelp deur die benutting van vraelyste en beradingsmateriaal. Daar is ook begeleiding gedoemndeur middel van geloof en gebed asook deur deeglike selfkennis van die huweliksmaats. Onderskeidelik was dit 9%. So hanteer 3% van die respondente hierdie keuse vroeg in die ontwikkelingsjare deur dit 'n gesprekstema tydens finalejaar kategese te maak. Geen reaksie op die vraag beloop 12%.

### 4.5.5 Wat is die areas/ temas waarop u fokus tydens huweliks voorbereiding?

| **Tema/Area** | **Getal Opinies** |
|---|---|
| Konflikhantering | 13 |
| Kommunikasievaardighede | 23 |
| Rolverdeling | 6 |

| | |
|---|---|
| Huweliksverwagtinge | 6 |
| Finansiële bestuur | 9 |
| Seksualiteit | 13 |
| Stokperdjies en belangstellings | 3 |
| Vriende en familie | 8 |
| Ouerhuis en agtergrond | 6 |
| Geestelike aspekte | 13 |
| Vergifnis en genesing | 5 |
| Persoonlikheidskwessies en identiteit | 15 |
| Keuses | 1 |





**Illustrasie 4.5.5 Temas of areas waarop gefokus moet word tydens huweliksvoorbereiding.**

Illustrasie 4.5.5 dui op die temas of areas waarop gefokus moet word tydens huweliksvoorbereiding. Volgens die uitslae van die vraelyste kry kommunikasievaardighede die meeste aandag. Terwyl konflikhantering, seksualiteit, geestelike aspekte en persoonlikheidskwessies soos identiteit daarna volg. Finansiële

bestuur, asook vriende en familie volg laer op die lys. Temas wat minder aandag geniet is rolverdeling, huweliksverwagtinge, ouerhuis en agtergrond asook vergifnis en genesing. Die uitoefen van keuse word die minste hanteer. Tydens huweliksvoorbereiding moet daar gepoog word om gebalanseerde aandag en tyd aan al die temas te gee, aangesien dit ewe belangrik is. Indien daar versuim word om 'n tema deeglik te hanteer sal dit die moontlikheid skep vir toekomstige krisisse.

### 4.5.6 Wat is die formaat wat u huweliksvoorbereiding aanneem: bv seminaar, vraelyste, handboeke, persoonlike gesprekke ens?

| **Formaat** | **Getal Opinies** |
|---|---|
| Seminaar | 5 |
| Vraelyste | 14 |
| Handboeke | 10 |
| Persoonlike gesprekke | 30 |
| Elektroniese materiaal | 1 |





**Illustraie 4.5.6 Formaat van huweliksvoorbereiding**

Tydens huweliksvoorbereiding word daar meestal gefokus op persoonlike gesprekke en fasilitering. Van die huweliksberaders maak wel van vraelyste en handboeke gebruik. Daar word die minste van seminare en elektroniese materiaal gebruik gemaak. Daar bestaan dus die behoefte aan huwelikseminare wat professioneel ontwikkeld en gebruikersvriendelik is.

### 4.5.7. Wat is u ervaring in terme van voornemende huwelikspare se houding ten opsigte van huweliksvoorbereiding?

| Tipe Ervaring | Getal Opinies |
|---|---|
| Positief | 15 |
| Groot behoefte en aanvraag | 2 |
| Aanvanklik onseker | 6 |
| Negatiewe houding | 6 |
| Luister na jaar se getroude lewe beter | 2 |
| Oningelig oor die uitdagings | 4 |




**Illustrasie 4.5.7 Ervaring van huweliksvoorbereiding**

Die belewenis van huwelikspare word oor die algemeen positief ervaar. Dit gaan gepaard met ‘n aanvanklike onsekerheid, maar wat verander soos die huweliksvoorbereiding vorder. Daar is tog volgens die respondente huwelikspare wat negatief ingestem is. ‘n Duidelike aanduiding bewys dat die voornemende pare oningelig is oor die uitdagings wat die huwelik stel. Huweliksvoorbereiding of -verryking gaan na ‘n aantal jare se getroude lewe goeie resultate lewer aangesien die pare dan meer ervaring van die huwelikslewe het en beter luister en begryp. Huweliksvoorbereiding word as ‘n redelike behoefte beskou.

**5.8.8. Wat is die reaksie wat u ontvang van getroude pare na ’n aantal maande se getroude lewe in terme van die sukses of leemtes ten opsigte van u huweliksvoorbereiding?**

| | **Getal persone** | **%** | **Grafiek nr.** |
|---|---|---|---|
| Kommunikasie en leemtes is ’n groot krisis | 1 | 3% | 1 |
| Opleiding maak ‘n verskil | 5 | 15% | 2 |
| Ontvang geen of min terugvoer | 7 | 21% | 3 |
| Geen reaksie van respondente | 7 | 21% | 4 |
| Opvolggesprekke is positief | 7 | 21% | 5 |
| Aanpassing van huwelikspare is groot | 6 | 18% | 6 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.8 Reaksie na aantal maande se getroude lewe**

Volgens illustrasie 4.5.8. is die reaksie van getroude pare na ‘n aantal maande se getroude lewe soos volg: die reaksie van die respondente het redelik verskil. 21% van die respondente ontvang geen terugvoer nie; 21% het nie op hierdie vraag gereageer nie; 21% van die opvolggesprekke is positief en slegs 18% voel dat die aanpassing van huwelikspare groot is.

### 4.5.9. Wat is u behoeftes as huweliksvoorbereider/ huweliksberader in terme van beskikbare materiaal, programme en bronne?

| | Getal persone | % | Grafiek nr. |
|---|---|---|---|
| Kort kursusse | 7 | 21% | 1 |
| Goeie boeke | 4 | 12% | 2 |
| Geen behoefte | 9 | 27% | 3 |
| Materiaal wat pare begelei | 6 | 18% | 4 |
| Niks, die Bybel is voldoende | 1 | 3% | 5 |
| Vraelyste | 3 | 9% | 6 |
| Nuutste publikasies | 1 | 3% | 7 |
| Tegnologiese hulpmiddels | 2 | 6% | 8 |
| | 33 | 100% | |





**Illustrasie 4.5.9 Behoeftes van huweliksberaders**

Illustrasie 4.5.9 dui op die behoeftes van ‘n huweliksvoorbereider/ huweliksberader in terme van beskikbare material, programme en bronne

Daar was slegs ‘n 21% behoefte aan kort kursusse gewees. Die gebruik van goeie boeke toon 12%. Van die respondente dui 27 % aan dat daar geen behoefte aan bogenoemde hulpbronne is nie. Die gebruik van materiaal wat pare begelei toon 18%. Slegs 3% het getoon dat die Bybel alleen genoegsame stof bevat. Die gebruik van vraelyste toon 9%. Die gebruik van nuutste publikasies was ‘n geringe 3%. Tegnologiese hulpmiddels toon 6%.

**4.5.10. Hoe verskil die formaat van u huweliksvoorbereiding in terme van pare wat die eerste maal in die huwelik bevestig word en die van pare wat ’n tweede of derde maal in die huwelik bevestig word?**

| | | |
|---|---|---|
| Volg programme wat fokus op tweede en derde huwelikke | 2 | 6 |
| Baie berading tov van vergifnis en genesing | 5 | 15 |
| Geen verskil hanteer dieselfde temas | 4 | 12 |
| Nie van toepassing nie | 9 | 27 |
| Hanteer die tema van hertroue | 1 | 3 |
| Nuwe konteks, neem die hersaamgestelde gesinne in ag | 6 | 18 |
| Hanteer redes van die egskeiding | 5 | 15 |
| Hanteer minder pastoraat, want die pare is al ouer | 1 | 3 |
| | 33 | 100% |





**Ilustrasie 4.5.10 Verskil in berading**

Illustrasie 4.5.10 dui op die verskille in formaat met huweliksvoorbereiding itv eerste huweliks-bevestiging en tweede/derde huweliksbevestiging.

Daar was geen reaksie op die volg van programme wat fokus op tweede en derde huwelike nie. Baie berading tov vergifnis en genesing toon slegs 6%. 15% voel daar is geen verskil en dieselfde temas kan hanteer word. 27% voel dis nie van toepassing nie. Slegs 3% hanteer die tema van hertroue. In die nuwe konteks van hersaamgestelde gesinne , meen 18% dat dit in ag geneem moet word. 15% is van mening dat die redes vir die egskeiding hanteer moet word. In die geval van tweede en derde huwelike stem 3% vir minder pastoraat aangesien die pare al ouer is.

## 4.5.11. Hoeveel tyd spandeer u aan die voornemende egpaar met huweliksvoorbereiding

| | Getal persone | % | Grafiek nr. |
|---|---|---|---|
| Geen sessies | 1 | 3% | 1 |
| 1-3 sessies | 9 | 27% | 2 |
| 4-5 sessies | 12 | 36% | 3 |
| 6-7 sessies | 3 | 9% | 4 |
| 8-10 sessies | 2 | 6% | 5 |
| 6 weke seminaar | 1 | 3% | 6 |
| Weet nie | 5 | 15% | 7 |
| | 33 | 100% | |




**Illustrasie 4.5.11 Tyd wat aan huweliksvoorbereiding spandeer word**

Illustrasie 4.5.11 dui op die hoeveelheid tyd wat spandeer word aan voornemende egpare. In die geval van geen sessies toon navorsing slegs 3%. Met 1-3 sessies word 27% aangedui en in die geval van 4-5 sessies beloop die persentasie 36%.
6-7 Sessies geniet slegs 9%. 8-10 Sessies geniet 6% en ‘n 6 weke seminaar toon slegs 3%. 15% is onseker en weet nie regtig nie.

## 4.5.12. Enige opmerkings of aanbevelings

| | **Getal persone** | |
|---|---|---|
| Huweliksvoorbereiding is noodsaaklik | 7 | 21 |
| Werk met huweliksvoorbereiding programme | 2 | 2 |
| Publiseer die M- graad bevindings | 1 | 3 |
| Egskeidings is te maklik | 1 | 3 |
| Vrouens is meer ontvanklik vir huweliksvoorbereiding | 1 | 3 |
| Geen aanbeveling | 21 | 64 |
| | 33 | 100 |




**Illustrasie 4.5.12 Aanbevelings vir huweliksvoorbereiding**

21% pare voel dat huweliksvoorbereiding noodsaaklik is. 6% is van mening dat huweliksvoorbereiding programme gebruik moet word. Die publisering van die M-graad bevindings beloop 3%. In die geval van egskeidings dui 3% van respondente aan dit gebeur te maklik. Slegs 3% toon dat vrouens meer ontvanklik is vir huweliksvoorbereiding. 64% maak geen aanbeveling in die verband nie.

## 4.6 Voorlopige gevolgtrekkings en bevindings: stap 11

Vervolgens dan 'n bespreking van stap 11 soos verduidelik is saam met die grafieke.

## 4.7 Samevatting en terugvoer

Aan hierdie studie het 33 respondente deelgeneem. Hulle persoonlike inligting is volgens ouderdom, geslag, beroep en aantal jare wat die beroep beoefen word, asook kerkverband geëvalueer.

Uit al die terugvoering wat ontvang is vanaf die onderskeie respondente sou daar ten slotte by wyse van ‘n opsomming ‘n aantal aspekte uitgesonder kon word wat tiperend sou wees van huweliksvoorbereiding:

- Tydens pastorale gesprekke met voornemende huwelikspare moet die begrippe van verhoudingsbou en huweliksvoorbereiding deeglik verduidelik word, sodat die pare en berader duidelik begrip het en geen misverstande voorkom nie.
- Doelwitte vir huweliksvoorbereiding gaan van paar tot paar verskil. Hierdie doelwitte sal duidelik uitgespel word en die berader sal die huwelikspaar moet begelei tot die bereiking van realistiese doelwitte.
- Temas wat tydens pastorale sessies hanteer word, moet soveel moontlike aspekte van die huwelik insluit, sodat die voorbereiding deeglik gedoen word.
- Wanneer daar met voornemende huwelikspare gewerk word, word aanbeveel dat die berader aan die pare die motivering verduidelik, wat die voorbereiding behels, asook die noodsaaklikheid daarvan. Sodoende kan die pare positiewe samewerking bied.
- Dit is noodsaaklik dat ‘n huweliksvoorbereidingsprogram met ‘n huweliksverrykingsprogram opgevolg word. Pare verstaan die sinvolheid van huweliksvoorbereiding na ‘n aantal maande se getroude lewe en ervaring beter.
- Daar bestaan wel die behoefte onder beraders aan deeglike huweliksvoorbereidingskursusse of seminare, wat voorbereiding sinvol maak. Genoegsame tyd moet aan voornemende pare gespandeer word.

Vanuit die vorige hoofstukke asook die interpretatiewe navorsing, is dit duidelik dat huweliksvoorbereiding noodsaaklik is vir elke paar. Huweliksverryking sal benut moet word om pare verder deur die huwelik te begelei, aangesien intieme en emosionele aanpassings groot is. Pare moet begelei word om die uitdagings wat die moderne lewe aan die huwelik stel, suksesvol die hoof te bied. Huweliksvoorbereiding moet pare leer hoe die huwelik die diepste behoeftes kan bevredig deur vreugde en geluk te bring,

eensaamheid op te hef deur intimiteit te kweek, sekuriteit te verskaf en ‘n veilige ruimte te skep waarbinne huwelikspare mekaar kan liefhê. Die ratwerk van ‘n gesonde huweliksverhouding moet verstaan en toegepas word.

# HOOFSTUK 5

# PRAGMATIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK

## 5.1 Inleiding

By wyse van ’n hermeneutiese wisselwerking tussen normatiewe beginsels en interpratiewe beginsels sal gepoog word om pastorale riglyne te formuleer met betrekking tot verhoudingsbou wat as nuwe praxis sal dien. ’n Praktyk-teorie is ontwerp om ’n kritiese interaksie tussen teorie en praktyk te bewerkstellig wat aan die Skrif en praktyk getrou moet wees (Heyns & Pieterse, 1998:86).

Eers wanneer die teorie en die praktyk aspekte in die pragmatiese perspektiewe ingebou is, kan dit die praktyk opskerp, verbeter, ondersteun en rig. Die primêre doelstellings van hierdie hoofstuk is dus om riglyne daar te stel vir die pastorale begeleiding ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik.

Osmer (2008:175-176) verduidelik die pragmatiese taak as die vorming en bepaling van strategieë of aksies wat gebeurtenisse na wense beïnvloed. Praktiese teologie verskaf gereeld hulp deur praktiese modelle en reëls vir ’n bepaalde terrein te verskaf. Praktiese modelle bied aan leiers ’n algemene beeld van die terrein waarop hulle beweeg, asook wyses waarop hierdie terrein aangepas kan word om gewenste doelwitte te bereik. Reëls vir die spesifieke terreine is bedoel as riglyne oor die uitvoering van spesifieke optredes en gewoontes.

## 5.2 Oogmerke van hierdie hoofstuk

Hierdie hoofstuk beoog om praktiese riglyne neer te lê vir verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik. Om ’n pragmatiewe perspektief te ontwerp, word die normatiewe beginsels (hoofstuk 2) in wisselwerking

met die interpratiewe perspektiewe (hoofstuk 3), asook die empiriese perspektiewe (hoofstuk 4) gebruik met betrekking tot die effektiewe voorbereiding tot die huwelik.

## 5.3 Veronderstelling

In Pastorale berading is die veronderstelling dat berading vanuit 'n Skriftuurlike vertrekpunt, perspektief en gebaseer op sodanige normes en waardes sal geskied. Daar sal gefokus word om vanuit 'n pastorale perspektief die moontlike aanpassingsprobleme rakende verhoudingsbou wat die pasgetroude huwelikspaar mag ervaar, te hanteer. Daar sal op 'n aantal beginsels gefokus word wat kan bydra tot die voorbereiding van verhoudingsbou in die huwelik (2.2).

## 5.4 Pastorale berading en normatiewe beginsels ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik

Die Skrif is die basis in berading, die bron van alle gesag waaruit die berader met die beradene omgaan. Die huwelikspastoraat deur die pastor bly Woordbediening. Die Woord van God mag nie daaruit gehaal word nie (3.1). Die Bybel het ‘n boodskap wat vir elke mens lewensbelangrik is. Die spreke van God deur die Skrif roep geloof in die hart van mense op en deur hierdie geloof erken die mens die gesag van die Bybel (2.3.2.1).

Die huwelik is ‘n instelling van God tussen een man en een vrou. As deel van hierdie basiese skepping van God, is die man en vrou direk aan mekaar verbonde. Die aard van die instelling van die huwelik is dat twee mense, man en vrou in die eg verbind word, om saam te leef, saam te woon, aan mekaar verbind te word met ‘n band van liefde wat God saamvoeg het en dat man en vrou mekaar moet aankleef (Gen 2:24). Die huwelik kan slegs gelukkig wees indien dit volgens die wil en doel van God is. Die mens is nie net ‘n eenheidswese van liggaam en siel wat in verskillende verhoudings staan nie, maar hy bestaan ook op ‘n geslagtelike wyse as manlik of vroulik (2.3.1.4).

Die mens as verhoudingswese en as verteenwoordiger van God, beteken dat die mens leef in verhoudings, tot God, sy medemens, tot homself, die natuur, tot die kultuur en tot die strukture. Volgens die Skrif ontdek die mens eers sy identiteit en bereik sy bestemming as mens, as die mens deur middel van sy verhoudings funksioneer (2.3.1.3). Die mens is geskep met vermoëns wat hom in staat stel om sekere beslissings te kan maak. Hy beskik oor verstand, wil, insig, begrip, verbeelding en taal. Hy word gedryf deur motivering en kan rekenskap gee van sy keuses (2.3.1.2). In berading wat gerig is op verhoudingsbou met huweliksvoorbereiding is dit van groot belang dat die berader die voornemende huwelikspaar erken as mens wat eenheidswese, beelddraende wese, verhoudingswese, seksuele wese en 'n toekomswese is (2.3).

Tydens pastorale berading wat handel oor huweliksvoorbereiding sal daar gefokus word op moontlike aanpassingsprobleme rakende verhoudingsbou wat die pasgetroude huwelikspaar mag ervaar, om so aan die voornemende huwelikspaar perspektief te bied op die moeilikhede van die huwelik en die pyn van egskeiding. As Christenberaders effektief wil wees, moet hulle 'n duidelike begrip hê van die Bybelse perspektief oor egskeiding en hertroue (2.3.1.1), asook om aan die voornemende huwelikspaar die waarde van die huwelik vanuit 'n Bybelse perspektief te verduidelik. Die Deuteronomium 24:1-4 teks is gekies aangesien die situasie van die huwelik aan die orde is (2.2). Vanuit die Efesiërs 5:21-33 word gekyk na die Nuwe Testamentiese voorskrifte vir die huwelik (2.2).

Die bloudruk van God vir die huwelik is gegee in Genesis 2:24, Deuteronomium 24:1-4 Markus 10:7-8 asook Efesiërs 5:21-33. In die woord "verlaat" is die gedagte dat die tydelike verhouding met die ouers verander in 'n permanente verhouding met man en vrou (2.3.2.8). Die voornemende huwelikspaar moet pastoraal begelei word om die rol van man en vrou in die huwelik te begryp en daarvolgens aan te pas (2.3.2.8).

Die Bybel stel die huwelik baie duidelik voor as 'n permanente, intieme eenwording tussen man en vrou. God verafsku die verbreking daarvan (Mal 2:16), in die lig hiervan

gee Deuteronomium 24:1-4 kort riglyne wat die praktyk van egskeiding beheer. Dis ’n praktyk wat verdra word, maar nooit die Goddelike stempel van ’n gebod of aanmoediging dra nie. Egskeiding is ’n permanente en finale stap. In gevalle na egskeiding wanneer een of albei van die huweliksmaats ’n verhouding met ’n ander persoon gehad het, kon hulle nie weer met mekaar trou nie. Met hierdie verbod wou die Here verhinder dat mense nie skei sonder om behoorlik daaroor na te dink en dan weer met ’n ewe ligsinnige gesindheid trou nie (2.3.1.12).

Tydens pastorale berading met die voornemende huwelikspaar moet die permanensie en die oorsprong van die huwelik beklemtoon word. Die band wat met die huwelik gevorm word is permanent van aard. Om verhoudingsbou maksimum te ontwikkel is dit belangrik dat die voornemende huwelikspaar vanuit die Skrif pastoraal voorberei word.
In die Efesiërs 5:21-33 teks verwys Paulus na verskillende gesagsverhoudings en hoe Christus se eie optrede as model voorgehou word. Vanuit hierdie teks word gekyk na die Nuwe Testamentiese voorskrifte vir die huwelik. Hierdie perikoop stel die besondere lewensverhouding naamlik, die huwelik aan die orde asook die verhouding tussen man en vrou wat ’n wyse lewenswandel illustreer (2.3.2.1). Vanuit die Skrif word daar na die spesifieke plek en rol van beide huweliksmaats gekyk. Sodoende word die voornemende huwelikspaar begelei tot aanpassing en verhoudingsbou (2.2).

Die rol van die vrou in die huwelik is om aan haar man onderdanig te wees. Die onderdanigheid is presies hoe kinders van God ook teenoor mekaar onderdanig moet wees uit vrye wil, maar tog omdat God dit verwag (2.3.2.8). Dit gaan hier om die teendeel van aggressiewe heerssugtigheid in die plek waarvan die gelowiges eerder gekenmerk word as diegene wat vir mekaar ruimte maak, wat bereid is om vir mekaar terug te staan, sodat gemeenskaplike belange daardeur gedien word. Die rol van die vrou word verder uitgebrei. Die vrouens moet so optree dat hul lewens eer vir hulle mans sal bring. Deur haar lewe en optrede moet sy haar eerbied en haar respek vir haar man laat sien (2.3.2.8). Die man moet sy vrou liefhê soos Jesus Christus die gemeente liefhet, en alles vir die kerk gee. Sy begeerte vir haar moet onvoorwaardelik wees. Die behoefte vir die

vrou moet ywerig deur die man bevredig word, deur ’n veilige huis vir die vrou te skep Hierdie liefde is vir die vrou onophoudelik (2.3.2.8). In Efesiërs 5:21-33 word daar gesê dat die man die hoof van die vrou is. Hierdie hoofskap is dienend van aard, hy moet tyd saam met haar spandeer, haar onderrig, vir haar ’n voorbeeld stel, haar beskerm en sagmoedig hanteer asook om oor haar besorg wees (2.3.2.8).

Skrifbeginsels rakende verhoudingsbou ten op sigte van huweliksvoorbereiding handel oor Paulus se verduideliking in Efesiërs 5:21-33, wanneer hy oor die huwelik en die rolverdeling skryf. Hy begin sy beskrywing deur te sê dat die man en vrou aan mekaar onderdanig moet wees. Onderdanigheid behoort by elke Christelike voornemende huwelikspaar ‘n lewenstyl te wees. Onderdanigheid het te make met die manier waarop ons na mekaar se belange omsien in die huwelik. Hoe die man in die huwelik leiding neem, is sigbaar in Christus se lewe. Daarom herinner Paulus ons daaraan dat Christus die Hoof van die Kerk is, maar dat Hy terselfdertyd ook die Verlosser van die kerk is. Die styl waarmee daar leiding in die huwelik geneem moet word, is die styl van verlossing. Hierdie styl van wedersydse onderdanigheid moet tydens huweliksvoorbereiding baie duidelik aan die voornemende huwelikspaar gemaak word (2.3.2.12.).

## 5.5 Pastorale berading en interpratiewe beginsels ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op verskillende vakdissiplines in die geesteswetenskappe se bestudering van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in huweliksvoorbereiding (3.1). In die berading met voornemene
de huwelikspare is dit noodsaakklik dat die berader sal verstaan dat daar ’n verskil tussen man en vrou is. Hulle verskil nie net fisies nie, maar ook emosioneel, sielkundig, geestelik en in hulle verwantskap. Mans en vrouens se handelswyse en denke verskil

van mekaar. Huweliksvoorbereiding is opvoedkundig, didakties en sosialiserend van aard en werk uitsluitlik voorkomend. Dis belangrik om misverstande en onsekerhede oor die huweliksverhouding tussen voornemende huweliksmaats voor die huwelik op te klaar. Dis nodig om inligting oor die huwelik en sy werking daar te stel en om vaardighede aan te leer waardeur die groeipyne van die huwelik hanteer kan word. Die ontwikkeling en aanvaarding van elkeen se uniekheid bring ‘n ryk skakering van andersheid wat die verhouding interessant maak (3.4.2.). Hierdie andersheid moet pastoraal begelei word tot suksesvolle aanpassing in die huwelik.
Huweliksvoorbereiding wil voornemende huwelikspare sosialiseer vir die huwelik, huwelikstevredenheid vestig en bevorder en voorkom dat die huwelik misluk (3.4.1).

Ernstige probleme word in hedendaagse huwelike ondervind. Die geluk wat God vir die huwelik in gedagte het, word nie meer ervaar nie. Mense het ’n verkeerde idee van die doel van die huwelik. Huweliksvoorbereiding is uiters belangrik en daar is baie meer navorsing in die laaste twee dekades oor huweliksvoorbereiding gedoen as ooit te vore, veral oor die inhoud, doel en behoeftes van ’n suksesvolle huwelik (3.4.1.).

Vir ’n holistiese huweliksvoorbereiding aan voornemende pare is daar ruimte vir ander deelwetenskappe soos psigologie, sosiologie, mediese wetenskap en regswetenskap (3.1). Die verskynsel dat soveel verskillende vakdissiplines die huwelik ondersoek, dui ongetwyfeld die belangrikheid van die huwelik en gesin in die hedendaagse samelewing aan (3.5). Verder moet belangrike temas tydens huweliksvoorbereiding so sorgvuldig as moontlik hanteer word. Die kwaliteit van die verhoudingsbou word bepaal en beïnvloed word deur die somtotaal van al sy samestellende, dele naamlik: kommunikasie, seksuele verhouding, konflikhantering, finansiële bestuur, huweliksmotiewe, Godsdienstige ingesteldheid, rolverdeling, ouerskap, persoonliksheidsaangeleenthede en gesin van herkoms (3.4.3). Dis belangrik dat die voornemende huwelikspaar saam met die pastorale berader deur die besprekingsvrae werk soos aangeheg (3.4.3). Die veranderde wêreld, tye, spanning en druk van vandag op die huwelike skep nuwe variasies, uitdagings en moontlikhede. Daarom is intensiewe huweliksvoorbereiding noodsaaklik om voornemende huwelikspare te

begelei tot ‘n vervullende huwelik. Vir huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou is dit van uiterste belang om van ander deelwetenskappe gebruik te maak vir doeltreffende berading aan voornemende huwelikspare (3.5).

### 5.6 Pastorale berading en empiriese beginsels ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik

‘n Keuse is gemaak ten gunste van die kwantitatiewe navorsingsbenadering vanweë die tema en die aard van die studie. Hierdie benadering poog immers om by die mees oorspronklike of egte verstaan van persone se ervarings uit te kom, sodat die leefwêreld van die respondente verstaan kan word (4.3). Uit al die terugvoering wat ontvang is vanuit die empiriese navorsing, is daar ‘n aantal aspekte wat in ag geneem moet word vir huweliksvoorbereiding. Dis belangrik dat voornemende huwelikspare gemotiveer word om moeite met huweliksvoorbereiding te doen. Die noodsaaklikheid van die voorbereiding asook die uitdagings van die huwelik moet duidelik gestel word (4.7). Doelwitte vir huweliksvoorbereiding gaan van paar tot paar verskil. Hierdie doelwitte moet duidelik aan die voornemende huwelikspaar gekommunikeer word sodat die paar realistiese doelwitte kan neerlê en saam kan werk tot die bereiking daarvan (4.7). Dit is verder noodsaaklik dat die temas wat met die voornemende huwelikspaar deurgewerk word so deeglik as moontlik is, asook soveel moontlike aspekte van die huwelik insluit (3.4.3). Opvolgsessies moet met die huwelikspaar geskeduleer word na die huweliksbevestiging, ter wille van evaluering en verryking. Die pare sal na die huweliksbevestiging sinvolle ervaring kan deel (4.7). Pare moet begelei word om die uitdagings wat die moderne lewe aan die huwelik stel , suksesvol die hoof te bied. Huweliksvoorbereiding moet pare leer hoe die huwelik die diepste behoeftes kan bevredig deur vreugde en geluk te bring, eensaamheid op te hef deur intimiteit te kweek, sekuriteit te verskaf en ‘n veilige ruimte te skep waarbinne huwelikspare mekaar kan liefhê. Die ratwerk van ‘n gesonde huweliksverhouding moet verstaan en toegepas word (4.7). Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat daar aan pastorale beraders effektiewe huweliksvoorbereidingsriglyne beskikbaar gestel word.

### 5.7 Voorgestelde pastorale riglyne

#### 5.7.1 Beradingsmetodes

Die primêre atmosfeer by ‘n berader moet een wees van warmte, aanvaarding en respek vir die voornemende huwelikspaar wat die spreekkamer met hulle voorbereiding betree. Dit word deur die berader oorgedra deur, onder andere stemtoon en houding. ‘n Goeie verhouding van vertroue moet met die voornemende huwelikspaar gebou word. Die voornemende huwelikspaar moet met vriendelikheid, simpatie en begrip hanteer word. Navorsers gebruik in huweliksvoorbeiding ‘n gesamentlike berading, dit wil sê die man en vrou word gelyktydig in die proses betrek. Nie een van die voornemende huweliksmaats kan dan meen of voel dat daar uitsluiting is nie en daardeur van die beraad afgeskrik word nie. Die doel van die beraad is om deur verhoudingsbou in al sy aspekte ‘n suksesvolle huwelik te beleef (4.7).

Tydens gesamentlike beraad word ‘n beter beeld verkry van die verhoudingsbou tussen die voornemende huwelikspaar. Enige krisis area of probleem word meestal gou gediagnoseer en die voornemende huwelikspaar kan vinniger by die oplossing kom.

Aanspreeklikheid, betrokkenheid en verantwoordelikheid van die man en vrou vir die probleem in die verhouding word in gesamentlike berading bevorder. Die berader kry ‘n totale beeld van die interaksie, kommunikasie en gedrag tussen die huweliksmaats (4.7).

Verskillende aspekte van huweliksvoorbereiding word tydens berading hanteer. Groter duidelikheid en tevredenheid tussen die voornemende huwelikspaar word bewerkstellig.

#### 5.7.2 Enkele Bybelse beradingsmodelle

Voordat ’n beradingsmodel daar gestel word, word kortliks aandag gegee aan enkele ander beradingsbenaderings wat deur pastorale beraders gebruik word. Hierdie modelle word nie volledig bespreek nie, slegs enkele sake word aangeraak.

#### 5.7.2 .1 Narratiewe benadering

Volgens Luyt (2002:36) in Minnie (2003:236) is die narratiewe benadering in reaksie teen die vroeëre metode van veral die psigologie om die mens ooreenkomstig sekere standaardafwykings van die normale te klassifiseer volgens sy betrokke graad van afwyking. Hierdie metode vanuit die psigologie het gepas by die positivistiese denkstroom wat aanvaar het dat geldige kennis slegs op 'n natuurwetenskaplike wyse ingewin kan word. In plaas daarvan om mense te etiketteer en te patologiseer, beklemtoon die narratiewe benadering 'n uitgebreide verhouding met mense waar die klem val op die uniekheid van die mens en nie op die afwyking nie. Müller (2000:17) in Minnie (2003:236) wys daarop dat die verhalende pastor ingestel is op gelyke en vrye kommunikasie. In die verhalende pastoraat word die hele storie ernstig opgeneem. Ook die pastor se storie speel 'n rol in die interpretasie van die storie van die beradene. In die narratiewe pastoraat word die mite van "objektiwiteit" geheel en al verwerp. Müller (2000:72-73) in Minnie (2003:236-237) noem vyf bewegings in die narratiewe model wat deur die terapeut gebruik moet word:

- Die noodverhaal: Help die gespreksgenoot om die storie van nood so uitvoerig as moontlik te vertel.
- Die verlede verhaal: Die noodstorie is ook geskiedenis. Dit moet vertel word. Die gesinsverhale is gewoonlik 'n belangrike deel van die verlede verhaal.
- Die verduisterde toekomsverhaal: Ontdek saam met die gespreksgenoot die toekomsstorie in die verlede storie.
- Die hervertelde verlede verhaal: Die verlede verhaal moet geherinterpreteer word. Dit behels die proses van herafbakening.
- Die verbeelde toekomsverhaal: Die herinterpretasie van die verlede word vanself 'n uitnodiging om 'n beter toekoms te verbeel. Wanneer die terapeut die gespreksgenoot nooi om oor die toekoms en toekomsdrome te praat, neem die toekomsverhale op 'n natuurlike manier vorm aan.

### 5.7.2.2 Noutetiese beradingsmodel van J E Adams

Noutetiese beradingsmodel volgens Adams (1981:74-77) in Minnie (2003: 238) is ’n metode waarvolgens die beradene in gesindheid van liefde gekonfronteer en vermaan word met betrekking tot die sonde wat aanleiding tot die krisis gegee het. Die doel van hierdie beradingsmetode is om ’n beradene te lei tot ’n positiewe lewensverandering volgens Bybelse norme. Die drie elemente van Noutetiese berading is volgens Pelser (1996:48) in Minnie (2003: 238):

- Verandering: Die beradene leef nie in ooreenstemming met Bybelse standaarde nie en moet daarom verander.
- Konfrontasie: Verbale konfrontasie is nodig om verandering teweeg te bring.
- Besorgdheid: Die beradene se welsyn is uiters belangrik in die beradingsproses.

Die fokuspunt vir noutetiese berading is liefde. ’n Sondige lewe is om nie liefde teenoor God en die naaste te betoon nie. Vanuit die redenasie van die noutetiese berading volg dat alle beradingsprobleme wat nie organies is nie, deur die sonde veroorsaak word. Die mens is in sonde ontvang en gebore, wat meebring dat alle ellende deur sy sondigheid veroorsaak word (Pelser, 1996:48) in Minnie (2003: 238).

### 5.7.2.3 Beradingsmodel van G A Lotter

Lotter gebruik die beradingsmodel deur dr. Wayne Mack van die Christian Counselling and Educational Foundation. Die beradringsproses sluit die volgende sewe elemente in, nl. interaksie, inspirasie, informasie, intensie, interpretasie, instruksie en implementering (Lotter, 1987:105-174):

- Interaksie: Tydens hierdie fase word daar verhouding gebou tussen die berader en die beradene. Die berader moet die persoon aanvaar, empaties betrokke wees, eerlik met die beradene wees, die beradene se gevoelens reflekteer. Hy moet egter ook die gegewens verskaf deur die beradene interpreteer, inligting opsom en parafraseer, die beradene konfronteer indien teenstrydighede bemerk

word. Die beradene moet so begelei word dat hy God se teenwoordigheid te alle tye erken en ervaar.

- Inspirasie: In die inspirasie van berading word aan die beradene getoon hoe daar vir hom hoop is in sy unieke omstandighede. Hy word ook verseker dat God ook ander met dieselfde omstandighede bygestaan en gelei het.
- Informasie: Genoegsame informasie oor die probleem moet ingesamel word, hetsy deur vraelyste, persoonlike vrae en datalyste. Die berader moet self antekeninge maak tydens die beradingsproses om sy gedagtes te orden.
- Intensie: Intensie is nie ’n aparte probleem van die beradingsproses nie, maar ’n integrale deel van die hele proses. Die beradene moet deur sekere voornemens laat blyk dat hy gaan meewerk aan die beradingsproses en nie agteroorsit en hoop die berader verrig wonderwerke nie. Intensie hou nie op tydens die afhandeling van berading nie, maar gaan na die beradingsproses ook voort.
- Interpretasie: Nadat al die data ingesamel is en die beradene sekere voornemens te kenne gegee het, kan die berader begin om die ingesamelde inligting te verwerk en te interpreteer. Interpretasie mag nooit sonder die leiding van die Heilige Gees gedoen word nie.
- Instruksie: Hierdie fase kom in werklikheid dwarsdeur die beradingsproses voor. Instruksies word gegee om te vergewe, om aan die selfbeeld te werk, raad te gee met verwerping en ander sake wat die beradene mag hinder.
- Implementering: In hierdie fase moet die beradene alles wat aangeroer is en wat hy geleer het, implementeer sodat hy kan voortgaan met sy lewe. Riglyne word vanuit die Skrif aan die beradene gegee waarvolgens hy moet lewe.

### 5.7.3 Beradingsriglyne

Die probleemsituasie van swak verhoudingsbou in die huwelik wat hipoteties in die huidige studie aan die orde kom, is as gevolg van onvoldoende huweliksvoorbereiding.

Voornemende huwelikspare kom vir berading sodat hulle ’n sinvolle en gelukkige huwelik kan beleef. Die doel is om die voornemende huwelikspaar vanuit die Bybel te beraad sodat hulle huweliksgeluk kan ervaar en op elke terrein van die huwelik kan groei. Aangesien God die Skepper van man en vrou is, asook die Insteller van die huwelik is, is dit belangrik dat huwelikspare op God gefokus word tydens berading. Die beradingsriglyne om dit te bereik, word die Theos-gerigte model genoem. God Drie-enig is die fokus in die beradingsproses. God die Vader is die insteller van die huwelik, God die Seun is die Verlosser en weg na begripvolle groei en aanpassing in die huwelik, God die Heilige Gees is die vermoë-gewer vir man en vrou om mekaar te begryp en instaatsteller om dader te word van wat die Woord verwag in huweliksvoorbereiding (Minnie, 2003:244).

Die Theos-model sluit verskillende fases in, naamlik verhoudingsfase, ontledingsfase, onderhoud, ontmoeting met God, onderrigfase en ondersteuning. Die fases word nie een-vir–een afgesluit en dan na die volgende fase beweeg nie. Hierdie fases oorvleuel mekaar. Die verhouding word byvoorbeeld deur die hele beradingsproses gebou, so bly data-insameling voortgesit gedurende die hele proses.

Die fases word gebruik as riglyne in die beradingsproses om die voornemende huwelikspaar na God en na mekaar te begelei (Minnie, 2003:244).

#### 5.7.3.1 Verhoudingsfase

Eerste indrukke is blywend en daarom is dit belangrik. Die berader moet by die probleem van die huwelikspaar verby kyk, en die huwelikspaar met vriendelikheid, aanvaarding, simpatie en met begrip teenoor hulle en hulle probleem optree.

Met die eerste ontmoeting, maar ook regdeur die beradingsproses moet die berader bou aan ’n vertrouensverhouding. Regdeur die beradingsproses moet die berader ingedagte hou dat die voornemende huwelikspaaar geskape is na die beeld van God (Minnie, 2003:244). Die berader moet voortdurend neutraal bly en op geen stadium die indruk by enige van die voornemende huwelikspaar skep, dat hy kant kies nie. Die

berader moet die basiese vaardighede wat van belang is vir die bou van ’n verhouding toepas en dit ook met die voornemende huwelikspaar behandel (3.4.3).

- Die voornemende huwelikspaar moet  mekaar ken en bereid wees om oop te maak en om meer van mekaar te leer ken.
- Die voornemende huwelikspaar moet mekaar as unieke individue aanvaar.
- Die voornemende huwelikspaar moet die gesindheid openbaar om mekaar te dien en die ander persoon se belange te bevorder.
- Duidelik en eerlike geformuleerde boodskappe moet deurgegee word.
- Luistervaardighede moet ontwikkel word.
- ’n Styl van onderdanigheid en samewerking is belangrik in die soeke na gemeenskaplike oplossings.
- Die rol van voorveronderstellings en waardes moet binne die gespreksgebeure geïdentifiseer word.
- Egtheid en opregtheid bevorder die klimaat van die gesprek.

Tydens die verhoudingsfase is die gesprekspatroon wat gevolg en afgewissel word, vraag en antwoord; ondersteuning en bemoediging; konfrontasie en vermaning; raadgewing en inligting; diagnose en interpretasie; empatie en aanvaarding asook doelgerigte hulpverleng en opbouing (De Wet, 2005:84).

Die berader moet  ’n weergebore Christen wees. Sy verhouding met God moet getuig van goeie kommunikasie tussen God en hom/haar, maar ook tussen die berader en sy naaste. Die berader moet God se Woord gehoorsaam, volg in sy lewe en self weet hoe om met God te praat (gebed). Die berader moet ook moet ’n student van die Bybel wees om God se Woorde  te kan toepas soos dit nodig mag wees. Die berader se lewe moet getuig van die vrug van die Gees (Galalsiërs 5).

Die berader se huwelik moet self ’n voorbeeld vir die voornemende huwelikspaar wees. Alleen vanuit ’n eie gelukkige en vervullende huweliksverhouding kan die berader doeltreffend aan ander leiding gee. Indien die berader se verhouding met sy naaste nie ingevolge die beginsels van die Bybel is nie, as hy nie met sy huweliksmaat

kommunikeer nie, kan die berader nie die beginsels met insig aan die voornemende huwelikspaar oordra nie. Die berader se vertrekpunt moet wees dat hy ernstig is oor die voornemende huwelikspaar se voorbereiding (De Wet, 2005:84).

Die berader moet ten alle tye deur die beradingsproses warmte, empatie, toewyding, respek, aanvaarding en opregtheid aan die dag lê. Dit verseker dat die voornemende huwelikspaar op hulle gemak voel in die teenwoordigheid van die berader. Die berader staan ook as geroepene in diens van God, as gesalfde deur die Heilige Gees met die opdrag om die bediening van versoening aan die mens te verkondig. Die berader gebruik die Skrif, as geïnspireerde Woord van God, as gesagsbron om die beradene te begelei. Die Skrif is genoegsaam in die beradingsproses, omdat dit duidelik en betroubaar is (2.3.2). Die voornemende huwelikspaar moet te alle tye verseker wees dat inligting wat verskaf word, as vertroulik hanteer word, aangesien diepste gevoelens, vrese en probleme blootgelê word. Die berader moet die voornemende paar die geleentheid bied om die beradingsproses te evalueer en aanbevelings te maak. Dit toon ook aan die voornemende huwelikspaar dat hulle deel is van die proses en dat die berader nie die beradingsproses gebruik om eie gedagtes af te dwing nie. Die beradingsproses word in liefde gedoen. Daar moet baie duidelik aan die voornemende huwelikspaar gestel word dat die Heilige Gees aktief werkend in die beradingsproses is (Johannes 16:5-10). God is die middelpunt van die gesprek en alle hulp en leiding kom van Hom. Die voornemende huwelikspaar kom dan op hierdie wyse onder die indruk dat die berader slegs ’n instrument is wat self van God afhanklik is vir die beradingsproses (Minnie, 2003:244-247).

#### 5.7.3.2 Ontledingsfase

Dit is baie belangrik vir suksesvolle berading dat genoegsame inligting van die voornemende huwelikspaar verkry word. Hierdie inligting word deur die berader ontleed, in samewerking met die beradene, om riglyne vir die bepaalde situasie daar te stel sodat sinvolle huweliksvoorbereiding gedoen kan word (Minnie, 2003:248).

Volledige data is noodsaaklik vir doeltreffende ontleding. Gegewens moet by die aanvang van raadpleging verkry word, soos om onder andere te bepaal hoe hulle lewenswyses is en wat die situasies is waarmee hulle daagliks te doen kry. Die voornemende huwelikspaar se persoonlike inligting is van groot belang, naamlik; naam, adres, werksomstandighede en mediese toestande. Medikasie kan soms bydra tot emosionele versteurings en dikwels die oorsaak van slaaploosheid, aggresiewe gedrag of stres wees. Inligting kan bekom word deur die invul van vraelyste. Hierdie lyste moet baie eerlik ingevul word. Uit inligting kan byvoorbeeld afgelei word in watter emosionele toestand die voornemende huwelikspaar verkeer, wat hulle meelewende Christenskap behels en hoe 'n krisis hanteer word. Dit is belangrik om inligting wat ontvang en verwerk is, te oordink en die voornemende huwelikspaar se kommentaar daarop te vra. Die voornemende huwelikspaar kan aandui of die interpretasie van feite wat verskaf is, korrek is en of die berader die inligting foutief geïnterpreteer het. Volgens die beskikbare inligting word dan beplanning gedoen rondom die hantering van die huweliksvoorbreiding (Minnie, 2003:248-249).

### 5.7.3.3 Onderhoude

Tydens hierdie fase word die voornemende huwelikspaar tyd gegun om hulle harte te ontbloot. Dit is baie belangrik dat die berader hier stilte moet handhaaf en moet luister. Die luisteraksie is 'n baie belangrike element van die beradingsproses. Die berader moet daarteen waak om die voornemende huwelikspaar te manipuleer om voortydig oor sake te praat waarvoor hulle nie gereed is nie. Die berader moet die voornemende huwelikspaar toelaat om self die pas van die beradingsproses te bepaal. Die berader moet fyn luister of die voornemende huwelikspaar gereed is om oor te gaan na die volgende tema van bespreking (3.4.3). Die berader moet aandring op die eerlikheid van die voornemende huwelikspaar, sodat die kern van die saak behandel kan word. Die voornemende huwelikspaar moet die versekering kry dat die berader ten alle tye beskikbaar is. Dit sal bydra tot die openhartigheid van die gesprek. Die berader moet ook nie wegskram om die voornemende huwelikspaar te bemoedig en te vermaan

vanuit die Woord nie. Konfrontasie is nie veroordeling van die voornemende huwelikspaar nie, maar is daar om hulle te help om hulle sonde raak te sien, gebreke en tekortkominge te erken en verskoning vir selfvernietigende gedrag te oorkom. Indien nodig kan bemoediging uit die Skrif kom. Die Skrif moet antwoorde aan die voornemende huwelikpaar bied. Die Skrif moet verklaar en toegepas word op die huwelik (2.3). Gebed moet organies voortvloei uit die beradingsgesprek en moenie gedwonge voorkom nie. Gebed word ook aangewend vir bid om die verligting van die Heilige Gees in die beradingsproses, die uitleg van die Woord en die ondersteuning van die berader aan die voornemende huwelikspaar (Minnie, 2003:250-252).

#### 5.7.3.4 Ontmoeting met God

Die doel van die beradingsproses is hier om die voornemende huwelikspaar tot kennis van en vertroue op die Drie-Enige God te bring. Hulle moet altyd besef God is altyd in beheer. Gebed as kommunikasie met God is baie belangrik. Deur gebed word die hart van die berader sowel as die voornemende huwelikspaar op God gerig en word die diepste nood en ellende voor God geplaas. Daar moet egter gewaak word om nie die gebed as ’n stopmiddel te wil gebruik nie. Veral in gevalle waar die berader onbevoeg is om die probleem van die voornemende huwelikspaar te hanteer . Die Woord van God, geïnspireer deur Sy Heilige Gees, is die kern van berading (2.3.2). Deur die Gees van God sal die berader gelei word om die voornemende huwelikspaar te begelei na die rykdom van die Woord. Die verklaring van relevante Skrifgedeeltes aan die voornemende huwelikspaar sal help om die versterking van die geloof te bewerkstellig (2.3). Daar moet ook hoop gegee word aan die voornemende huwelikspaar. Hoop op die toekoms, hoop op God en hoop op ’n suksesvolle huwelik. Die voornemende huwelikspaar moet begelei word om deur tye van wanhoop, steeds in blydskap, onder leiding van die Heilige Gees te volhard (Minnie, 2003: 252-255).

#### 5.7.3.5 Onderrigfase

Onderrig aan die voornemende huwelikspaar moet so wees dat hulle bewus kan word van dit wat God hulle bied vir hulle huidige situasie.

Skrifstudie in die vorm van tuiswerk, soos byvoorbeeld Deuteronomium 24:1-4 en Efesiërs 5:21-33, kan oor die huwelik gedoen word (2.3). So ook die vraelyste wat deur die berader saam met die voornemende huwelikspaar deurgewerk word (Bylaag 1). Al die huweliksvoorbereidingselemente soos vervat in bylaag moet met die vornemende huwelikspaar deurgewerk word. Die verskillende temas vir huweliksvoorbereiding behels: kommunikasie, seksuele verhouding, konflikhantering, finansiële bestuur, huweliksmotiewe, Godsdienstige ingesteldheid, rolverdeling, ouerskap, persoonliksheidsaangeleenthede en gesin van herkoms (3.4.3).

#### 5.7.3.6 Aksiefase

Elke afsonderlike voornemende huweliksmaat het ‘n verantwoordelikheid wat verhoudingsbou betref. Hulle moet God se agenda elke dag in die praktyk asook in hulle verhouding toepas. Daar moet weggedoen word met vorige verkeerde en selfsugtige gewoontes wat verhoudingsbou negatief geaffekteer het. Aanpassings en veranderings moet by die voornemende huweliksmaats afsonderlik plaasvind. Onderlinge ondersteuning is nodig om saam te verander tot sinvolle verhoudingsbou. Die voornemende huwelikspaar moet saam met die pastorale berader die voorbereidingsvraelys deurwerk. Daaglikse vordering moet in ‘n dagboek aangeteken word om sodoende aan die berader terugvoer te gee. In die teenwoordigheid van die berader kan die voornemende huwelikspaar aangemoedig word om oor die verskillende huweliksvoorbereidingstemas te kommunikeer. Definitiewe aksie kan geneem word om steurings wat verhoudingsbou verhinder, uit die weg te ruim. Tydens elke afsonderlike tema van huweliksvoorbereiding kan aan die voornemende huwelikspaar die nodige

inligting verskaf word, wat daardie betrokke tema uitbrei en verduidelik (3.4.3.1-3.4.3.10).

Dis sinvol om die voornemende huwelikspaar ‘n onderneming te laat teken (bylaag 4) waarby hulle hulself verbind om huweliksvoorbereiding te ondergaan wat bydra tot verhoudingsbou.

## 5.8 Voorlopige samevatting van hoofstuk 5 (Pragmatiese perspektiewe)

### 5.8.1 Met betrekking tot berading en normatiewe beginsels

- Daar is hoop vir voornemende huwelikspare wat huweliksvoorbereiding ontvang om verhoudingsbou te bevorder.
- Die Skrif as Handleiding onderrig duidelik die erns van die huwelik en Christus as die voorbeeld vir verhoudings en die huwelik.
- Op grond van God se betrokkenhied en begeerte vir die mens, is daar hoop vir ’n vreugdevolle huwelik na deeglike huweliksvoorbereiding.

### 5.8.2 Met betrekking tot berading en interpratiewe beginsels

- In pastorale berading met voornemende huwelikspare moet die berader verstaan dat daar ’n verskil tussen man en vrou is.
- Hulle verskil nie net fisies nie, maar ook emosioneel, sielkundig, geestelik en in hulle verwantskap.
- Die pastorale berader moet die verskillende voorbereidingstemas in diepte met die voornemende huwelikspare deurwerk.
- Die verskillende temas vir huweliksvoorbereiding behels, kommunikasie, seksuele verhouding, konflikhantering, finansiële bestuur, huweliksmotiewe, Godsdienstige ingesteldheid, rolverdeling, ouerskap, persoonliksheidsaangeleenthede en gesin van herkoms

- Empiriese studie bevestig dat huweliksvoorbereiding om verhoudingsbou te bevorder uiters belangrik is vir voornemende huwelikspare.

### 5.8.3 Met betrekking tot berading en empiriese beginsels

- Dis belangrik dat voornemende huwelikspare gemotiveer word om moeite met huweliksvoorbereiding te doen.
- Die noodsaaklikheid van die voorbereiding asook die uitdagings van die huwelik moet duidelik gestel word .
- Doelwitte vir huweliksvoorbereiding gaan van paar tot paar verskil. Hierdie doelwitte moet duidelik aan die voornemende huwelikspaar gekommunikeer word sodat die paar realistiese doelwitte kan neerlê en saam kan werk tot die bereiking daarvan.

### 5.8.4 Met betrekking tot berading en pragmatiese beginsels

- Die pastorale berader se eie lewe moet dien as voorbeeld dat daar wel sukses en geluk in die huwelik kan wees en dat huweliksvoorbereiding aan die voornemende huwelikspaar uiters noodsaaklik is.
- Die Theos-gerigte model kan gebruik word om huwelikspare voor te berei.
- Die voornemende huwelikspaar moet saam met die berader die voorbereidingsvraelys deurwerk wat die belangrikste temas van huweliksvoorbereiding sal hanteer.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om ’n pragmatiese beginsel te ontwerp vir die pastorale begeleiding van voornemende huwelikspare ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik.

# HOOFSTUK 6

## Finale samevatting

Die doel van hierdie studie is om vanuit die Skrif enkele riglyne aan Pastorale beraders te verskaf om voornemende huwelikspare te begelei tot huweliksvoorbereiding.

Die doel van hierdie studie kan alleen verwesenlik word, indien die opgeleide praktiese teoloog, die nodige inligting wat verkry kan word, deur die Normatiewe beginsels (hoofstuk 2) en Interpretatiewe beginsels ( hoofstuk 3) en Empiriese beginsels, (hoofstuk 4) aanwend vir die skep van funksionele Pragmatiese beginsels (hoofstuk 5).

Die aandag is gevestig op Praktiese Teologie as wetenskap, wat gesien kan word as kommunikatiewe handeling, onder leiding van die Heilige Gees, wat transformasie wil bewerkstellig in die lewens van mense, sodat God weer as die genadige, liefdevolle God erken en aanbid sal word.

Die Woord van God staan sentraal in die Bybelse beradingsproses omdat dit gesag het, betroubaar is, genoegsaam en duidelik is. Die Bybel het gesag, omdat die gesag van God af kom.

## 6.1 Hoofstuk 2

### Normatiewe beginsels

- Vanuit die navorsing is dit duidelik dat huwelike in die nood is en huweliksvoorbereiding noodsaaklik is.
- Daar bestaan die behoefte en noodsaaklikheid vir voornemende huwelikspare om huweliksvoorbereiding te ontvang om verhoudingsbou te bevorder, asook om egskeidings te voorkom.

- Die aanpassingsprobleme rakende verhoudingsbou wat die pasgetroude huwelikspaar mag ervaar, moet ondervang word deur deeglike huweliksvoorbereiding.
- Die Deuteronomium 24:1-4 teks word eksegeties verwerk om ’n Bybelse riglyn vir die huwelik en egskeiding te kry vanuit ’n ou Testamentiese perspektief.
- In die Efesiërs 5:21-33 teks word verhoudings en die funksionering van huweliksverhoudings ondersoek
- Christus se eie optrede word as model voorgehou.
- Die verskillende rolverwagtings van man en vrou in die huweliksverhouding word beklemtoon.
- Die voornemende huwelikspaar word beskou as ‘n eenheidswese, beelddraende wese, verhoudingswese, seksuele wese en ‘n toekomswese en ten laaste die kroon van die skepping.
- In huweliksvoorbereiding en pastoraat wat gerig is op verhoudingsbou, is dit van groot belang dat die berader die voornemende huwelikspaar se waarde in God se oë te erken.
- Die Skrif kan verstaan word as Goddelik geïnspireer, gesagvol, betroubaar, genoegsaam en duidelik.
- Die Skrif is die basis in berading, die bron van alle gesag, waaruit die pastorale berader met die beradene omgaan. Die huwelikspastoraat deur die pastor bly Woordbediening.
- Die pastorale berader se Godsbeskouing van ewig, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, wys, regverdig, goed en heilig, is van groot belang vir die huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou.

## 6.2 Hoofstuk 3

**Interpretatiewe beginsels**

- Huweliksvoorbereiding handel oor die verskaffing van inligting oor die huwelik, asook die verhouding voor die huwelik, asook die bydrae tot hierdie voorbereiding wat deur ander deelwetenskappe gelewer word.
- Saam met eksegetiese studies word daar gefokus op verskillende vakdissiplines in die deelwetenskappe se bestudering van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent in huweliksvoorbereiding.
- Die verskynsel dat soveel verskillende deelwetenskappe die huwelik ondersoek, dui ongetwyfeld die belangrikheid van die huwelik en gesin in die hedendaagse samelewing aan.
- Daar kan gebruik gemaak word van die deelwetenskappe soos, psigologie, sosiologie, maatskaplike werk en regswetenskap.
- Die faktore wat vir huweliksvoorbereiding en verhoudingsbou inag geneem moet word is, seksuele intimiteit, bepaling van prioriteite, geestelike eenwording, doeltreffende kommunikasie, persoonlikheidsverskille, verhoudingsrolle in terme van die ontwikkeling van ‘n eie karakter en gesonde toewyding.
- Hierdie verskillende faktore van huweliksvoorbereiding met voornemende pare moet deur middel van vraelyste tydens pastorale sessies deeglik deurgewerk en begelei word.
- Vir huweliksvoorbereiding met die oog op verhoudingsbou is dit van uiterste belang om van ander deelwetenskappe gebruik te maak vir doeltreffende berading aan voornemende huwelikspare.

## 6.3 Hoofstuk 4

### Empiriese beginsels

- Die hoofstuk handel verder oor die uitvoering van ’n empiriese studie betreffende die rol van verhoudingsbou as riglyne tot huweliksvoorbereiding.
- n Keuse is gemaak ten gunste van die kwalitatiewe navorsingsbenadering vanweë die tema en die aard van die studie.

- Aan hierdie studie het 33 respondente deelgeneem.
- Huweliksvoorbereiding moet deeglik verduidelik word, sodat die pare en die pastorale berader duidelik begrip toon en geen misverstande voorkom nie.
- Doelwitte vir huweliksvoorbereiding gaan van paar tot paar verskil. Hierdie doelwitte sal duidelik uitgespel word.
- Temas wat tydens pastorale sessies hanteer word moet soveel moontlik aspekte van die huwelik insluit ter wille van die deeglikheid van die voorbereiding.
- Positiewe samewerking tussen die voornemende huwelikspaar en die pastorale berader is baie belangrik vir sinvolle voorbereiding.
- Dit is noodsaaklik dat ‘n huweliksvoorbereidingsprogram met ‘n huweliksverykkingsprogram opgevolg word, ‘n paar maande na die huwelik ter wille van sinryke terugvoer.
- Daar bestaan wel die behoefte onder pastorale beraders aan deeglike huwelikskursuss of seminare, wat voorbereiding relevant kan maak.
- Vanuit die empiriese studie is dit duidelik dat huweliksvoorbereiding noodsaaklik is vir elke voornemende paar.

## 6.4 Hoofstuk 5

### Pragmatiese beginsels

- Hierdie hoofstuk beoog om praktiese riglyne neer te lê vir verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik.
- ‘n Bybelse berading is die veronderstelling dat berading vanuit ’n Skriftuurlike vertrekpunt hanteer word.
- Die Skrif is die basis in berading, die bron van alle gesag waaruit die berader met die beradene omgaan. Die huwelikspastoraat deur die pastor bly Woordbediening.
- Die huwelik is ‘n instelling van God tussen een man en een vrou. As deel van hierdie basiese skepping van God is die man en vrou direk aan mekaar verbonde.

- Tydens pastorale berading wat handel oor huweliksvoorbereiding sal daar gefokus word op moontlike aanpassingsprobleme rakende verhoudingsbou wat die pasgetroude huwelikspaar mag ervaar.
- Aangesien God die Skepper van man en vrou is,asook die Insteller van die huwelik is, is dit belangrik dat huwelikspare op God gefokus word tydens berading.
- Die beradingsriglyne om dit te bereik, word die Theos-gerigte model genoem. God Drie-enig is die fokus in die beradingsproses.
- Die Theos-gerigte model sluit verskillende fases in, naamlik verhoudingsfase, ontledingsfase, onderrigfase en aksiefase. Die fases word nie een-vir–een afgesluit en dan na die volgende fase beweeg nie.
- Die fases word gebruik as riglyne in die beradingsproses om die voornemende huwelikspaar na God en na mekaar te begelei.
- Dis belangrik om ’n pragmatiese beginsel te ontwerp vir die pastorale begeleiding van voornemende huwelikspare ten opsigte van verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik.

## VOORGESTELDE TERREINE VAN VERDERE STUDIE

Met die voltooiing van die studie is daar gevind dat die volgende temas in pastoraat aandag in verdere studies sal moet geniet:

1. ’n Praktiese Teologiese studie oor berading aan gelowiges wat deur die trauma van ’n egskeiding moet werk.

2. ’n Praktiese Teologiese studie oor berading aan gelowiges wat deur die trauma van ’n onsuksesvolle verlowing moet werk.

3. ‘n Praktiese teologiese studie oor pastorale berading aan gelowiges wat vir die tweede maal in die eg verbind word met saamgestelde gesinne.

**BYLAAG 1**

## FUNKSIONELE HULPMIDDELS VIR GEBRUIK BY HUWELIKSVOORBEREIDING

### Inleiding

Die bylae wat in die afdeling vervat is, bestaan uit 'n reeks funksionele hulpmiddels wat deur die verloofde paar benut kan word in die proses van huweliksvoorbereiding. Die funksionele hulpmiddels wat hierna volg, is daarop ingestel om die volgende funksies te vervul tydens die huweliksvoorbereidingsproses aan die voornemende huwelikspaar:

- Die stimulering van gesprekke tussen die voornemende huwelikspaar of tussen die voornemende huwelikspaar en die berader oor spesifieke komponente van die huweliksverhouding soos: kommunikasie, seksuele verhouding, konflikhantering, finansiële bestuur, huweliksmotiewe, Godsdienstige ingesteldheid, rolverdeling, ouerskap, persoonliksheidsaangeleenthede en gesin van herkoms.
- Die bepaling van die voornemende huwelikspaar se houding en kennis oor die huwelik in die algemeen.
- Die uitbouing van kennis omtrent die voornemende huwelikspaar se funksionering in die huwelik.
- Die insigvermeerdering met betrekking tot die komponente soos bo genoem.

Die aanleer van toepalike verhoudingsgedrag en – vaardighede vir die huwelik (Alpaslan, 1994:131).

### Die Alpaslan-houdingsopnameskedule ten opsigte van die huwelik

Die meegaande stellings is ontwerp om 'n voornemende huwelikspaar ssehouding oor die huwelik te peil. Dit is nie 'n toets nie; daar is dus geen regte of verkeerde antwoorde nie.

**Instruksies**

Voltooi die meegaande houdingsopnameskedule deur die toepaslike respons onder alle stellings te omkring.

**Sleutel**

1 = stem saam 2 = onseker 3 = stem nie saam nie.

**AFDELING 1 - BIOGRAFIESE GEGEWENS**

1. Geslag

| | |
|---|---|
| Manlik | 1 |
| Vroulik | 2 |

2. Ouderdom

| | | |
|---|---|---|
| | | Jaar |

3. Huistaal

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 1 |
| Engels | 2 |
| Ander (spesifiseer) | |
| | 3 |

4. Hoogste opvoedkundige kwalifikasie

| | |
|---|---|
| Minder as matriek | 1 |
| Matriek | 2 |
| Naskoolse diploma | 3 |
| B Graad | 4 |
| M Graad | 5 |
| D Graad | 6 |
| Ander (spesifiseer) | |
| | 7 |

5. Huidige beroep

| | |
|---|---|
| Professioneel | 1 |
| Klerklik | 2 |
| Ambag | 3 |
| Student | 4 |
| Dienspligtige | 5 |
| Huisvrou | 6 |
| Werkloos | 7 |
| Ander (spesifiseer) | 8 |
| | |

6. Kerkverband

| | |
|---|---|
| Anglikaanse Kerk | 1 |
| Apostoliese Geloofsending | 2 |
| Baptiste Kerk | 3 |
| Gereformeerde Kerk | 4 |
| Grieks-Ortodokse Kerk | 5 |
| Joodse Geloof | 6 |
| Lutherse Kerk | 7 |
| Metodiste Kerk | 8 |
| Nederduitse Hervormende Kerk | 9 |
| Nederduitse Gereformeerde Kerk | 10 |
| Presbiteriaanse Kerk | 11 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 12 |
| Sewendedag-Adventiste | 13 |
| Volle Evangelie Kerk | 14 |
| Geen Kerk | 15 |
| Ander (spesifiseer) | |
| | 16 |

7. Was u voorheen getroud?

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

**AFDELING 2 - DATA TEN OPSIGTE VAN U HOUDING OOR DIE HUWELIK**

8. Ek is oor die algemeen tevrede met die gesin waaruit ek kom.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

9. Die seksuele is nie die belangrikste komponent in die huwelik nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

10. Ek is oor die algemeen tevrede met my fisiese voorkoms.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

11. By die keuse van 'n huweliksmaat moet ek iemand kies wat dieselfde geaardheid as ek het.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

12. Effektiewe kommunikasie is die belangrikste komponent vir 'n suksesvolle huwelik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

13. Dit is normaal dat daar by tye konflik tussen huweliksmaats in die verhouding sal wees.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

14. Binne die huwelik behoort die een egmaat vir die ander egmaat genoeg ruimte te laat sodat hy/sy kan wees wie hy/sy werklik is.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

15. Ek word nie deur my ouers gedwing om ‘n huweliksmaat te kies nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

16. Dit is vir my belangrik dat ‘n egpaar eenstemmigheid moet hê oor wanneer om met ‘n gesin te begin.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

17. Die egpaar moet gesamentlik besluit oor hoe die finansies gehanteer moet word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

18. My verhouding met my aanstaande skoonmoeder is goed.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie van toepassing | 1 | 2 | 3 |

19. Geloofsverskille sal die egmaats beperk in die uitlewing van hulle Godsdiens.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

20. My ouers se huweliksverhouding is vir my ‘n goeie voorbeeld van ‘n suksesvolle huwelik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

21. Eksperimentering in geslagsgemeenskap is noodsaaklik voor die huwelik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

22. Ek is tevrede met my intellektuele vermoëns.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

23. By die keuse van huweliksmaats is dit nodig dat ek my maat se geaardheid ken.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

24. Ek luister goed na my voornemende egmaat as hy/sy met my praat.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

25. Konfliksituasies in die huwelik behoort so gou as moontlik opgeklaar te word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

26. Dit is nodig om binne die huwelik eie belangstellings te hê

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

27. Ek wil trou omdat ek ‘n behoefte aan kinders het.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

28. Ouerskap en die eise van kinderopvoeding vra volwassenheid van huweliksmaats.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

29. Ek gaan oordeelkundig te werk met die besteding van my finansies.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

30. Huweliksmaats behoort mekaar eers te raadpleeg voordat hulle raad van hulle ouers vra.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

31. Wanneer die huweliksmaats in dieselfde kerk is, sal groter geloofseenheid bereik word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

32. In my ouerhuis gee die gesinslede vir mekaar om.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

33. Die man moet die leiding neem wanneer dit by geslagsgemeenskap in die huwelik kom.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

34. Wanneer ek saam met vreemde mense is, voel ek gewoonlik op my gemak.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

35. Dit is beter om met iemand te trou wat nie dieselfde geaardheid as ek het nie.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

36. In die gesin waaruit ek kom is daar effektiewe kommunikasie met mekaar.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

37. Waar heersende konflik in die huwelik ontken word, is die huwelik stabiel.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

38. Binne die huwelik moet elke egmaat sy/ haar eie stokperdjie hê.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

39. Ek wil trou omdat ek nie langer die onaangenaamheid in my ouerhuis kan verduur nie.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

40. Ouerskap en die eise van kinderopvoeding vereis ‘n stabiele huweliksverhouding.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

41. Elke mens se houding oor finansies word beïnvloed deur vroeëre ervarings oor hoe daar met geld gewerk is.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

42. Die huwelikspaar moet ‘n gesamentlike plan van optrede ontwikkel vir die hantering van skoonouerprobleme waarin wedersydse ondersteuning, lojaliteit en beskerming verleen word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

43. Gesamentlike Bybelstudie en stiltetyd vorm die grondslag vir ‘n suksesvolle huwelik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

44. In my lewe is daar onvervulde kinderbehoeftes wat ek graag bevredig wil hê.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

45. Seks is vuil en walglik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

46. Wanneer ek saam met ander mense is, voel ek dat hulle my teenwoordigheid waardeer.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

47. Die maat wat ek kies, is iemand met wie ek oor my verlede kan praat.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

48. Die wyse waarop ek ‘n boodskap oordra, is net so belangrik soos die inhoud daarvan.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

49. Die ignorering van konflik is ‘n aanduiding van onvolwassenheid.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

50. Dit is nodig dat ek binne die huwelik my eie vriendekring moet hê.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

51. Ek trou omdat ek nie langer eensaam wil wees nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

52. Albei ouers het gelyke verantwoordelikheid met betrekking tot die fisiese versorging van die kinders.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

53. Ek en my voornemende huweliksmaat verskil oor die wyse waarop finansies gehanteer moet word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

54. Voornemende huweliksmaats moet die inwoning by ouers/ skoonouers as die laaste uitweg sien.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

55. Dis nodig dat die voornemende huweliksmaats dieselfde doelstellings nastreef ten opsigte van die beoefening van Godsdiens.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

56. Die lewe in my ouerhuis is vir my oor die algemeen ‘n onaangename ervaring.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

57. Seks is skoon en aangenaam.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

58. Oor die algemeen het ek meer selfvertroue nodig.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

59. Ek wil graag met my maat trou omdat hy my tekorte aanvul.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

60. Doeltreffende kommunikasie kan huweliksaanpassing geslaagd maak.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

61. Die konflik is behoorlik opgeklaar as net een van die betrokke partye wen.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

62. Dit is belangrik dat voornemende huweliksmaats gesamentlike stokperdjies beoefen.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

63. Ek wil trou omdat ek iemand wil hê om saam met my oud te word.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

64. Albei ouers het gelyke verantwoordelikheid met betrekking tot die opvoeding van die kinders.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

65. Die onoordeelkundige besteding van geld kan tot huweliksonenigheid aanleding gee.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

66. Beslissende konfrontasie met die skoonouers moet opgevolg word deur eerlike en opregte pogings om vriendelik en versoenend te wees.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

67. Godsdiens is ‘n persoonlike krag wat sin aan my lewe en huwelik sal gee.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

68. Ek voel my pa verstaan my nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

69. My voornemende huweliksmaat moet sensiteif wees vir my seksuele behoeftes en begeertes.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

70. Mense sal nie regtig van my hou as hulle my werklik ken nie.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

71. My maat se liefde het hom of haar na my toe aangetrek.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

72. Effektiewe kommunikasie voorkom onnodige geskille.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

73. Tydens die hantering van konfliksituasies kry ek onbeheersde woede-uitbarstings.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

74. Dit is belangrik dat die voornemende huweliksmaats gesamentlike belangstellings moet hê.

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|

75. Ek wil trou omdat ek ‘n stabiele verhouding wil verkry.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

76. Albei ouers het gelyke verantwoordelikheid met betrekking tot die dissiplinering van die kinders.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

77. Deeglike finansiële beplanning is ‘n voorwaarde van gesinsbou.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

78. Dit is onregverdig om grootouers hulle betrokkenheid by die kleinkinders te ontsê uit vrees vir skoonouerprobleme.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

79. Ek hou gereeld Bybelstudie en stiltetye.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

80. Ek voel my ma verstaan my nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

81. Dit is nie nodig dat ek gereeld my seksuele behoeftes en verwagtinge teenoor my voornemende huweliksmaat moet laat blyk nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

82. Ek komplimenteer my voornemende huweliksmaat graag.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

83. My voornemende huweliksmaat se begrip vir my het hom/haar na my toe aangetrek.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

84. Kommunikasie sluit nie net feite in nie, maar ook gevoelens, gedagtes en gedrag.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

85. Konflik is alleenlik opgelos indien albei partye tevrede is.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

86. ‘n Gesamentlike vriendekring sal ‘n voornemende huwelikspaar se verhouding verryk.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

87. Ek wil graag met my voornemende huweliksmaat trou sodat my liefde vir hom/haar tot uiting kan kom.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

88. Die gebruik van voorbehoedmiddels is ‘n gedeelde verantwoordelikheid tussen die voornemende huwelikspaar.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

89. Ek is nie suinig nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

90. Voornemende huwelikspaar behoort mekaar te ondersteun tydens konfrontasie met skoonouers.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

91. ‘n Voornemende huwelikspaar moet Godsdiensverskille voor die huwelik uitsorteer.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

92. Ek sal weer dieselfe gesin van herkoms kies as ek moet kies.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

93. Geslagsgemeenskap maak my bang.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

94. In die groep waarin ek beweeg voel ek belangrik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

95. My maat se fisiese voorkoms het my na hom/haar toe aangetrek.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

96. Dit is vir my belangrik om oop en eerlik te wees in my kommunikasie met my voornemende huweliksmaat.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

97. Konflik is verkeerd en sondig.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

98. Dis nodig dat die voornemende huwelikspaar voor die huwelik ‘n duidelike rolverderling en rolverwagting moet ontwikkel wat met die werklikheid ooreenstem.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

99. Ek wil trou sodat ek nie uit pas voel by my getroude vriende nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

100. Ek sal graag kinders wil hê.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

101. Ek is nie spandabelrig nie.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

102. My verhouding met my aanstaande skoonvader is goed.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nie van toepassing | 1 | 2 | 3 |

103. Die vrou gaan gewoonlik oor na haar man se kerk toe na die sluiting van die huwelik.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

Baie dankie vir die voltooiing van die houdingsopnameskedule

**Verwerking en interpretasie**

Afdeling 2 in die vraelys meet die houding van voornemende huwelikspare. Hierdie afdeling is saamgestel uit stellings wat betrekking het op die komponente van huweliksvoorbereding en verhoudingsbou. ‘n Uiteenstetting word gegee van veranderlikes wat saam gegroepeer moet word en waarvan die gemiddelde bereken

moet word, wat aangedui is [ ]. Die veranderlike waar die respons afsonderlik geïnterpreteer moet word is met * aangedui.
Die waarde van die negatiewe stellings word deur onderstreping aangedui, maar moet dan soos volg omgeruil word.

**Die waardes van die skale wat omgeruil moet word:**
1 word 3    2 bly 2    3 word 1.

**Die formule om die gemiddelde respons te bereik, is:**
Gemiddelde respons = som van al die veranderlikes / die aantal veranderlikes.

| | |
|---|---|
| **Gesin van herkoms 1 :** | [ 12; 24; 36; 60; 72; 88; 100] |
| **Gesin van herkoms 2:** | 48* |
| **Seksualiteit:** | [V13; V25; V37; V49; V61; V37; V89; V10] |
| **Selfbeeld:** | [V14; V26; V38; V50; V62; V74; V90; V102] |
| **Kommunikasie:** | [V17; V29; V41; V53; V64; V80; V93; V104] |
| **Konflik:** | [V17; V29; V41; V53; V65; V81; V93; V105] |
| **Potensiële groeiruimte:** | [V18; V30; V42; V54; V66; V82; V94; V106] |
| **Ouerskap 1:** | [V20; V32; V44; V56; V68; V84] |
| **Ouerskap 2:** | V96* |
| **Ouerskap 3:** | V108* |
| **Finansies:** | [V21; V33; V45; V57; V69; V85; V97; V109] |
| **Skoonouers:** | [V22; V34; V46; V58; V70; V86; V98; V110] |
| **Godsdiens 1:** | [V23; V35; V47; V59; V71; V87; V99] |
| **Godsdiens 2:** | V111* |
| **Huweliksmotief:** | V15*; V19*; V27*; V31*; V39*; V43*; V51*; V55*; V63*; V67*; V75*; V83*; V91*; V95*; V103*; V107* |

(Alpaslan, 1994:131-149).

**BYLAAG 2**

**VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK:**
**'N PASTORALE STUDIE**

**Toestemmingsbrief**

Posbus 20087
Noordbrug
2522
September 2008

In Sake: Navorsingsonderhoud

Wie dit mag aangaan,

Ek, Denise Swart, is 'n student aan die Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus. Ek is tans besig met my Meestersgraad in Pastorale studies, onder leiding van Dr Minnie en Prof Lotter. Die doel van my studie behels die bepaling van riglyne rondom die emosionele intimiteit en verhoudingsbou as noodsaaklike komponente vir huweliksvoorbereiding.

As deel van my verhandeling rondom hierdie tema benodig ek inligting van persone wat vanuit 'n Christelike perspektief as terapeut of berader funksioneer. Indien dit vir jou moontlik sou wees om aan my studie deel te neem, sal dit opreg waardeer word. Inligting sal uiters vertroulik en anoniem hanteer word. Die inligting wat versamel word sal die eiendom van die navorser bly en sal nie onverwerk gepubliseer word nie. Opregte dank vir jou tyd en dat jy ingewillig het om die vraelys te voltooi. Nadat jy die vraelys voltooi het sal enige onduidelikhede wat daar mag wees met jou uitgeklaar word. Jy is egter ook welkom om my te skakel.

Die uwe

Denise Swart

Kontak nommers:
084 6000 448
Kantoor: 018 468 7440

**BYLAAG 3**

# VERHOUDINGSBOU AS NOODSAAKLIKE KOMPONENT VAN VOORBEREIDING TOT DIE HUWELIK: ’N PASTORALE STUDIE

**’n Navorsingsvraelys**

## A. Instruksies

Hierdie vraelys sal as riglyn dien vir ’n onderhoud met die oog om informasie in te samel vir navorsingsdoeleindes. Inligting wat verkry word sal met u toestemming verwerk word. Beantwoord asb die volgende vraelys, wat handel oor emosionele intimiteit en verhoudingsbou as pastorale riglyne in huweliksvoorbereiding. Nogmaals dankie vir die tyd wat u afstaan en vir die insette wat u lewer.

## B. Persoonlike inligting

**Ouderdom**

| |
|---|
| **20-30** |
| **30-40** |
| **40-50** |
| **50-60** |
| **60-70** |
| **70 en hoër** |

**Geslag**

| | |
|---|---|
| **M** | **V** |

**Beroep**

| | |
|---|---|
| 1. | **Predikant** |
| 2. | **Maatskaplike werker** |
| 3. | **Pastorale berader** |
| 4. | **Sielkundige** |
| 5. | **Ander, bv landdros** |

**1. Hoe lank beoefen u al hierdie beroep?**

**1-5 JR**

**6-19 JR**

**Kerkverband**

| | |
|---|---|
| 1. | **Nederduits Gereformeerd** |
| 2. | **Gereformeerd** |
| 3. | **Hervormd** |
| 4. | **Charismaties** |
| 5. | **VGK** |
| 6. | **Rooms Katoliek** |
| 7. | **Evangelies Gereformeerd** |
| 8. | **Duet/ Mosaïk** |
| 9. | **Metodiste** |
| 10. | **Ander (spesifiseer)** |

**2 Wat verstaan u van die volgende begrippe?**

1. Emosie................................................
2. Intimiteit.............................................
3. Verhoudingsbou................................

4. Huweliksvoorbereiding......................

**3 Wat wil u met huweliksvoorbereiding bereik?**

**4 Hoe begelei u pare om 'n verantwoordelike pad te stap om by 'n keuse van 'n huweliksmaat uit te kom?**

**5 Wat is die areas/ temas waarop u fokus tydens huweliksvoorbereiding?**

**6 Wat is die formaat wat u huweliksvoorbereiding aanneem: bv seminaar, vraelyste, handboeke, persoonlike gesprekke ens?**

**7 Wat is u ervaring in terme van voornemende huwelikspare se houding ten opsigte van huweliksvoorbereiding?**

**8 Wat is die reaksie wat u ontvang van getroude pare na 'n aantal maande se getroude lewe in terme van die sukses of leemtes in terme van u huweliksvoorbereiding?**

**9 Wat is u behoeftes as huweliksvoorbereider/ huweliksberader in terme van beskikbare materiaal, programme en bronne?**

**10 Hoe verskil die formaat van u huweliksvoorbereiding in terme van pare wat die eerste maal in die huwelik bevestig word en die van pare wat 'n tweede of derde maal in die huwelik bevestig word.**

**11 Hoeveel tyd spandeer u aan die voornemende egpaar met huweliksvoorbereiding**

**12 Enige opmerkings of aanbevelings.**

**BYLAAG 4**

**Verhoudingsbou as noodsaaklike komponent van voorbereiding tot die huwelik: ’n Pastorale studie**

**’n Navorsingsvraelys met terugvoering**

## A. Instruksies

Hierdie vraelys sal as riglyn dien vir ’n onderhoud met die oog om informasie in te samel vir navorsingsdoeleindes. Inligting wat verkry is, is verwerk in die volgende formaat

## B. Persoonlike inligting

**Ouderdom:**

| | |
|---|---|
| 20-30 | 7 |
| 30-40 | 7 |
| 40-50 | 7 |
| 50-60 | 9 |
| 60-70 | 2 |
| 70 en hoër | 1 |

**Geslag:**

| | |
|---|---|
| M 22 | V 11 |

**Beroep:**

| | | |
|---|---|---|
| 6. | Predikant | 23 |
| 7. | Maatskaplike werker | 7 |
| 8. | Pastorale berader | 2 |
| 9. | Sielkundige | 0 |
| 10. | Ander, bv landros | 1 |

**1. Hoe lank beoefen u al hierdie beroep?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ONBEANTWOORD | 17 |
| 2. | 1-5 JR | 4 |
| 3. | 6-10 JR | 3 |
| 4. | 11-15 JR | 3 |
| 5. | 16-20 JR | 2 |
| 6. | 20-25 JR | 1 |
| 7. | 26-30 JR | 2 |
| 8. | 31-35 JR | 0 |
| 9. | 36-40 JR | 1 |

**Kerkverband**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Nederduits Gereformeerd | 20 |
| 2. | Gereformeerd | 2 |
| 3. | Hervormd | 2 |
| 4. | Charismaties | 5 |
| 5. | VGK | 1 |
| 6. | Rooms Katoliek | 2 |
| 7. | Evangelies Gereformeerd | 0 |
| 8. | Duet/ Mosaïk | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9. | Metodiste | 0 |
| 10. | Ander (spesifiseer) | 0 |

**3. Wat verstaan u van die volgende begrippe?**

**<u>Emosie</u>**

| | | |
|---|---|---|
| a. | Gevoelens | 26 |
| b. | Belewing | 1 |
| c. | Harttaal | 1 |
| d. | Innerlike kommunikasie | 1 |
| e. | Sielsdimensie v individu | 1 |
| f. | Innerlike spanning | 1 |
| g. | Geen definisie | 2 |

**Intimiteit**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Liefde | 1 |
| 2. | Seksuele kommunikasie | 4 |
| 3. | Nabyheid | 16 |
| 4. | Kommunikasie | 1 |
| 5. | Blootstelling van individu | 2 |
| 6. | Noue verwantskap | 1 |
| 7. | Persoonlike diepte | 2 |
| 8. | Deel met mekaar | 3 |
| 9. | Noue verbintenis | 1 |
| 10. | Geen definisie | 2 |

**Verhoudingsbou**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Respek | 1 |
| 2. | Interpersoonlike kommunikasie | 3 |
| 3. | Insette en groei | 15 |
| 4. | Vertroue vestig | 2 |
| 5. | Saam te wees en te werk | 5 |
| 6. | Ruimte gee | 1 |
| 7. | Kameraadskap | 1 |
| 8. | Inbou op mekaar se lewe | 2 |
| 9. | Bande versterk | 1 |
| 10. | Geen definisie | 2 |

**Huweliksvoorbereiding**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Goeie fondasie bou | 2 |
| 2. | Fasilitering en toerusting van pare | 8 |
| 3. | Verhoudingsbou van pare met God | 1 |
| 4. | Verduideliking van verantwoordelikhede en vereistes | 4 |
| 5. | Begeleiding van pare | 8 |
| 6. | Deurgee van belangrike inligting | 6 |
| 7. | Persoonlikhede beter leer ken | 2 |
| 8. | Geen definisie | 2 |

**4. Wat wil u met huweliksvoorbereiding bereik?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Breek van onrealistiese verwagtings | 4 |
| 2. | Begelei tot self-insig asook insig van die huweliksmaat | 6 |
| 3. | Aanleer van vaardighede om uitdagings en besluite te hanteer | 7 |
| 4. | Die verduideliking van rolverwagtinge, verantwoordelikhede en veranderings | 6 |
| 5. | Begeleiding tot gereedheid van die huwelik | 1 |
| 6. | Opleiding tot langtermyn verhouding asook sukses | 5 |
| 7. | Wil geen doelwit bereik nie | 1 |
| 8. | Begeleiding tot die Bybelse begrip van die huwelik | 2 |
| 9. | Pastorale begeleiding tot vergifnis | 1 |

**5. Hoe begelei u pare om ’n verantwoordelike pad te stap om by ‘n keuse van ’n huweliksmaat uit te kom?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Tydens gesprek in finale jaar kategese | 1 |
| 2. | Gespreksessies word gevoer rondom ’n aantal temas | 9 |
| 3. | Die huwelikspare het reeds daardie keuse uitgeoefen en die berader het geen bydrae gelewer nie | 8 |

| | | |
|---|---|---|
| 4. | Deur die benutting van vraelyste en beradingsgereedskap | 5 |
| 5. | Begelei die pare om die keuse dmv geloof en gebed te maak | 3 |
| 6. | Begelei die pare tot deeglike selfkennis | 3 |
| 7. | Geen reaksie op die vraag | 4 |

**6. Wat is die areas/ temas waarop u fokus tydens huweliksvoorbereiding?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Konflikhantering | 13 |
| 2. | Kommunikasievaardighede | 23 |
| 3. | Rolverdeling | 6 |
| 4. | Huweliksverwagtinge | 6 |
| 5. | Finansiële bestuur | 9 |
| 6. | Seksualiteit | 13 |
| 7. | Stokperdjies en belangstellings | 3 |
| 8. | Vriende en familie | 8 |
| 9. | Ouerhuis en agtergrond | 6 |
| 10. | Geestelike aspekte | 13 |
| 11. | Vergifnis en genesing | 5 |
| 12. | Persoonlikheidskwessies en identiteit | 15 |
| 13. | Keuses | 1 |

**7. Wat is die formaat wat u huweliksvoorbereiding aanneem: bv seminaar, vraelyste, handboeke, persoonlike gesprekke ens?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Seminaar | 5 |
| 2. | Vraelyste | 14 |
| 3. | Handboeke | 10 |
| 4. | Persoonlike gesprekke | 30 |
| 5. | Elektroniese materiaal | 1 |

**8. Wat is u ervaring in terme van voornemende huwelikspare se houding ten opsigte van huweliksvoorbereiding?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Positief | 15 |
| 2. | Groot behoefte en aanvraag | 2 |
| 3. | Aanvanklik onseker en bang word dan positief | 6 |
| 4. | Negatiewe houding | 5 |
| 5. | Luister na jaar se getroude lewe beter | 2 |
| 6. | Oningelig oor die uitdagings | 4 |

**9. Wat is die reaksie wat u ontvang van getroude pare na ’n aantal maande se getroude lewe in terme van die sukses of leemtes in terme van u huweliksvoorbereiding?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kommunikasie en leemtes is ’n groot krisis | 1 |
| 2. | Opleiding maak ‘n verskil | 5 |

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Ontvang geen of min terugvoer | 7 |
| 4. | Geen reaksie van respondente | 7 |
| 5. | Opvolggesprekke is positief | 7 |
| 6. | Aanpassing van huwelikspare is groot | 6 |

**10. Wat is u behoeftes as huweliksvoorbereider/ huweliksberader in terme van beskikbare materiaal, programme en bronne?**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Kort kursusse | 7 |
| 2. | Goeie boeke | 4 |
| 3. | Geen behoefte | 9 |
| 4. | Materiaal wat pare begelei | 6 |
| 5. | Niks, die Bybel is voldoende | 1 |
| 6. | Vraelyste | 3 |
| 7. | Nuutste publikasies | 1 |
| 8. | Tegnologiese hulpmiddels | 2 |

**11. Hoe verskil die formaat van u huweliksvoorbereiding in terme van pare wat die eerste maal in die huwelik bevestig word en die van pare wat 'n tweede of derde maal in die huwelik bevestig word.**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Volg programme wat fokus op tweede en derde huwelikke | 2 |
| 2. | Baie berading tov van vergifnis en | 5 |

| | | |
|---|---|---|
| | genesing | |
| 3. | Geen verskil hanteer dieselfde temas | 4 |
| 4. | Nie van toepassing nie | 9 |
| 5. | Hanteer die tema van hertroue | 1 |
| 6. | Nuwe konteks, neem die hersaamgestelde gesinne in ag | 6 |
| 7. | Hanteer redes van die egskeiding | 5 |
| 8. | Hanteer minder pastoraat, want die pare is al ouer | 1 |

**12. Hoeveel tyd spandeer u aan die voornemde egpaar met huweliksvoorbereiding**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Geen sessies | 1 |
| 2. | 1-3 sessies | 9 |
| 3. | 4-5 sessies | 12 |
| 4. | 6-7 sessies | 3 |
| 5. | 8-10 sessies | 2 |
| 6. | 6 weke seminaar | 1 |
| 7. | Weet nie | 5 |

**13. Enige opmerkings of aanbevelings**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Huweliksvoorbereiding is noodsaaklik | 7 |
| 2. | Werk met huweliksvoorbereiding programme | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Publiseer die M- graad bevindings | 1 |
| 4. | Egskeidings is te maklik | 1 |
| 5. | Vrouens is meer ontvanklik vir huweliksvoorbereiding | 1 |
| 6. | Geen aanbeveling | 21 |

**BYLAAG 5**

## OOREENKOMS OM PASTORALE BERADING SAAM TE ONTVANG TOT VOORBEREIDING VAN DIE HUWELIK EN BEVORDERING VAN VERHOUDINGSBOU

Ek en my voornemende huweliksmaat verbind ons om die volgende riglyne na te kom tydens berading wat gefokus is op huweliksvoorbereiding.

1. Ons sal begin om saam te bid vir ’n ontvanklike en teer hart asook vir wysheid om my voornemende huweliksmaat te verstaan. Ons beskou ons voornemende huwelik belangriker as indivuduele belange.

2. Ons verbind ons om mekaar volwasse, met respek en gevoel te hanteer deur na mekaar te luister met die gesindheid om my voornemende huweliksmaat te hoor en te verstaan.

3. Ons sal die waarheid praat met respek vir gevoelens en liefde vir my voornemende huweliksmaat.

4. Ons verbind ons om saam deur al die huweliksvoorbereidingstemas te werk en ons samewerking te gee.

5. Ons verbind ons om te alle tye eerlik en opreg met mekaar te wees.

6. Ons verbind ons om mekaar te vergewe indien ons mekaar op een of ander wyse in die verlede seergemaak het, of tenagekom het, asook om nie in die toekoms oor negatiewe gedagtes te tob nie.

7. Ons sal elke pastorale voorbereidingsgesprek met gebed afsluit en die Here dank vir ’n huweliksmaat, asook ons erns oor die verbintenis van die huwelik saam voor God bely.

MAN______________ VROU_____________ DATUM______________

**BIBLIOGRAFIE**

ADAMS, J.E. 1981. Competent to Councel. Phillipsburg, NJ. Presbyterian and Reformed.

ALPASLAN, N. 1994. Hoop en hulp vir die huwelik, ’n Werkboek vir Huweliksvoorbereiding en Huweliksbegeleiding. Pretoria. Kagiso Uitgewers.

ANON. 2003. Psychology Glossera. http://www.alleydog.com. Datum van gebruik: Febr 2008.

BAR-ON, R. 1997. Emotional Quotient Inventory: Technical Manual. Toronto: Multi-Health Systems.

BERNARDO, M.L. 1981. Premarital Counseling and the Couple with disabilities: a review and recommendation. Rehabilitation literature, vol 42, no 7/8, 213-217.

BLIGNAUT, H.C.J. 1990. Huweliksvoorligting en–beraad Gids van die Departement van Maatskaplike werk Universiteit van Suid-Afrika . Die Fisiologies/ Anatomiese en Sielkundige Aspekte van die Huwelik.

BOSMAN, D.B, HIEMSTRA, L.W & vd MERWE, I.W. 1998. Tweetalige Woordeboek, Kaapstad.Tafelberg uitgewers.

BOSMAN, H.L. 1987. Vertellers van die Ou Testament. Tafelberg Uitgewers. Kaapstad.

BRATCHER, R.G, HATTON, H. 2000. A Handbook on Deuteronomy. UBS Handbook Series 393. New York: United Bible Societies. Logos Research System, Inc.

BURGER,C.W & MULLER, B.A & SMIT D.J 1983. Riglyne vir Doopprediking, Woord teen die Lig 5. NG Kerk Uitgewers. Kaapstad.

CHAPMAN, G. 2005. Die Vier Seisoene van die Huwelik. In watter Seisoen is jou Huwelik? Tyndale House Publishers : China.

CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 2006. ’n Reddingsboei vir jou Huwelik. Praktiese beginsels vir ‘n gelukkige liefdeslewe. Kwa Zulu Natal. Interpack Books.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die Wetenskap: Hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee. J. Die Skrif en die Wetenskap. Potchefstroom: PU. vir CHO p.15-30).

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van Berading. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

CRESWELL, J. 1998. Qualitative Inquiry and Reseach Design: Choosing among Five Traditions. Carlifornia : Thousand Oaks.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG F.J. 2005. Preekgeboorte, ’n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

DE VOS, A. 2002. Research at Grass Roots. For the Social Sciences and Human Service Pofessions. 2nd Editon. Pretoria : Van Schaik Publishers.

DE WET, G.G. 2005. Kommunikasiesteurings as Bron van Konflik in die Huwelik: ’n Pastoralestudie. Potchefstroom: PU vir CHO. (ongepubliseerde skripsie-MA).

DIE BYBEL, 2001. NBD. Goodwood, Suid-Afrika : Bybelgenootskap.

DU PREEZ, M.S.E. 1987. Huweliksvoorbereiding en Beraad vir Maatskaplike werk. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

GASKELL,G. 2000. Individual and Group Interviewing. (*In* Bauer, M.W. & Gaskell, G. Qualitative Researching with Text, Image and Sound. London: Sage Publications Ltd. p 38-56).

GOLEMAN,D. & CHERNISS, C., eds. 2001. The Emotional Intelligence Workplace. How to Select for, Measure, and Improve Emotional Intelligence in Individuals, Groups, and Orgnizations. San Fransisco : Jossey-Bass.

GOLEMAN, D. 1998. Working with Emotional Intelligence. London : Bloomsbury Publishing.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. Grand Rapids, MI : Eerdsmans.

HENRY, M. 1996, c1991. Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible: Complete and Unabridged in One Volume (Dt 24:1). Peabody : Hendrickson.

HEYNS, J.A. 1984. Dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1992. Inleiding tot die Dogmatiek. Johannesburg : Perskor-Boekdrukkery.

HEYNS, L.M & PIETERS, H.J.C. 1998. Eerste Treë in Praktiese Teologie. Menlopark. PTA : Gnosis Uitgewers.

JOHANNESEN, R.L. 1990. Ethics in Human Communicatons. Illinios. Waveland Press Inc.

JONKER, C.S. 2002. The Compilation and Evaluation of a Development Programme Aimed at Emotional Intelligence. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Thesis-PhD).

KEIL, C.F & DELITZCS H,F. 2002. Commentary on the Old Testament (1:950-951). Peabody, MA: Hendrickson.

KETTERMAN, G. 2001. Die Huwelik; Eerste Dinge Eerste.: Epping, Wes-Kaap : ABC-Boekdrukkers

KNOUWDS, F. 2000. Liefde met Oorgawe. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

KNOUWDS, F. 2000. Bou 'n Tiptop- Huwelik. 32 Geheime vir Ware Een-wees. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

LANGER, D. 2011. Waar sit ons die punt? www.helpendehand.co.za. [Datum van toegang: 5 November 2011].

LOTTER , G.A. 1987. Counseling Divorcees on Forgiveness. Westminster Theological Seminary (Project-D Min).

LOTTER, G. A. 2001. Kommunikasie in die Huwelik. Die kerkblad (GKSA). April. 11. P17-18.

LOUW, D. 2007. Liefde is vir Altyd. 'n Huweliksgids vir Verloofdes en Getroudes. Paarl. Suid-Afrika : Paarl Print.

LOUW,P.L. & NIDA,E.A.1988. Greek-English Lexicon of the New Testament Based on Semantic Domains. Volume 1 & 2. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

LUYT, W.J. 2002. Die invloed van die berader en kliënt se voorwetenskaplike en wetenskaplike verwysingsraamwerk op die sukses van die narratiewe proses. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ongepubliseerde skripsie-MA).

MACK, W.A. 1991. Your family God's way. Developing Sustaining Relationships in the Home. New Jersey : P & R Publishing.

MASHAU, T.D. 2006. Unlocking the Mystery of Marriage. Issues in Premarital Counselling. Pretoria : V &R Printing works.

MAXWELL, J.C. 2010. Die Kuns van Ware Kommunikasie. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

MINNIE,F.G. 2003. Bybelse Berading aan die Persoon geaffekteer deur MIV/VIGS. Potchefstroom : PU vir CHO (ProefSkrif-PhD).

MÜLLER, J. 2000. Reis-geselskap. Die Kuns van Verhalende Pastorale Gesprekvoering. Wellington : Lux Verbi. BM.

MUNROE, M. 1992. Singel, Married, Seperated and Life after Dicorve.USA Shippensburg : Destiny image Publishers.

NAUDé, L. 2011. Wat laat die Liefde werk? Antwoorde uit 'n Berader se Dagboek. Kaapstad : Lux Verbi.

NEETHLING, K. & RUTHERFORD, R. 1999. Oopkop Ouers. Vanderbiljpark : Carpe Diem.

NEETHLING, K., RUTHERFORD, R. & STANDER, H. 2000. Dink soos Jesus. Vanderbiljpark: Carpe Diem Books.

NEUMAN, W.L. 1997. Social Research Methods. London : Allyn and Bacon.

ODENDAAL, F.F. 2009. Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand, Johannesburg : Perskor.

OSMER, R.R. 2008. Practical Theology. An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

PARROT, L. & PARROT L. 1995. Saving your Marriage before it starts. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

PIETERSE, H.J.C. 1977. Huwelikspastoraat. Pretoria : NG Kerkboekhandel..

RETIEF, F. 2005. Antwoorde van Hoop as jy in die Skadu van Egskeiding staan. New Holland. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

RAINEY, D. 1997. Preparing for Marriage. The Complete Guide to help you Dicover God's Plan for a Lifetime of Love. Carlifornia : Gospel Light.

ROBERTS, J.H. 1990. Die brief aan Efesiërs. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

SALOVEY, P., MAYER, J.D & CARUSO,D. 2002. The Positive Psychology of Emotional Intelligence. (*In* SNYDER, C.R. & LOPEZ, S.J., eds. The Handbook of Positive Psychology.) New York: Oxford University press.

SCHOEMAN, O. 2005. Failure: A Pastoral Study. Potchefstroom: North-West University. (Thesis-PhD.).

SILVERMAN, D. 2001. Interpreting Qualitative Data. Second Edition. London: SAGE Publications.

VAN JAARSVELD, P. 2003. Die Hart van 'n Wenner. Ontwikkel jou Emosionele Intellegensie. Wellington: Lux Verbi BM.

VAN RENSBURG, E. & SIMPSON, N. 2003. Die Kuns van Familiewees. ‘n Praktiese Gids vir Ouers en Kinders om nader aan God en Mekaar te Groei. Paarl : Christelike Uitgewersmaatskappy.

VAN RENSBURG, F. & VOSLOO, W. J. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy..

VAN ROOYEN, I.J.J. 1990. Huweliksvoorligting en –Beraad. Gids van die Departement van Maatskaplike werk. Sosiologiese Aspekte van die Gesinslewe. Pretoria : Unisa.

VENTER, C. 1996. Uitkringende Liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die Kerk. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

WEITEN, W. 2010. Psychology. Themes and Variations. Wadsworth : Cengage Learning.

WORTHINGTON, E.L. Hoped-Focused Marriage Counseling. 1999. USA Downers Grove : Intervarsity press.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie Heute. München: Kaiser/Gündewald. p. 164-177).